

H O O F S T U K VII.

=====

ONDERWYS ONDER DR. MANSVELT, (1891 - 1899).

A. Verbeterde subsidiestelsel met verpligte ouerbydraes, 1891 - 1895.

1. Vóór die Mansveltonderwyswet van 1892.

a. Die aanstelling van dr. Mansvelt.

Tussen die Volksraadsittings van 1890 en 1891 het die regering pogings aangewend om 'n plaasvervanger vir Stiemens te kry. Op 9 Februarie 1891 het die Staatsekretaris aan professor Nicolaas Mansvelt, wat destyds dosent in moderne tale aan die Victoriakollege te Stellenbosch was, geskrywe en hom die pos van Superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek namens die regering aangebied¹), waarop hy belowe het om daaroor na te dink²). In 'n latere brief het hy sekere voorwaardes gestel, wat deur die regering aangeneem is, dog die salaris aan die pos verbonde sowel as die afwesigheid van 'n pensioen, het hom genoodsaak om die pos op 27 Maart 1891 van die hand te wys³).

Daarop is met dr. Barend Haarhoff⁴) onderhandel, dog nadat meer informasie aangaande hom ingewin is, is besluit om hom nie aan te stel nie⁵). Die regering het weer met dr. Mansvelt onderhandel⁶), en op 13 en 14 Julie is die onderhandeling aan die Volksraad voorgelê en is besluit om hom aan te stel⁷), waarop Mansvelt besluit het om die pos te aanvaar van die begin van Oktober 1891⁸).

-
1. R.9474/98; Kyk ook L.A.251: Dr. W.J.Leyds - Jhr. B. van Blokland, Pretoria, 3 April 1891.
 2. R.2220/91 van 18 Februarie 1891, by R.9474/98.
 3. R.2914/91, by R.9474/98.
 4. Bv. R.4826/91, 26 April 1891; R.5939/91, 12 Mei 1891; R.5704/91: Telegram, 14 Mei 1891, by R.9474/98.
 5. R.6333/91: Staatsekretaris - Dr. B.J.Haarhoff, Pretoria, 28 Mei 1891, by R.9474/98.
 6. R.5761/91: Telegram, by R.9474/98.
R.6076/91: Prof. N. Mansvelt - Staatsekretaris, Stellenbosch, 16 Mei 1891, by R. 9474/98.
R. 6076/91: L.A. 251: Dr. W. J. Leyds - Jhr. B. van Blokland, Pretoria, 5 Julie 1891. R. 9270/91, by R.9474/89.
 7. V.R.N., 13 Julie 1891, art.887; V.R.N., 14 Julie 1891, art.889.
 8. R. 11361/91 :Prof.N.Mansvelt - Staatsekr., Stellenbosch, 10 Sept. 1891. Dit is interessant om na te gaan wat Mansvelt se salaris was. Waar prof.Mansvelt aanvanklik ontevrede was met die aangebode salaris van £850 per jaar, het dr. Leyds hom telegrafies £900 per jaar aangebied. Mansvelt wou egter £1200 per jaar hê en toe die Volkraad besluit het om hom daardie salaris te betaal, was die saak beklank.

b. Mansvelt aan die werk.

(1) Mansvelt se taak.

Dr. Mansvelt het in Oktober 1891 in Pretoria aangekom om sy werksaamhede as Superintendent van Onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek te aanvaar. Met groot en kragtige inspanning het hy hom dadelik aan sy nuwe taak gegee en voortgebou op die algemene beginsels neergelê deur ds. S.J. du Toit. Sy besondere taak sou wees om die onderwys op 'n stelselmatige wyse te organiseer, te administreer, te kontroleer en te finansier. Hy sou die Departement van Openbare Onderwys opbou tot 'n goed werkende deel van die Raad se algemene administrasie en daarby vir die onderwysadministrasie die vertroue en steun van die owerheid en volk verwerf¹).

(2) Sy binnelandse reis.

Dr. Mansvelt se eerste taak na sy diensaanvaarding was om hom van die werksaamhede van sy Onderwysdepartement en met die toestand van onderwys in die algemeen op die hoogte te stel. Daarop het hy 'n reis deur die Zuid-Afrikaansche Republiek onderneem om soveel moontlik indrukke in verband met die onderwys en aanverwante aangeleenthede te versamel, deur onder andere skole te besoek en deur middel van gesprekke met 'n verskeidenheid van inwoners van die land vas te stel wat hulle behoeftes, begeertes, kritiek, aanbevelings ens. was²). Kortliks kom sy bevindings, wat vir die doel van dié studie belangrik is, op die volgende neer :

- (a) Die ouers se geringe bydrae tot die onderwys van hulle kinders teenoor die groot som van die staat ;
- (b) die armoede van baie ouers, wat hulle verhinder het om skoolgeld te betaal ;
- (c) die onwilligheid van vermoënde ouers om skoolgeld te betaal;
- (d) swak skoolgeboue ;
- (e) gebrekkige leermiddele (veral boeke) en meubels ;
- (f) onbekwaamheid van baie onderwysers ;
- (g) tekort aan inspekteurs van onderwys³).

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 58.

2. Z.A.R. 187:Z.A.Republiek:Onderwysverslag oor die jaar 1891,5.

3. Onderwysverslag oor die jaar 1891.

(3) Deegliker kontrole¹).

Ten einde die onderwysbeheer te verskerp is die here J. K. M. te Boekhorst en F. P. Crots van die begin van 1892 af as inspekteurs aangestel²), sodat daar toe vier inspekteurs was en die Zuid-Afrikaanse^{ch} Republiek vir die doel in vier inspeksiekringe verdeel is. Ook is strenger instruksies aan inspekteurs gegee, veral ten opsigte van onbekwame onderwysers en die strenge nakoming van die onderwyswet.

Hy het streng opgetree teen die ontduikers van die wet op die gebruik van Nederlands in die skole met die oog op die verkryging van subsidies. Verskeie skole wat staatsondersteuning geniet het, is na inspeksie in kennis gestel dat hulle nie langer subsidie sou ontvang nie, soos byvoorbeeld die Oxford House School, Marist Brother School³) en die Convent School op Johannesburg⁴).

In laasgenoemde skool het 24 gratis leerlinge eers vir gewone subsidie in aanmerking gekom en is dan weer as gratis leerlinge op die subsidiestate aangegee. Sodoende het hierdie skoolbestuur die regering van ongeveer £20 beroof nadat die spesiale landdros Von Brandis die state in goedertrou as korrek gesertifiseer het. Daarby kom nog dat die skool glad nie eens op staatsteun geregtig was nie weens die oortreding van die taalklousule van die wet⁵).

In die skool van eerwaarde John T. Darragh het inspekteur De Jonge kleurlinge gevind, en tog het die skool subsidie ontvang, terwyl inspekteur Crots in 1892 gevind het dat die skool se leerlinge almal kleurlinge was, waarop die uitbetaling van verdere subsidie geweier is⁶).

-
1. Kyk ook Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 72 - 75.
 2. Toe dr. Mansvelt hierdie twee manne vir aanstelling voorgedra het, het hy die regering se aandag daarop gevestig dat 'n inspekteur syns insiens oor teoretiese kennis en praktiese ondervinding moet beskik, dat hy met die toestande en behoeftes van die land bekend moet wees en ook liggaamlik sterk moet wees ten einde die afmattende reise oor die lang afstande te kan verduur. Kyk hoervoor: R. 5026/91: Supt. v. Onderwys - Staatsekr., Pretoria, 10 November 1891. Ook Ploeger : Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 72.
 3. R. 3061/92 : Daarin brief Supt. van Onderwys van 18 Maart 1892. Ook : Inspeksieverslag 1ste kwartaal 1892, 46 - 47.
 4. O.D. 223 : Sekr. Dept. van Onderwys - J. de Lacy, Pretoria, 7 Maart 1892. Vir weiering van subsidie aan die regering voorgedra op 12 Feb. 1892.
 5. R. 5181/92 : Supt. van Onderwys - Staatsekr., 12 Mei 1892.
 6. O.D. 223 : Sekr. Dept. v. Ond. - Eerw. J. T. Darragh, Pretoria, 23 Feb. 1892.

Verdere inspeksies het ook die nie-nakoming van die voertaalklausule van die wet en dus die onwettige verkryging van staatssteun van skole blootgelê, soos byvoorbeeld die Arcadia¹⁾, Excelsior²⁾ en Weslyaanse skool³⁾ van Pretoria.

Die inspeksie van die Excelsiorkool in Pretoria onder die hoofskap van mej. A. E. Pöttger het aan die lig gebring dat 'n paar kinders wat vir subsidiedoeleindes as standaard 4 leerlinge aangegee is, nog nie bekwaam was vir onderwys in daardie standaard nie. Vir dié leerlinge het sy onregverdiglik £32 aan subsidie ontvang⁴⁾.

Ten einde die ouers en landsburgers op hoogte van sake te hou op onderwysgebied het die Uitvoerende Raad op 11 Februarie 1892 besluit om elke kwartaal die inspeksieverslae te publiseer.

Dr. Mansvelt het ook die vervalsing van subsidiestatê uit die staanspoor kragdadiglik beveg. Om hierdie tipe van bedrog te beveg het die Superintendent die inspekteurs gelas om tydens inspeksies die name van die leerlinge van 'n skool hardop van die registers af te lees in 'n poging om te probeer vasstel watter leerlinge werklik op skool is en wie se name slegs as „name” vir subsidiedoeleindes op die register geplaas word⁵⁾.

Ten einde die ongewenste verbrokkeling van kragte te verhoed het die Superintendent van Onderwys op 5 Januarie 1892 'n skrywe aan die Staatsekretaris gerig waarin hy wys op die gevaar van die stigting van te veel nuwe skole op dorpe⁶⁾.

Aangesien in hierdie hoofstuk verwys sal word na onderwysstatistieke uit die jaar 1891, is dit nodig om die aandag daarop te vestig dat , alhoewel dr. Mansvelt die onderwysjaarverslag vir 1891 onderteken het, hy nie verantwoordelik was vir die statistiese gegewens daarin nie , aangesien dit grotendeels alreeds deur sy voorganger

1. Inspeksieverslag 1892, 1ste kwartaal, 4 - 5.

2. Ibid., 7 - 9, 11 - 12. Ook : Diefstal door onderwijzers in Land en Volk, 8 Maart 1892.

3. Inspeksieverslag 1892, 1ste kwartaal, 11 - 12.

4. Ibid., 8 - 9.

5. O.D.223: Sekr. Dept. van Onderwys - J.K.M.te Boekhorst e.a. inspekteurs, 24 Februarie 1892.

6. Die Onderwyswet van 1892, kort daarna , sou hieroër handel. Kyk art. 10 daarvan.

opgestel was.

Dit was dr. Mansvelt se doel om al sy kragte aan die onderwys en opvoeding van die jeug van die Zuid-Afrikaansche Republiek te gee. „Ik beschouw de zaak der opvoeding voor de toekomstige burgers dezes lands van zulk onberekenbaar gewicht, dat er nauwelijks te veel voor gedaan kan worden. . . . Geen geld kan dus m. i. voor den Staat beter belegd worden, dan wat aan de opvoeding der jeugd wordt besteed¹⁾. Hierdie strewe word weerspieël in die voorlopige begroting vir onderwys wat dr. Mansvelt in Februarie 1892 by die regering ingedien het. Teenoor £60,000 in 1891, waarvan £10,000 vir 'n universiteit in Pretoria begroot is, het hy voorgestel dat £64,000 op die begroting vir 1892 geplaas moes word om aangewend te word vir die organisasie, administrasie, opbou en uitbreiding van die onderwys²⁾.

c. Behoefte aan hervorming van die Onderwyswet.

Met al die goeie wat in die Wet van 1882 vir die openbare onderwys gebring is, was daar tog nog baie plek vir verbetering. Daar het dan ook reeds etlike jare stemme opgegaan vir die hervorming en herformulering van die Du Toit-wet, waardeur die ewels wat uit die Wet van 1882 voortgekom het, verwyder kon word.

Op 20 Mei 1889 het raadslid S.W.Burger daarop aangedring om sodanige wysigings aan die Du Toit-wet aan te bring „als noodzakelijk zullen blijken voor de bevordering van het onderwijs³⁾. Daarna is dieselfde gedagte dikwels deur lede van die Volksraad beklemtoon tydens besprekings van die land se onderwys, totdat die Staatsekretaris op 22 Junie 1891 aan Stiemens opgedra het om in oorleg met W.Louis sekere wysigings in die bestaande onderwyswet aan te bring. Stiemens het die opdrag blykbaar aan sy sekretaris, G.A.Odé, opgedra⁴⁾, terwyl Louis sy aandag by die hoër onderwys bepaal het. Op 'n eksemplaar van die Du Toit-wet het hulle sekere veranderings aangebring, en op 3 Junie 1891⁵⁾ was dit gereed vir bespreking deur die Volksraad, maar die

1. Onderwysverslag oor die jaar 1891, 6.

2. O.R. 129/92.

3. V.R.N., 20 Mei 1889, art. 187.

4. Al die veranderings is in Odé se handskrif.

5. Hoewel sowel hierdie wysigings van die Du Toit-wet as ander stukke wat op die onderwys betrekking het, aan Mansvelt beskikbaar gestel is, het hy niks daarvan oorgeneem nie. In die Volksraad het hy verklaar hy het aan die Du Toit-wet gehou (V.R.N., 25.5.1892, art. 266) het.

liggaam het besluit om met die bespreking van die konsep te wag tot-
dat die nuwe Superintendent (dr.Mansvelt) teenwoordig kon wees. Al
die stukke is daarop aan Mansvelt gestuur met die opdrag om 'n kon-
seponderwyswet op te stel¹⁾.

Op 25 Januarie 1892 het hy 'n uitgebreider wetsontwerp²⁾ in-
gestuur, wat kort daarna in die Staatskoerant³⁾ gepubliseer is. Na
die publikasie daarvan het die publiek die volle geleentheid gehad
om die konsep te bestudeer, te kritiseer en memories daaroor in te
stuur tot 5 Mei 1892, die dag waarop die Volksraad dit sou bespreek.

Op 5 Mei het die Volksraad besluit om 'n kommissie te benoem
om die konseponderwyswet en die ontvangte memories daaroor sorgvuldig
deur te gaan, wysigings aan te bring waar nodig en dit dan aan die
Raad voor te lê⁴⁾. Nadat die kommissie sy opdrag uitgevoer het, is
die gewysigde konsepwet, saam met die kommissie se rapport daaroor,
in die Volksraad voorgelees en het die bespreking daarvan op 24 Mei
1892 in die Volksraad begin⁵⁾. Na deeglike bespreking⁶⁾ is die wets-
ontwerp goedgekeur as Wet no. 8 van 1892⁷⁾.

2. Wet no. 8 van 1892⁸⁾.

Die Mansveltwet het uit 77 artikels bestaan, wat onder drie
hoofde ingedeel was, naamlik:

- a. Algemene bepalinge,
- b. Besondere bepalinge vir laer en middelbare onderwys en
- c. Besondere bepalinge vir hoër onderwys.

Dit word gevolg deur 'n bylae van 4 artikels, wat handel
oor honoraria vir verdienstelike onderwysers.

-
1. Aantekening by R. 5770/91.
 2. Reeds op 16 Desember 1891 het dr.Mansvelt by die feesviering op
Paardekraal sy gedagtes oor onderwys meegedeel.Kyk hieroor De
Volksstem, 7 Januarie 1892, punt 7 van die amptelike program:Supe-
rintendent van Onderwijs. . .
 3. Staatskoerant, 3 Februarie 1892.
 4. V.R.N., 25 Mei 1892.Die lede van die kommissie was:J.P.Meyer(voors)
L.J.Meyer,L.de Jager, J.du P.de Beer,J.M.Malan en W.J.Geerling
(sekr.)Die Staatspresident het elke sitting bygewoon,en die Supe-
rintendent was ook aanwesig om te verduidelik en as raadgewer op
te tree.Die eerste vergadering is op 9 Mei 1892 ten huise van die
Staatspresident gehou.
 5. V.R.N.,24 Mei 1892, art. 251.
 6. Sowel hierdie besprekings in die Volksraad as dié v.d.kommissie is
van groot belang ,en sal telkens na verwys word.
 7. V.R.N., 2 Junie 1892, art. 362.
 8. Verder die Mansveltwet genoem.Ook volledig in Ploeger:Onderwys en
onderwysbeleid in die S.A.R.,Bylae 11.

a. Algemene bepalinge.

Sommige klousules van die „Algemene bepalinge” stem ooreen met die van die Onderwyswet van 1882. Dit het begin met dieselfde beginselverklaring as die Du Toit-wet¹⁾. Die regering gaan uit van die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die opvoeding en onderwys van die kinders, maar hy beperk sy bemoeiinge met die skoolwese tot die aanmoediging van partikuliere inisiatief onder die burgers deur geldelike bydraes ter ondersteuning van skole²⁾, die toesig oor skole³⁾ en die stigting van 'n inrigting vir hoër onderwys⁴⁾.

Die regering se geldelike steun aan die onderwys was 'n toelaag wat driemaandeliks betaal sou word. Hierdie toelaag sou soos volg bereken word:

- (1) volgens die standaard van die onderwys in die verskillende skole,
- (2) volgens die totale bedrag skoolgelde en vrywillige bydraes tot stywing van die skoolfonds⁵⁾.

Waar die Du Toit-wet gewag maak van 'n jaarlikse subsidie (wat egter kwartaalliks betaalbaar was)⁶⁾, het die Mansvelt-wet bepaal dat die toelae driemaandeliks betaal sou word. Artikel 3 is verder van belang daar die regering nou, in teenstelling met die Du Toit-wet, die wens uitspreek om deur middel van subsidies die onderwys toeganklik te maak „voor alle burgers en andere blanke inwoners der Z. A. Republiek”⁷⁾.

Die onderwys is verdeel in laer, middelbaar en hoër⁸⁾, en wat die sentrale beheer van die onderwys betref, het artikel 6 van die wet bepaal dat die Superintendent van Onderwys bygestaan sou word deur 'n sekretaris en soveel klerke as wat deur die werksaamhede vereis word. Dit het in 'n diepgevoelde behoefte voorsien, aangesien die „Departement van Onderwys” so groot geword het dat addisionele hulp

1. Vgl. Wet no. 1 van 1882, art. 1 a.

2. Wet no. 8 van 1892, art. 1 a.

3. Ibid., 1 b.

4. Ibid., 1 c.

5. Ibid., art. 3.

6. Wet no. 1 van 1882, art. 6.

7. Ek onderstreep.

8. Wet no. 8 van 1892, art. 4.

vir die Superintendent en sy sekretaris onontbeerlik was as die onderwys nie moes ly nie.

'n Verdere groot verbetering wat deur artikel 7 van die wet meegebring is en wat onder andere sou help om beter beheer uit te oefen oor onderwys in die algemeen en die toepassing en stipte uitvoering van die finansiële regulasies in die besonder, was die aanstelling van inspekteurs van onderwys, wat voortaan elkeen 'n eie kring vir sy verantwoordelikheid sou hê om twee maal per jaar al die skole daarin te besoek en daaroor aan die Superintendent te rapporteer¹).

b. Besondere bepalinge betreffende laer en middelbare onderwys.

(1) Oprigting van skole en skoolbesture.

Die regering sou die bevoegdheid hê om op versoek van skoolkommissies op dorpe die nodige grond vir die oprigting van skole af te staan, terwyl aan wykskole 'n toelae van 10/- per maand gegee word vir die huur van skoollokale²).

Omdat daar op verskeie plekke meer as een skool was en sommige skole gevolglik baie klein was en die onderwys derhalwe daaronder gely het, het artikel 10 van die wet bepaal dat waar daar in 'n dorp reeds een of meer skole bestaan het wat voldoende was om in die plaaslike behoeftes te voorsien, aan geen ander skole subsidie toegeken sou word nie. Ten einde die oprigting van sulke onnodige skole te voorkom het Mansvelt aanbeveel dat die landdros of veldkornet en die inspekteur van onderwys die plek vir die oprigting van 'n skool moes aanwys³).

Alleen skole wat onder toesig van 'n skoolkommissie gestaan het, sou op subsidie geregtig wees. Sulke skoolkommissies het bestaan uit minstens drie lede vir wykskole en minstens vyf lede vir dorpskole, gekies deur alle vaders van huisgesinne wat binne redelike afstand van die skool woon asook deur alle mans wat 'n bydrae vir die skoolfonds gee⁴). Die stemreg is dus beperk tot diegene wat werklik belang by die skool het.

1. Wet no. 8 van 1892, art. 7.

2. Ibid., art. 9.

3. Onderwysverslag oor die jaar 1893, 13.

4. Wet no. 8 van 1892, art. 11.

Wanneer 'n skoolkommissie 'n skool wil oprig, moet hy eers- tens die Superintendent van sy voorneme verwittig, waarop hy dan 'n vorm vir die aansoek om subsidie voltooi en aan die Superintendent terugstuur¹). Die kommissie moet sorg vir 'n behoorlike skoolgebou met meubels en verdere toebehore²) en stel ook onderwysers, met die goed- keuring van die Superintendent, aan.

(2) Insake subsidies aan skole.

Indien 'n skool voldoen aan die vereistes van die wet en ook ten opsigte van tug en orde, doelmatigheid van die skoollokale, meubels ens. bevredig, dan ken die regering 'n driemaandelikse sub- sidie aan die skool toe, bereken volgens die totale bedrag aan skool- gelde wat gedurende die kwartaal ontvang is, plus vrywillige bydraes tot die skoolfonds op die basis van £5 van die regering vir elke £2 van die kommissie (dit is skoolgelde plus vrywillige bydraes), met 'n maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir mid- delbare onderwys³). Die toelae sal alleen betaal word as die Superin- tendent tevrede is met die reëlings van die skoolkommissie ten opsigte van die onderwyser, skoolgeboue, skoolmeubels en die nakoming van die bepalings van die Onderwyswet. Alle kwartaalstate moet deur die hoof van die skool en twee kommissielede onderteken word. Alle gelde deur die kommissies ontvang (dit is skoolgelde, vrywillige bydraes en regeringssubsidies), moet aan die onderwys bestee word, dit wil sê aan salarisse van onderwysers, onderhoud, uitbreiding of verbetering van die skoolgebou, meubels, skryfbehoeftes ens. Aan die einde van elke kwartaal moet daar op die voorgeskrewe kwartaalstaat aan die Superin- tendent verslag gedoen word van alle gelde. Na die verstryking van elke kwartaal, op ontvangs van die skoolstate, afwesigheidslyste en inspekteursverslae, word die subsidie betaal. Verder bly die skool- kommissie verantwoordelik vir die terugbetaling van foutief toege- kende toelaes van regeringskant of dit nou al die gevolg is van valse of foutiewe opgawes wat deur die kommissie verstrekkend is al dan nie⁴).

1. Wet no. 8 van 1892, art. 12.

2. Ibid., art. 14.

3. Ibid., art. 17.

4. Ibid., art. 19 - 23.

Hierdeur het Mansvelt die wanpraktyke van vroeër probeer beheer.

Artikel 18 het bepaal dat die regering voortaan geen buitengewone toelae vir gratis leerlinge sou betaal nie dog laat dit aan die skoolkommissies oor om met die verhoogde staatsubsidies skoolgelde volgens plaaslike omstandighede te reël.

Die subsidiereëling, soos dit in die konsepwet van Mansvelt voorgekom het, was 'n baie netelige probleem, want daarvolgens is onderskeid gemaak tussen die bedrag subsidie wat aan wykskole en dorpskole gemaak is¹). Die aantal leerlinge sou vir wykskole die beslissende faktor wees vir subsidiedoeleindes. Waar die ouer 'n minimum van 7/6 perkwartaal moes betaal per leerling wat laer onderwys ontvang, sou die regering £1.2.6 subsidie betaal; waar die onderwyser gekwalifiseerd was, sou die toelaag tot £1.5.- verhoog word. Vir middelbare onderwys sou die bedrae respektiewelik 10/6, £1.12.6 en £1.15.- wees. Die rede waarom die Superintendent die subsidie vir wykskole hoër gestel het as vir dorpskole, was dat die plattelandse bevolking yl was en dit vir 'n skoolkommissie moeilik sou wees om van skoolgelde alleen 'n redelike salaris aan 'n onderwyser te betaal. In die geval van dorpskole sou die gesamentlike inkomste van skoolgelde en vrywillige bydraes as 'n basis vir subsidietoekenning geneem word. Vir elke £2-bydrae van die skoolkommissie sou die regering 'n toelae van £5 maak, dog die subsidie sou hoogstens £1.2.6 per leerling vir laer onderwys en £1.12.6 per leerling vir middelbare onderwys per kwartaal bedra.

Kinders onder 6 jaar kon nie vir subsidie in aanmerking kom nie. In dien hulle egter aan 'n gekwalifiseerde kleuterskool²) onderwys ontvang het, sou 10/- subsidie per kind per kwartaal betaal word. Hierdie artikel het dus probeer voorkom dat jong kinders, wat nog nie die volle voordeel uit onderwys kon trek nie, skool toe gestuur sou word net vir subsidiedoeleindes. Die konsepartikel oor kleuterskole het verval, omdat die kommissie gereken het dat die Volksraad dit sou afkeur aangesien die dorpsbevolking daardeur bo die

1. In artikels 17 c en d van die konsep. Al die dokumente en konsepte by R.5770/91.

2. Artikel 21 van die konsepwet.

plattelandse bevolking bevoordeel sou word¹).

Die Superintendent het gekla dat baie ouers in die verlede te veel van die regering verwag het en self min of niks bygedra het vir die onderwys en opvoeding van hulle kinders nie. Die nuwe reëling sou hulle aanspoor en verplig om hulle deel by te dra.

As gevolg van baie besware wat van baie kante teen hierdie konsepsubsidiereëling ontvang is, het hy besluit om dit deur 'n eendersluidende bepaling vir dorps- en wykskole te vervang, en so is artikel 17 van die Mansveltwet ingevoeg.

In die konsepwet was daar ook 'n artikel (nr. 24) waarin bepaal is dat leerlinge wat minder as 18 volle dae per maand of 55 volle dae van 'n kwartaal teenwoordig was, nie vir subsidie in aanmerking sou kom nie. Hy het dit dus nog moeiliker gemaak as onder die Du Toit-wet, waarin die minimum volle dae op 50 gestel is²). Dit was egter baie onbillik teenoor die onderwyser wat sy werk goed doen dat sy salaris beïnvloed moes word deur sy leerlinge se afwesigheid. Op hierdie gronde is die konsepartikel nie aanvaar nie maar vervang deur die bepaling dat betaling van subsidie na verhouding tot die ouerlike bydrae sou geskied. Dit sou ouers, skoolkommissie en onderwyser aanmoedig om getroue skoolbesoek onder die kinders te propageer en te bevorder.

Artikels 18 en 19 van die konsepwet het bepaal dat daar elke kwartaal £ 1.10. per behoeftige leerling wat laer onderwys ontvang, en £2.10.- per behoeftige leerling wat middelbare onderwys ontvang, betaal sou word. Toe hierdie artikels deur die kommissie bespreek is, was al die lede eenparig ten gunste van 'n verandering om "de verderfelijke toestanden door het gratis onderwijs in het leven geroepen"³), uit die weg te ruim. Om verby dié kwessie te kom is besluit om die subsidies vir alle leerlinge te verhoog, sodat skoolkommissies daardeur geld sou verkry om 'n laer skoolgeld vir onbemiddeldes in te voer. Die verandering is in die Mansveltwet opgeneem⁴).

1. Art. 21 en Memorie van toeligtig by dieselfde artikel.

2. Wet no. 1 van 1882, art.10.

3. R. 5770/91.

4. Wet no. 8 van 1892, artt. 17 en 18.

Die subsidievraagstuk het ook in die Volksraad 'n lang bespreking uitgelok, en eindelik is dit met 12 teen 11 stemme aangeneem¹).

Met die subsidiereëling van Wet no. 8 van 1892 het dr. Mansvelt dus afgewyk van die Du Toit-wet ten einde sekere euwels en wanpraktyke uit die weg te ruim. Ook wou hy die ouers hulle verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders laat leer besef deur hulle te verplig om geldelik daarvoor by te dra. Vroeër was die subsidie per kind betaal en het die bedrag aan subsidiegeld dus afgehang van die aantal kinders in die skool²), dog toe het daar gevalle voorgekom waar geen skoolgeld gehef is nie en alle uitgawes aan die onderwys in sommige skole deur die staat betaal is, dus staatsonderwys. Dr. Mansvelt het egter met sy subsidiereëlings gesorg dat ouers voortaan verplig sou wees om skoolgelde te betaal ten einde die subsidie te mag ontvang en dit te verhoog. Hoe hoër die ouers se bydrae aan skoolgelde en vrywillige bydraes, hoe groter was die subsidie van die regering, binne sekere vasgestelde perke. Baie van die Volksraadslede het reeds herhaalde kere onder die Du Toit-wet gekla oor die groot aantal ouers wat geen geldelike bydrae gemaak het vir die onderwys van hulle kinders nie³).

Onder die Du Toit-wet, waar die subsidie bereken is volgens die aantal leerlinge in die klas, het dit gelei tot oorvol klaskamers en die toelating van te jong kinders tot die skool. Albei hierdie gevare is deur die Mansveltwet uitgeskakel.

Daar is egter ook 'n nadeel aan sy stelsel verbonde. Waar daar op die Transvaalse platteland dikwels arm gesinne gewoon het en derhalwe min skoolgeld bymekaar gebring kon word, sou daardie kinders van die voorreg van onderwys uitgesluit wees.

(3) Insake onderwys.

Die onderwysmedium is die Hollandse taal, behalwe by die onderwys van vreemde tale, waarvoor alleen in standard 3 drie uit die 25 skoolure per week en 4 uur per week by die middelbare onderwys ge-

1. V.R.N., Mei 1892, art. 263; Wet no. 8 van 1892, artt. 3b, 17 en 18,
2. Wet no. 1 van 1882, art. 6.
3. Kyk tabel VIII bl. 99; tabel XII bl. 108; tabel XIV bl. 115 hierbo.

bruik mag word. Behalwe in die geval van vreemde tale moet al die leer- en leesboeke in Hollands geskryf wees. Die onderwysers en kommissies is verder vry in die keuse van skoolboeke, maar met die oog op een- vormigheid beveel die Superintendent van tyd tot tyd 'n lys van boeke aan en stel dit beskikbaar aan skole teen 'n vasgestelde prys¹).

Waar die Du Toit-wet slegs bepaal het dat „het onderwys zal gegee word in de Nederduitsche taal“²), het die wetgewing hier afgewyk, miskien juis omdat hierdie artikel van die Du Toit-wet so dikwels oortree is en dit blykbaar baie oogluikend toegelaat is tot- dat dr. Mansvelt Superintendent geword het. Baie Engelsmediumskole wat voor die koms van dr. Mansvelt voordeel getrek het uit die lakse toepassing van die taalklausule³) onder die Du Toit-wet, het onder die strenge toepassing daarvan onder die nuwe Superintendent hulle sub- sidies verloor. Die Volksraad het dikwels skerp uitlatinge gemaak teen die vorige Superintendent se laksheid in dié opsig⁴) en Mansvelt sou geen ontduiking van die wet vir die verkryging van subsidies duld nie⁵). Die onmiddellike gevolg was dat sowel die aantal skole as die aantal leerlinge in die skole in die eerste jare van sy Superintendentskap skerp gedaal het⁶).

Die Engelssprekendes veral het dadelik veronreg gevoel en onmiddellik begin agiteer om beter voorsiening in die onderwysbehoef- tes sowel van hulle kinders as van alle nie-Hollandsprekendes. Verskeie geldelike en ander tegemoetkomings aan hierdie groep sou egter kort daarna deur die Volksraad gemaak word.

(4) Insake onderwysers en kwekelingonderwysers.

Vir elke dertig leerlinge moes daar 'n bevoegde onderwyser wees, as die getal leerlinge 45 beloop, mag 'n kwekeling aangestel word, en sodra daar 60 leerlinge was, kon twee kwekelinge of een hulp- onderwyser aangestel word⁷). Hoofde sou voortaan vergoed word vir die

1. Wet no. 8 van 1892, artt. 24 - 28.

2. Wet no. 8 van 1882, art. 7.

3. Ibid.

4. Kyk bl. 110 hierbo.

5. Kyk bl. 136 en 137 hierbo.

6. Kyk tabel XV op bl. 146.

7. Wet no. 8 van 1892, art. 35 3n 36.

opleiding van kwekelingonderwysers. Die hoof ontvang 'n honorarium van £20 van die regering vir elke kwekeling wat onder sy leiding in die Onderwysers-Derde Klas-eksamen slaag en minstens twee jaar aan sy skool verbonde was¹). Aan onderwysers met langdurige en troue diens sou die regering voortaan 'n jaarlikse honorarium van verdienste toeken²) volgens 'n skaal in Bylaag A van die Mansveltwet neergelê. Die dienstyd van die onderwyser, die gehalte van sy werk, die wyse waarop hy sy werk doen, en sy inspeksierapporte bepaal of hy vir die honorarium in aanmerking kom of nie³), mits hy ook nog aan die volgende vereistes voldoen:

- (a) Laer onderwys⁴): 60% van sy aantal leerlinge moet slaag in hulle standerds, en minstens 40% van die leerlinge in standaard 5 moes na standaard 4 bevorder word.
- (b) Middelbare onderwys⁵): 60% van sy aantal leerlinge moet in hulle onderskeie standerds slaag, en minstens 40% van die leerlinge in standerds 5 en 6 moes slaag in hulle standerds.

Skaal van honoraria vir verdienste⁶):

(a) Laer onderwys:

- (i) Hoofde:
 - na 3 jaar diens £10.
 - na 10 jaar diens 15.
 - na 15 jaar diens 20.

- (ii) Hulponderwysers:
 - na 3 jaar diens £5
 - na 10 jaar diens 10.
 - na 15 jaar diens 15.

(b) Middelbare onderwys.

- (i) Hoofde
 - na 3 jaar diens £25.
 - na 10 jaar diens 37.10.-.
 - na 15 jaar diens 50.

- (ii) Hulponderwysers:
 - na 3 jaar diens £15.
 - na 10 jaar diens 22.10.-
 - na 15 jaar diens 30.

Hierdie honoraria vir verdienste, wat maar 'n klein bedraggie is, maar wat in daardie dae nogal 'n aantrekklike sommetjie was, het die onderwysers aangemoedig om lank in die diens van die Onderwysdepartement te bly en het boonop die onderwysers en hoofde aangemoedig om hulle beste te lewer in die klas ten einde soveel moontlik kinders

1. Wet no. 8 van 1892, art. 37.

2. Ibid., art. 39.

3. Ibid., Bylae A, art. 1.

4. Ibid., Bylae A, art. 4 (1).

5. Ibid., Bylae A, art. 4 (11).

6. Ibid., Bylae A, na art. 4 (11).

te laat slaag om sodoende in aanmerking te kom vir die honoraria. Dit was ook 'n eer wat iemand te beurt geval het en het as goeie getuig-skrif vir hom gedien.

(5) Ambagskole.

Aan middelbare skole mag ambagsklasse onder toesig en leiding van bevoegde deskundiges verbind word vir leerlinge wat standard 3 geslaag het. Vir elke sodanige leerling wat minstens viervyftes van die lesse bygewoon het, gee die regering 'n driemaandelikse toelae van 20/-¹).

c. Besondere bepalinge insake hoër onderwys.

(1) Bepalinge vir 'n inrigting vir hoër onderwys.

Hierdie inrigting as die enigste staatskool in die Zuid-Afrikaanse Republiek is die Gimnasium genoem²), en die salarisse van die dosente sal deur die regering vasgestel word³).

(2) Bepalinge vir 'n hoër meisieskool.

Ter ondersteuning en aanmoediging van ^{die} hoër onderwys vir meisies sou die regering 'n driemaandelikse toelae van 45/- per leerling verleen⁴).

d. Die Mansveltwet vergelyk met die Du Toit-wet.

Die Mansveltwet het op 1 Januarie 1893 van krag geword. Vergelyk ons dié wet met die Du Toit-wet, dan merk ons die volgende verskille ten opsigte van die finansiering van die onderwys: Dit het 'n nuwe stelsel van subsidie wat meer daadwerklike goldelike bydrae van die ouer vir die opvoeding van sy kind verg, in die lewe geroep. Die reëlins in verband met die betaling van subsidies deur die regering is ook daarop bereken om oneerlikheid die kop in te slaan. Die afskaffing van toelae vir gratis leerlinge deur die Mansveltwet het gevolg op die groot misbruik wat onder die vorige wet in swang was, Mansvelt het egter nie met die afskaffing van subsidie aan behoeftiges voldoende rekening gehou met die armoede wat daar in baie plat-telandse gebiede geheers het. Hy sou later genoodsaak wees om weer

1. wet no. 8 van 1892, artt. 45 - 45.

2. Ibid., artt. 47, 49.

3. Ibid., art. 58.

4. Ibid., art. 61.

terug te keer na die stelsel van toelaes vir behoeftige kinders, dog sy aanvanklike streng beheer oor die uitbetaling van sodanige subsidies was heeltemal geregverdig, aangesien baie gegronde klagtes oor die onnodige groot aantal gratis leerlinge by hom en die Volksraad ingedien is.

Die nuwe stelsel van skoolbestuur, meer sentralisasie wat beter kontrole en dus meer ekonomie in die hand gewerk het, 'n groot aansporing tot die verkryging van hoër onderwyskwalifikasies wat die onderwys ten goede sou kom, en die ondersteuning van verskillende tipes van onmisbare inrigtinge, soos die Modelskool en Meisieskool, is alles verbeteringe op Du Toit se Onderwyswet. Hy het egter die voordeel bo sy voorganger gehad om te leer uit die praktiese toepassing van lg. se wet en om daaruit die nodige wysiginge ter verbetering daarvan aan te bring.

3. Die toepassing^{en werking} van die Mansveltwet tot by die Jamesoninval.

a. Verset van die Uitlanders teen die wet.

Hoewel artikel 3 van die Mansveltwet deur middel van subsidies die onderwys toeganklik gemaak het, voor alle burgers en andere blanke inwoners der Z.A.Republiek¹⁾, het artikels 24 tot 28 verder bepaal deur watter medium die onderrig sou geskied. Al dadelik na die publikasie van Mansvelt se konseponderwyswet in die Staatskoerant het die pers die stryd teen die wet aangeknoop ; ook is verskeie memories en versoekskrifte daaroor ontvang²⁾. Ten einde die behoefte van die nie-Hollandsprekende bevolking tegemoet te kom, is 'n spesiale reëling vir hulle per Volksraadsbesluit geneem³⁾. Dit bepaal dat skole waarin die medium nie Hollands is nie, tog subsidie mag trek vir kinders van nie-Hollandsprekende ouers , op voorwaarde dat hulle onderwys in die Hollandse taal ontvang van 'n deur die Superintendent goedgekeurde onderwyser en dat hulle vordering daarin die inspekteur van onderwys

1. Ek onderstreep.

2. De Volksstem, 2 Februarie en 19 Februarie 1892.

E.V.R., 232/92, E.V.R., 272/92, E.V.R., 278/92, E.V.R., 333/92, E.V.R., 517/92, E.V.R., 562/92.

3. V.R.B., art. 344, d.d. Woensdag, 1 Junie 1892, Skole wat as gevolg van hierdie besluit tot stand gekom het, is „Besluitskole” genoem.

moes bevredig , terwyl „de kennis der leerlingen van de Hollandsche Taal zal beoordeeld worden na de gewone Standaarden van Onderwijs, door den Superintendent van Onderwijs vastgesteld, voor zooverre dezen de praktiese en theoretiese kennis der Hollandsche Taal betreffen“¹⁾. Dit is nie duidelik nie, maar dit wil tog voorkom asof die standaard van Hollands wat in Engelsmediumskole verwag is, moes ooreenstem met die standaard in die ooreenstemmende standerd in 'n Hollandsmediumskool. Wat die praktiese uitvoerbaarheid daarvan betref, lyk dit dus maar taamlik moeilik.

Verder bepaal die Volksraadsbesluit ook dat 'n leerling wat nie aan die vereiste standaard van 'n bepaalde standerd voldoen nie, weer een keer getoets mag word en ook dat die kind by 'n volgende inspeksie vir 'n hoër standerd as die vorige keer vir toetsing aangebied moet word²⁾. Op die wyse wou die regering wanpraktyke voorkom.

Die subsidie vir elke geslaagde kandidaat is soos volg vasgestel :

In standerd	1	per	kind	20/-,
In standerd	2	per	kind	22/6,
In standerd	3	per	kind	25/-,
In standerd	4	per	kind	27/6,
In standerd	5	per	kind	30/-,
In standerd	6	per	kind	32/6 ³⁾ .

Die subsidie kon hoogstens twee keer per jaar, telkens na afloop van 'n inspeksie, betaal word en alleen aan leerlinge wat ten tyde van so 'n inspeksie minstens drie maande lank die skool gereeld besoek het ⁴⁾.

Hierdie bepalinge is slegs as 'n oorgangsmaatreël beskou en sou slegs vir drie jaar vanaf 1 Julie 1892 van krag wees⁵⁾.

Die subsidie vir leerlinge van die „Besluitskole“ is kort daarna⁶⁾ aansienlik verhoog, maar ook dít het nie die gewenste uitwerking gehad nie. Met die verhoging van die subsidie van leerlinge

1. V.R.B., art. 344, d.d. 1 Junie 1892, artt. 1 - 5.

2. Ibid., art. 6.

3. Ibid., art. 7.

4. Ibid., art. 9.

5. Ibid., art. 10.

6. V.R.N., 5 Aug. 1893, artt. 998-998.

E.V.R.B. 1000, 5 Aug. 1893.

in „Besluitskole” het die Raad ook bepaal dat die leerlinge minstens 5 uur per week onderrig in Hollands en Suid-Afrikaanse Geskiedenis moes kry deur minstens een onderwyser wat bevoeg was om die vakke te gee ; die inspeksie met die oog op die toekenning van subsidies sou net op die twee vakke betrekking hê. Die slaagpunt is op 50% gestel, en die verwagte standaard van bekwaamheid was een standaard laer as by die Hollandsmediumskole. Kinders onder 6 jaar sou nie hiervoor in aanmerking kom nie. Die toelae is as volg toegeken :

vir elke kind wat slaag in Holl. en S.A.Geskiedenis in st.1 -25/-;
in st. 2 - 30/-; in st.3 - 35/- ; in st.4 - 40/-; in st.5 - 45/- ;
in st. 6 - 50/-¹).

Gedoeltelik weens die haas onmoontlike praktiese uitvoerbaarheid van hierdie besluit, het die Uitlanders aan die Rand georganiseer om te veg vir wat hulle gereken het wat hulle toekom. Dié onderwysreëling was egter maar een van die baie griewe wat hulle teen die Krugerbewind gehad het en wat aanleiding gegee het tot die verbete stryd wat sou uitloop eers op die Jameson-inval en later op die Anglo-Boereoorlog. Vooraanstaandes in Johannesburg het die agitatie gelei, en op 22 Augustus 1892 is 'n belangrike vergadering van 3,000 persone onder voorsitterskap van J. S. Tudhope gehou²) met die doel om die Randse bevolking teen die regering te mobiliseer. Daar het hy onder andere gesê: „First stands the neglect of education, and this point will be appreciated by all working men, because you have to pay a heavy tax and get hardly any return for it”³).

Op 15 Julie 1896 is die eerste volkstelling in Johannesburg gehou⁴), wat aan die lig gebring het dat in 'n gebied binne drie myl van die sentrum van Johannesburg op daardie datum 11 staatsondersteunde skole met 1130 leerlinge en 55 privaatskole met 3981 leerlinge bestaan het. In dieselfde gebied was daar 13,591 kinders onder 15 jaar, van wie 6,992 nie kon lees of skrywe nie. Dit toon dat nagenoeg die helfte van die opgroeiende geslag geen onderwys ontvang het nie

1. E.V.R.B., 5 Aug. 1893, - artt. 997 - 999 ; ook art. 974 van 2 Aug. 1895.

2. Standard and Diggers News, 22 Aug. 1892.

3. Ibid.

4. Report of Director of Census, Johannesburg; Gezondheids Comité, Johannesburg, 1896, veral bl. XI en 25.

en dat die meeste ouers privaat-skole verkies het bo staatsondersteunde skole.

Die protesveldtog van die Uitlanders het voortgeduur, en in 1895, nog voordat die Jameson-inval plaasgevind het, het die Uitlander-agitasie finaal met die Departement van Onderwys in Pretoria gebreek, en hulle eie organisasie, bekend as „The Council of Education, Witwatersrand“, is in die lewe geroep, met John Robinson as Direkteur-Generaal van Opvoeding.

Die ontevredenheid onder die agitators het voortgeduur, en intussen het die „Council of Education“ geld bymekaar gemaak vir onderwysdoeleindes.

Op 5 Oktober 1895 het die Volksraad op aanbeveling van 'n onderwyskommissie die geldelike voorsiening vir „Besluitskole“ vir 'n verdere drie jaar verleng¹).

Nadat die Jameson-inval misluk het, het die Randse Onderwys-agitasie tydelik verdwyn.

1895

Op 24 Augustus/het C. Rolfes en A. Eckart-Beckmann van Pretoria die Staatspresident en Uitvoerende Komitee per brief²) gevra vir standplase en £10,000 vir die stigting van 'n kerk en skool volgens die bepalinge van die Onderwyswet. Die Uitvoerende Raad het 12 standplase aan hulle toegestaan asook £5,000 teen 'n bepaalde rente aan hulle geleen³). Die skool het op 1 September 1897 in werking getree⁴) en het £5,752 gekos. Dit was 'n „Besluitskool“ vir Duitse kinders.

Die Volksraadbesluit van 1 Junie 1892, waardeur „Besluitskole“ in die lewe geroep is, was nie 'n sukses nie, want in die eerste kwartaal van 1895 was daar net 5 sulke skole in die Republiek met ongeveer 153 leerlinge⁵). Waarom die Engelse nie van die subsidie-voorregte gebruik gemaak het nie, is moeilik om vas te stel. As in aanmerking geneem word dat die Duitsers in Transvaal „Besluitskole“ gehad het⁶) wat geslaag het, dan wil dit voorkom asof die Engelse

1. V.R.N., 5 Oktober 1895, art. 1513.

2. R. 8259/95.

3. U.V.R.B., 17 Oktober 1895, art. 699.

4. Kyk by O.R. 3286/97.

5. Onderwysverslag oor die jaar 1894, ll.

6. In Pretoria, Johannesburg en Morgenstroom, naby Rustenburg.

hulle deur die anti-Hollandse agitators aan die Rand laat beïnvloed het om hulle te weerhou om daarvan gebruik te maak. Miskien slaan Pells die spyker op sy kop as hy sê dat „ . . . the English with their typical inability or reluctance to learn another language responded so poorly to the scheme that many of the schools they started under this scheme soon gave up the attempt to gain government subsidy¹⁾).

In sy jaarlikse onderwysverslae het dr. Mansvelt as redes vir die mislukking van die „Besluitskole” vir Engelse herhaaldelik aangevoer die opstokery en onwilligheid van die kant van die Randse Engelse.

b. Groei van die onderwys.

(1) Skole en kinders.

Aanvanklik was daar 'n merkbare afname in die aantal kinders in skole van die Republiek, omdat baie skole gesluit moes word daar hulle nie aan die vereistes van die Onderwyswet voldoen het nie. In sy jaarverslag oor 1892 skrywe die Superintendent dat hy die regering se aandag moet vestig op die feit dat die vermindering van die aantal kinders in die skole hoofsaaklik toe te skrywe is aan die noukeuriger en strenger toesig wat op die skole uitgeoefen is sedert die vermeerdering van die aantal inspekteurs van onderwys²⁾. In 1893, nadat die Mansvelt^swet in werking gestel is, moes etlike skole sluit omdat hulle nie aan die vereistes van die Wet kon voldoen nie : baie ouers en kommissies self het geen geldelike bydraes gelewer nie en moes dit nou doen³⁾.

Tabel XV

Kinders en skole in die Z. A. R. van 1891 - 1895⁴⁾

<u>Jaartal.</u>	<u>Dorpskole.</u>	<u>Wykskole.</u>	<u>Gem.aantal leerlinge.</u>
1891	99	453	8170
1892	62	422	7932
1893	59	353	5909
1894	61	358	6626
1895	55	367	7217

1. Pells : Education in South Africa, 1652 - 1938, 61.

2. Onderwysverslag oor die jaar 1892, 11 - 12.

3. Kyk o.a. O.R. 302/93 : Superintendent v. Ond. - Ds.J.W.J.Strasheim, Pretoria, 7 Maart 1893.

4. Saamgestel uit die onderwysverslae oor die jare 1891 - 1895.

Tabel XVI.

Oorsig van skole en leerlinge in 1893¹⁾.

Kwar- taal	Aan- tal skole	Aantal leerlinge			Totale aantal leerl. in laer onderwys	Aantal leerlinge			Totale aantal leerl. in mid. onderw.	Totale aantal leer- linge
		St.1	St.2	St.3		St.4	St.5	St.6		
1ste	259	3002	1736	1090	5828	302	64	14	380	6208
2de	256	2892	1606	1183	5681	301	66	24	391	6072
3de	241	2715	1702	1038	5455	286	114	16	446	5901
4de	247	2708	1622	1064	5414	225	90	19	334	5748.

Tabel XV op die vorige bladsy toon aan hoedat die aantal skole en kinders van 1891 na 1892 verminder het, hoofsaaklik omdat dr. Mansvelt die Du Toit-wet strenger toegepas het. Die verdere daling van 1892 na 1893 (Kyk Tabel XVI) moet grotendeels toegeskrywe word aan die ingebruik neem van die nuwe subsidiestelsel van Mansvelt en die deegliker kontrole wat ... die groter aantal inspekteurs van onderwys meegebring het.

Dr. Mansvelt het spoedig besef dat sy nuwe stelsel van subsidies nie aan al sy verwagtings voldoen het nie en het derhalwe, waar nodig, die nodige wysigings voorgestel om die stelsel doeltreffender te laat werk. In 1893 is besluit²⁾ om voortaan weer aan werklik behoeftige kinders 'n driemaandelikse subsidie van 30/- toe te ken maar alleen na voorlegging van 'n skriftelike verklaring dat so 'n kind of kinders te onvermoënd is om iets by te dra, onderteken deur die veldkornet van die wyk en minstens drie kerkraadslede van een of meer van die Hollands-Protestantse kerke wat in die nabyheid van die skool woonagtig is; in die dorpe het die landdros die veldkornet vervang. Die Superintendent het voorgeskryf dat alle leerlinge wat gratis onderwys ontvang op die klasregister met 'n „G” aangedui moes word.

Ten einde die aantal gratis leerlinge enigermate te beperk, is benewens die skriftelike verklaring wat voorgelê moes word, nog

1. Staatsalmanak, 1895, 73.

2. Wet no. 8 van 1893, art. 3.

verder bepaal dat die aantal gratis leerlinge nie meer as 15% van die skool se inskrywing mag wees nie. Kort daarna is die wet egter weer sodanig gewysig¹⁾ dat die toelaag aan gratis leerlinge na 30/- per kwartaal per leerling vir laer en 40/- vir middelbare onderwys verhoog is. Nou is van die skoolkommissies verlang om ook iets by te dra vir die onderwys van gratis leerlinge, want die staat sou alleen bogenoemde toelaag betaal op voorwaarde dat die skoolkommissies 'n bedrag^{bydra}/wat minstens 'n kwart moes wees van wat die regering betaal.

Nog verdere geldelike tegemoetkominge is aan die ouers gemaak. Aan elke wykskool met 10 of minder leerlinge word 'n ekstra subsidie van 10/- per kind per kwartaal gegee²⁾. Die rede vir hierdie tegemoetkoming blyk duidelik by die deurlees van briewe wat die Superintendent van die platteland af ontvang het. Die plase was dikwels ver uitmekaar, sodat dit op plekke moeilik gegaan het om selfs tien kinders vir 'n skool bymekaar te kry. Hierdie tegemoetkoming het hulle finansiële moeilikheid in 'n mate verlig.

Tog was sommige ouers nie so arm as wat hulle laks was nie. In 1893 het etlike lede van die Volksraad verklaar dat die plattelandse bevolking te min liefde vir die opvoeding van hulle kinders besit³⁾. In 'n brief aan die Uitvoerende Raad beweer die Superintendent baie nadruklik dat die armoede van die ouers nie die hooforsaak van die ongewenste toestand op onderwysgebied is nie⁴⁾. In die Volksraad het hy gesê dat van die 476 subsidiestate wat hy ontvang het, daar slegs 32 was waar ouers en skoolkommissies onvoldoende bygedra het⁵⁾.

1. Goewermentskennisgewing no. 431/1894.

2. Ibid.

3. V.R.N., 3 Aug. 1893, art. 980.

4. V.R.N., 5 Aug. 1893, art. 986.

5. Ibid. Tog het armoede 'n groot stremmende faktor in die ontwikkeling van die onderwys in die Republiek gebly. Kyk ook Onderwysverslag oor die jaar 1894, bl. 8; O.D. 14/24 Junie 1893 : Onderwyser E. B.F. Terbrugge van Waterval (Soutpansberg) wyt die swak skoolbesoek aan die gebrek aan belangstelling by sy skoolkommissie en vervolg o.a.: „Daar zijn vele kinderen die bijna halfwassen zijn en nog nimmer school gehad hebben....De menschen, waarvan sommige zeer arm zijn, kunnen hunne kinderen niet op andere plaatsen doen en kunnen ze ook niet missen en nog minder kostgeld betalen". Ook O.R. 6831/95: N.S. Borius - Supt. van Ond., Witkoppies, distrik Potchefstroom.

Ook uit Waterberg, Soutpansberg, Standerton, Ermelo, Rustenburg, Marico en Lichtenburg het briewe met klagtes oor swak onderwys, te wyte aan armoede, die Superintendent bereik. Kyk ook Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 131.

Ook die subsidies aan die hoër meisieskool is per goewermentskennisgewing¹⁾ verhoog van 45/- na 50/- per leerling per kwartaal.

Hoewel die verhogings van subsidies na die inwerkingtrede van die Mansveltwet die aantal kinders en skole geleidelik laat toeneem het²⁾, het daar nietemin teen 1895 maar een uit elke vyf kinders van skoolgaande leeftyd onderwys geniet³⁾. Daarby moet egter in gedagte gehou word dat baie ouers die mening nie alleen gehuldig het nie maar ook verkondig het dat drie tot ses maande onderwys vir hulle kinders ruimskoots voldoende was. Die „aanneming” van hulle kinders was egter nog gelukkig vir die ouers 'n belangrike saak, en met die oog daarop was minstens 'n paar maande skoolonderrig noodsaaklik⁴⁾.

Nieteenstaande die vordering op onderwysgebied wat op die Mansveltwet gevolg het, was die vooruitgang tog nog betreklik, gesien in die lig van die feit dat teen 1895 sowat 20% van die kinders van skoolgaande leeftyd in Transvaal onderwys geniet het. Die velerlei moeilikhede in die weg van gesonde ontwikkeling kan kortliks soos volg opgesom word. Daar was die ylheid van bevolking; armoede onder die mense; gebrek aan inisiatief in verband met die oprigting van skole; 'n tekort aan onderwysers; by baie ouers 'n gebrek aan besef van die werklike betekenis van 'n goeie skoolopvoeding; soms ook te min steun aan gewillige ouers van die kant van die burgerlike owerhede en soms ook van die kerk; onkunde aangaande die eise van die skoolwet, veral wat betref die stelsel van subsidie; toenemende instroming van vreemde en heterogene elemente, veral op en deur die goudvelde; skaarste aan werkvolk op plase⁵⁾.

Ten slotte is dit nodig om daarop te wys dat die jaar 1896 groot veranderinge ten opsigte van die finansiering van die onderwys

1. Goewermentskennisgewing no. 431/94 en Wet 8/1892, art. 61.

2. Kyk tabel XV op bl.146 hierbo.

3. Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 128, n.21.

4. Onderwysverslag oor die jaar 1894, 8.

5. Vgl. ook o.a. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 64.

Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 129 - 136.

in die Republiek meegebring het. Aan die einde van 1895¹⁾ het die V. V. O. O. Z. A. 'n versoekskrif aan die regering gestuur, waarin verbetering van die onderwys gevra word. Die volgende is gevra:

- „1) Een speciale subsidie te geven voor kostgeld voor de kinderen van arme burgers, opdat de armen onzer buitenbevolking meer in de gelegenheid gesteld mogen worden om te profiteren van het kristelik nationaal schoolonderwijs,
- 2) krachtige hulp te geven tot de oprichting van schoolgebouwen en onderwijzerswoningen en aan bestaande schoolgebouwen, door schuld gedrukt,
- 5) Z.Ed.Gestr. de Supt. van Onderwijs een ekstra toelage te verlenen tot het laten uitkomen van bekwame onderwijzers,
- 7) om voor het onderwijs in deze Republiek een veel groter bedrag dan tevoren op de Begroting van Onderwijs te plaatsen met het oog op het feit, dat vele geldmannen geen geld zullen sparen om met oppositiescholen ons gesubsidieerd onderwijs te benadelen,
- 13) voor werkelijk onvermogenende kinderen een hogere subsidie toe te staan dan voor kinderen van betalende ouders, gelijk vroeger steeds het geval is geweest, alsook de kinderen, bij de berekening van de verhouding van schoolgeld tot subsidie, buiten rekening te laten,
- 14) dat de onderwijzers, die werkzaam zijn bij gesubsidieerd onderwijs een jaarlikse toelage zullen ontvangen wanneer ze in't bezit zijn van de 3e klas Certifikaat £50; 2e klas £75 en 1e klas £100."

In 1895 het daar niks van hierdie versoekskrif tereggekome aangesien die Jameson-inval kort daarna plaasgevind en daar 'n gespanne verhouding op politieke gebied geheers het. Eers in die volgende jaar sou aan hierdie versoekskrif aandag en sover moontlik uitvoering of tegemoetkoming gegee word. Hierdie versoeke is van waarde omdat dit kom van die georganiseerde onderwysprofessie van daardie tyd, wat seker baie goed in staat was om die vinger op die swak

1. In Desember 1895 ingestuur. Kyk V. V. O. O. Z. A.: Notuleboek, 1895; Ook V. V. O. O. Z. A.: Gedenkboek, 10 - 18.

plekke in die onderwysstelsel te lê.
2 1/2 5

(2) Inspeksie van skole.

Dr. Mansvelt het die inspeksie van skole op 'n hegte grondslag geplaas. Daar sou bepaalde inspeksiekringe, elk met sy eie inspekteur van onderwys wees, en elke skool moes gereeld, sover moontlik twee keer per jaar, besoek word¹). Nog voor die toepassing van sy wet het die Superintendent alreeds in 1892 die Transvaal in vier inspeksiekringe ingedeel en vir elke kring 'n inspekteur aangestel. Hulle was F. P. Crots, C. G. de Jonge, J. Nieuwenhuize en J. K. M. te Boekhorst. Voortaan is die inspekteursverslae ook afsonderlik uitgegee en nie meer as byvoegsels tot die Superintendent se jaarverslae gepubliseer nie.

Die eise wat aan die vier inspekteurs gestel is, was te hoog, want die kringe was te groot vir behoorlike werk, die perdekar as vervoermiddel was te stadig, die paaie was sleg, en dikwels het vol riviere en spruite sonder brê lang oponthoude veroorsaak en waardevolle tyd ongebruik laat verlore gaan. Die reistoelae was ook ontoereikend²). Die inspekteurs moes steeds 'n wakende oog hou oor die toepassing en uitvoering van die Mansveltwet, waardeur wanpraktyke voorkom kon word.

Die bevordering van leerlinge het by die inspekteurs alleen berus, en aangesien die toetsing hoofsaaklik mondeling en derhalwe individueel was, het die inspeksie baie tyd in beslag geneem. Tog moes die inspekteurs dit doen, aangesien baie onderwysers nie daartoe in staat was nie, daar die aantal ongesertifiseerde onderwysers destyds hoog was, soos tabel XXVII op die volgende bladsy aantoon.

Deur die bevordering van leerlinge uitsluitlik in die hande van die inspekteurs te plaas, is verhoed dat onderwysers onbevoegde leerlinge na 'n hoër standaard oorplaas met die oog op die verkryging van 'n hoër subsidie. Die nadeel daarvan dat die inspekteurs nie gereeld die skole betyds kon besoek nie, was onder andere dat die on-

1. Wet no. 8 van 1892, art.7.

2. Dit was £250 per jaar; kyk Staatsalmanak, 1894, 78.

Tabel XVII.

Aantal gesertifiseerde en ongesertifiseerde onderwysers
in die Republiek gedurende die jare 1893 tot 1895¹).

A a n t a l o n d e r w y s e r s .

<u>Jaar.</u>	<u>Geregistreer.</u>	<u>Gesertifiseer.</u>	<u>Ongesertifiseer.</u>
1893	389	116	273
1894	442	128	314
1895	456	180	276

derwysers te lank moes wag en ongeduldig geword het en self ook 'n verhoogde subsidie of die verkryging van 'n honorarium vir verdienste misgeloop het. Sommige leerlinge het dikwels na bevordering na 'n hoër standerd deur die inspekteur die skool verlaat; en as hulle te lank op inspeksie moes wag, het hulle ook dikwels die skool verlaat.

In 1893 is 350 skole (waarvan 60 twee keer) van die 412 geinspekteer; in 1894 is 321 uit die 419 en in 1895 is 390 (waarvan 99 twee keer) uit die 422 skole besoek²).

Die toestand het dus heelwat verbeter, maar aangesien al die skole nie jaarliks twee keer besoek kon word, soos die voorneme was nie, was daar nog ruimte vir verbetering.

In 1894 is inspekteur F. P. Crots opgevolg deur H. Moora³), en die volgende jaar is T. C. Stoffberg, hoof van die gesubsidieerde skool op Vryheid, aangestel as vyfde inspekteur⁴).

Die salarisse van inspekteurs was die volgende:

-
1. Saamgestel uit die onderwysverslae oor die betrokke jare.
 2. Ibid.
 3. O.R. 5586/94: J. Bergmans - Staatsekretaris, 8 Oktober 1894.
Die pos op die begroting is reeds op 10 Augustus 1894 goedgekeur (V.R.N. art.1241).
Onderwysverslag oor die jaar 1894, 12.
 4. L.A. 696: Supt van Onderwys - T.C.Stoffberg, 10 Jan. 1895.

Tot Junie 1893: £350 per jaar, plus 'n jaarlikse reistoelae van £200; na 1 Julie 1893: £400 per jaar, plus 'n reistoelae van £250 per jaar¹).

(3) Skoolgeboue en meubels.

Die bepaling van die wet dat die skoolkommissie moes sorg vir 'n behoorlike skoolgebou met meubels en verdere toebehore²), was myns insiens 'n effens ongelukkige reëling, wat veroorsaak het dat die onderrig van kinders in baie gevalle onder baie moeilike omstandighede moes plaasvind, daar dit dikwels by gebrek aan die nodige geld gelei het tot die gebruik van ondoelmatige en onhigiëniese geboue. Weliswaar het dieselfde artikel van die wet bepaal dat die regering met die gebou tevrede moes wees, „de plaatselijke omstandigheden in aanmerking te worden genomen.“ Die skoollokale was dan ook dikwels in 'n uiters betreurenswaardige toestand.

Omdat daar voortdurend klagtes ontvang is oor hierdie swak geboue en die tekort aan geld om geskikte lokale op te rig, is daar in 1893 deur middel van verdere wetgewing³) bepaal dat aan wykskole 'n maandelikse toelae vir huishuur betaal sou word volgens die volgende tarief:

10/- vir 'n kamer geskik vir hoogstens 10 kinders,

15/- vir 'n kamer geskik vir hoogstens 20 kinders,

20/- vir 'n kamer geskik vir hoogstens 30 kinders.

Hierdie ondersteuning aan die wykskole was 'n groot tegemoetkoming, want volgens die Superintendent was daar in 1892 66 wykskole met minder as 10 leerlinge; 98 met 10 - 20; 77 met 20 - 30; 40 met 30 - 40 en 8 met meer as veertig leerlinge⁴).

1. Z.A.R.126: Z.A.Republiek: Finansies-begrotings, 1881 - 1895, diensjaar 1893, 24.

b. Staatsalmanak, 1894, 78.

c. Malherbe: Education in South Africa, gee in sy tabel op bl.270 die salaris van inspekteurs aan as £350 per jaar van 1890 tot 1894 en as £500 vanaf 1895, dog bogenoemde twee bronne is reg. Weliswaar is die salarisse na £500 per jaar verhoog maar eers vanaf 1897. Kyk: Z.A.R.126: Finansies-begrotings vir die jaar 1897, 18.

2. Wet no. 8 van 1892, art.14.

3. Wet no. 8 van 1893, art.1.

4. V.R.N., 2 Augustus 1893, art.977.

Die Uitvoerende Raad is ook gemagtig om vir die bou van 'n skool 'n bedrag uit die landskas voor te skiet teen 'n bepaalde rentekoers en behoorlike sekuriteit, dog die bedrag mag nie meer wees as die helfte van die kapitaal wat nodig is om die gebou op te rig nie¹).

Ook hierdie laaste toegewing het baie goed te pas gekom vir 'n skoolkommissie wat 'n skool wou begin, want dan was daar sommer baie geld nodig vir die gebou, skoolmeubels, skryfbehoeftes en boeke asook skoolgeld vir die onderwyser se salaris.

(4) Boeke en leermiddele.

Waar Du Toit die gebruik van Engelse boeke in sekere gevalle toegelaat het omdat hy dit nog as onvermydelik beskou het, het dr. Mansvelt se wet neergelê dat alle leerboeke in die Hollandse taal geskryf moet wees, met uitsondering van die wat gebruik word by die onderwys van vreemde tale²). Hy het ook eenvormigheid in die gebruik van skoolboeke probeer bevorder deurdat hy van tyd tot tyd lysse van aanbevole boeke uitgegee het en dit ook teen vasgestelde pryse van die Departement van Onderwys aangekoop kon word³).

In die eerste Schoolgids, wat in 1892 uitgegee is, kom 'n volledige lys van aanbevole boeke (lees- en leer-) voor, almal in Hollands geskrywe. Daarvan was verskeie reeds by die Departement uit die voorraad te koop. In latere publikasies het hy verdere lysse verstrek. Die Departement het ook veel moeite gedoen om die geskikste boeke in die skole te laat gebruik. Die skole moes wel self die boeke uit hulle beskikbare geld aankoop, maar daar het tog groter eenvormigheid in die skole gekom, die boeke was baie makliker en gouer verkrygbaar as voorheen, en boeke wat van die Departement aangekoop is, het ten minste aan hulle doel beantwoord, en dit kon nie juis voorheen gesê word van al die boeke wat in die skole gebruik is nie.

Die Schoolgids⁴), wat deur Mansvelt versorg is, was 'n ware

1. Wet no. 8 van 1893, art.2.

2. Wet no. 3 van 1892, art.27.

3. Ibid., art.28.

4. Te sien in Argief, Uniegebou, Pretoria, no.Z.A.R.97. Die eerste het verskyn in 1892, die 2de in 1895, 'n Supplement-Schoolgids in 1896 en die 3de in 1898.

gids vir onderwysers en skoolkommissies; dit was 'n uiters nuttige en baie waardevolle publikasie. Die volgende is onder andere van die nuttige informasie in verband met die skoolwese wat daarin verskyn het: Die personeel van die Departement, inspekteurs en hulle kringe, skoolvakansies, sluiting van skole, briefwisseling met die Departement, wet- te en Volksraadsbesluite insake onderwysaangeleenthede, verduideliking van verskillende soorte subsidies, wenke, voorskrifte en voorbeelde om state en vorms reg in te vul, vereistes waaraan goeie skoollokale moet voldoen, honoraria van verdienste, ens. Hierdie publikasie het inderdaad veel daartoe bygedra om skoolbesture en onderwysers beter op hoogte van onderwyssake te stel. Selfs vir die hedendaagse navor- ser bly dit 'n nuttige bron van informasie oor die skoolwese onder Mansvelt.

Hy het voortdurend ywerig gepoog om die toestand met betrek- king tot die skoolboeke te verbeter. So is byvoorbeeld op 26 Augus- tus 1892 'n Volksraadsbesluit¹⁾ geneem om £500 aan die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging te betaal vir boeke en kaarte wat aan die Departement gelewer moes word. 'Ook het die Uitvoerende Raad 'n premie van £100²⁾ beskikbaar gestel vir leesboeke wat deur die Volks- raad goedgekeur is³⁾. In 'n skrywe aan die Staatsekretaris⁴⁾ het die Superintendent eersgenoemde se aandag gevestig op die gebrek aan goeie, doelmatige skoolboeke. Op 17 Augustus 1893 het die Volksraad magti- ging verleen⁵⁾ tot die aankoop van 100 kaarte ten behoeve van skole en ook tot die toekenning van 'n gratifikasie van £50 aan Odé, vir 'n geskiedenisboek wat hy geskrywe het⁶⁾. Kort daarna het die Volksraad ook £100 uitgeloof vir die skrywe van geskikte lees- en leerboeke⁷⁾. Ook in 1895 het 'n versoek om £200 vir geskikte skoolboeke beskikbaar te stel, voor die Volksraad gekom⁸⁾, dog dit het vir later bespreking

1. E.V.R.B., 26 Augustus 1892, art.1297.

2. U.R.B., 6 Augustus 1893.

3. V.R.N., 8 September 1894, art.1626.

4. R. 3948/95.

5. E.V.R.B., 17 Aug. 1893, art. 1118.

6. Ibid.

7. Ibid., 8 Sept. 1894, art.1626.

8. V.R.N., 16 Aug.1895, art.936.

oorgestaan; maar toe dit teen die einde van die Raad se sitting weer te berde gebring is, is die versoek van die hand gewys, omdat die lopende diensjaar haas om was¹).

Mansvelt het dus hard geprobeer om 'n aantal geskikte boeke en kaarte vir die skole beskikbaar te stel en het ook in 'n groot mate daarin geslaag, maar dit wil tog voorkom asof die Volksraad hom in dié opsig miskien nie die nodige ondersteuning gegee het nie.

(5) Onderwysers.

Die onderwyser is die instrument waardeur die kind sy opvoeding en onderwys ontvang. Hy is die grootste enkele faktor wat van 'n onderwysstelsel 'n sukses of mislukking maak, en daarom is dit so belangrik dat die onderwysers bekwaam moet wees vir hulle groot taak. Dr. Mansvelt het dit maar al te goed besef, en daarom het hy van die staanspoor af probeer om te voorsien in die groot tekort aan geskikte onderwysers. Hy wou en het drasties opgetree teen onbevoegde onderwysers maar moes tog soms ook maar oorsien weens die groot tekort.

In sy onderwysverslag oor die jaar 1893²) het hy gesê dat 'n groot aantal van die ongekwalifiseerde onderwysers geheel en al nie aan die eise van die tyd voldoen nie maar slegs geduld word omdat dit aan beter onderwysers ontbreek³).

Baie van hierdie ongekwalifiseerde onderwysers was 'n ernstige belemmering vir die peil van die onderwys, en die Departement moes steeds 'n wakende oog oor hulle hou⁴). Daar was gevalle waar onderwysers so onbekwaam was dat hulle nie eens in staat was om die somme van standerd 3 te doen nie⁵).

Om die toestand enigsins te verbeter het die Superintendent in 1893 beurse gevra vir die opleiding van onderwysers⁶). Die Volksraad

1. V.R.N., 28 Sept. 1895, art. 1392.

2. Bladsy 4 en 5 daarvan.

3. Kyk tabel XVII op bl. 152 hierbo.

4. Kyk ook Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 135.

5. Ibid., 136 - 137.

6. Onderwysverslag oor die jaar 1893, 5.

het dan ook in die volgende jaar 20 studiebeurse van £60 elk vir die opleiding van onderwysers beskikbaar gestel¹), terwyl die Raad 'n paar dae later besluit het om nog ses beurse van £60 elk vir ander studierigtings beskikbaar te stel²). 'n Dag later is die pos van £250 vir die hoof van 'n koshuis vir kwekelingonderwysers goedgekeur³).

Daar was groot belangstelling vir die 20 beurse en die aanvaarde elf seuns en nege dogters het hulle opleiding aan die Staatsmodel- en die Staatsmeisieskool ontvang⁴). Aanbevelings vir die toekenning van nog meer beurse vir die opleiding van onderwysers is in 1894 aan die Volksraad voorgelê, maar dit het oorgestaan om later oorweeg te word.

In 1894 het die Raad besluit om onderwysers uit die buitenland⁵) in te voer om in die groot tekort te probeer voorsien, maar die finale reëlins sou eers teen 1896 in die haak wees, en daarna sou die posisie geleidelik verbeter, want by die invoer van onderwysers is daar sekere voorwaardes ten opsigte van die kwalifikasies gestel.

(6) Die Departement van Onderwys.

Met sy ampsaanvaarding in 1891 het dr. Mansvelt die Departement van Onderwys beter ingerig. Die deeglike uitvoering en funksionering van sy Onderwyswet het baie administrasie en korrespondensie in verband met die oprigting, instandhouding en subsidiëring van die gesubsidieerde en „Besluitskole” vir die Departement van Onderwys meegebring, en daarom het die administratiewe werk van sy Departement vinnig toegeneem van 1892 tot 1895. Ook die oprigting van staatskole, die Staatsbiblioteek, die Staatsmuseum, staatskoshuise en gesubsidieerde biblioteke het addisionele werk meegebring. In 1894 het die aantal ingekome stukke 7329 beloop. Volgens afskrifte in die kopie-

1. E.V.R.B., 6 Sept. 1894, art. 1606a.

2. V.R.N., 12 Sept. 1894, art. 1665.

3. Ibid., 13 Sept. 1894, art. 1697; eerste hoof R.D.Collins.

4. Onderwysverslag oor die jaar 1894, 18.

5. Buiteland het beteken enige gebied buite die Z.A.R.; dus het dit o.a. ingesluit O.V.S., Natal en Kaapland.

boeke het die aantal uitgestuurde briewe 3760 bladsye beslaan. Die depot vir skoolboeke het ook heelwat werk meegebring. So het die Departement van Onderwys byvoorbeeld in Januarie 1895 meer as 200 pakette met skoolbehoefte uitgestuur. Dit het die Superintendent laat besluit om die regering te vra om die aanstelling van 'n Assistent-Superintendent, 'n verantwoordelike klerk, 'n boekhouer, 'n eerste en tweede klerk goed te keur. Die eerste versoek is geweier, dog die ander is goedgekeur¹). Daardeur het die personeel uit 7 persone bestaan²).

In 1895 het die regering 'n ooreenkoms met die boekhandelaar J. H. de Bussy³) aangegaan, wat onderneem het om die nodige skoolboeke en ander skoolbehoefte in voorraad te hou. Hierdeur is 'n deel van die werk van die Departement van Onderwys van hom wegge-
neem.

Die salarisse aan die poste van die personeel van die Onderwysdepartement verbonde, was die volgende ⁴):

	<u>1891</u>	<u>1892</u>	<u>1893</u>	<u>1894</u>	<u>1895</u>
Superintendent	£1200	1200	1200	1200	1200
Toelae reiskoste Supt.	300	-	-	-	-
Sekretaris	425	425	450	450	500
Boekhouer	-	300	300	300	-
Klerk	250	250	250	250	400
Klerk	150	250	250	275	350
Klerk					300
Klerk					275
Klerk					275

(7) Koste van die onderwys.

Die ouers wat onder Du Toit se subsidiestelsel gewoon was

-
1. V.R.N., 25 Sept. 1895, art. 1319.
 2. Onderwysverslag oor die jaar 1894, 13;
Ook O.D. 231, O.R. 833/95. C. Menkveld - Staatssekretaris, 31 Jan. 1895.
 3. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 26.
 4. Z.A.R. 126: Finansies-begrotings, 1891 - 1895.
Ook Staatsalmanakke vir die betrokke jare.

om maar net van die staat toelaes te ontvang sonder om self juis veel by te dra tot die onderwys en opvoeding van hulle kinders, kon nie dadelik by die nuwe stelsel van dr. Mansvelt aanpas nie want nou moes hulle self eers iets bydra voordat die staat aan hulle toelaes uitbetaal en wel in 'n vaste verhouding tot hulle bydrae. Daarom het die totale koste aan die onderwys van £34,962 in 1892 gedaal tot £26,916 in 1893, om daarna geleidelik weer te styg¹). Vir die onwettige verkryging/onder die nuwe wet, was daar min kans want geen subsidie is uitbetaal voordat die skole se state ontvang is nie.

Die uitgawe per leerling per jaar aan onderwys het na 1892 geleidelik begin styg²), hoofsaaklik as gevolg van die groter geldelike toelaes wat in die vorm van ruimer subsidies, toekenning van subsidie aan gratis leerlinge, hoër huurgeld vir skoollokale en ander uitbreidings aan die onderwys gemaak is³).

Tabel XVIII.

Gemiddelde uitgawe per leerling per jaar in die
Republiek oor die jare 1891 tot 1895⁴).

Jaartal.	Dorp-skole.	Wyk-skole.	Gem. aantal leerlinge.	Totale staatskos-te in £.	Gem. koste per kind p.j. vir staat.
1891	99	453	8,170	43,823	5. 7. 3.
1892	62	422	7,932	34,962	4. 8. 2.
1893	59	353	5,909	26,916	4.11. 2.
1894	61	358	6,626	31,260	4.14. 4.
1895	55	367	7,217	39,813	5.10. 4.

Die skerp daling in die gemiddelde jaarlikse staatsuitgawe per kind aan die onderwys in 1892 is toe te skrywe aan die feit dat ingevolge die Uitvoerende Raadsbesluit van 2 Maart 1892⁵)

1. Onderwysverslag oor die jaar 1892, 13 en oor die jaar 1893, 17.
2. Kyk tabel XVIII hierbo.
3. Vir volledige uiteensetting van uitbreiding, kyk 3a. en b. hierbo.
4. Saamgestel uit verskeie bronne, veral uit onderwysverslae oor die betrokke jare, Staatsalmanakke vir die betrokke jare. Vgl. ook Bot: 100 jaar onderwys in Transvaal, 35.
5. Onderwysverslag oor die jaar 1892, 13.

die aantal gratis leerlinge aansienlik verminder het, en aan die feit dat die aantal leerlinge in die skole verminder het as gevolg van die noukeuriger en strenger toetsing wat op die skole uitgeoefen is sedert die vermeerdering van die aantal inspekteurs van skole. „Aan de stip-te plichtsbetrachting dezer heeren en de handhaving van de Wet in 't algemeen is het te danken, dat scholen, die voorheen in lijnrechten strijd met de Wet bestonden en dus onwettige toelage uit 's lands schatkist trokken, opgehouden hebben de subsidie te trekken, waarop zij, wederrechtelijk aanspraak maakten!“¹).

Die totale staatsuitgawe van £26,916.4.4. aan onderwys in 1893 is soos volg saamgestel²):

Aan laer onderwys	£24,038.16.11.
Aan middelbare onderwys	2,326. 6. 7.
Aan gratis leerlinge	289. 3. 4.
Aan „Besluitskole“	261.17. 6.
Aan huur van skoollokale	1,245.16. --.
Aan agterstallige bedrae wat nog betaal moes word aan skool- besture wat nog nie hulle reke- nings ingestuur het nie	150. --. --.

Die totale bedrag aan subsidies betaal en nog verskuldig oor die jaar 1893 bedra £27,900.2.10, waarteenoor die gesamentlike skole 'n bedrag van £15,844.18.4 aan skoolgelde en vrywillige bydraes by-eengebring het, dus ongeveer drievyftdes van die subsidie van die re-gering.

Hieruit kan ons aflei dat dr. Mansvelt wel deeglik geslaag het in sy doel om die ouers self meer te laat bydra vir die onderwys van hulle kinders as wat vroeër die geval was. Ongelukkig is daar geen gegewens beskikbaar om aan te toon presies wat die ouerli-ke bydrae vroeër was nie, maar die toestand het beslis verbeter, want oor die uitgawe van 1891 skrywe Mansvelt dat hy nie kon vas-stel wat die ouers se bydrae was nie maar skat dat dit hoogstens

1. Onderwysverslag oor die jaar 1892, 11 - 12.

2. Ibid., 1893, 17.

die helfte van die regering se bedrag beloop het¹).

Die staatsuitgawes aan onderwys in 1893 was £26,916 of gemiddeld £4.11.2 per leerling per jaar teenoor die ouers se bydrae van £15,845 of gemiddeld £2.13.8 per kind, sodat die gesamentlike uitgawe van die staat en die ouers saam aan onderwys neerkom op £42,761 of gemiddeld £7.4.10 per kind.

Die totale staatsuitgawe was in 1893 £1,302,054²), sodat die staatsuitgawe aan onderwys sowat 2% daarvan was. Die staat het dus maar 'n baie klein persentasie van sy uitgawes aan die onderwys en opvoeding van sy opgroeiende jeug bestee.

Tabel XIX.

Vergelykende tabel van uitgawes aan onderwys van 1893 tot 1895³).

	<u>1893</u>	<u>1894</u>	<u>1895</u>
a. Totale staatsuitgawes	£1,302,054	£1,734,728	£2,679,096.
b. Totale staatsuitgawes aan onderwys	£26,916	£31,261	£39,813.
c. % staatsuitgawe aan onderwys bestee	2.1	1.9	1.5
d. Gem. jaarlikse staatsuitgawe aan onderwys per kind	£4.11. 2	£4.14. 4	£5.10. 4.
e. Ouerbydrae aan onderwys	£15,845	£15,925	£16,525.
f. Gem. per kind per jaar	£2.13. 8	£2. 8. 1	£2. 5. 9.
g. Totale gem. uitgawe per kind per jaar deur ouer en staat	£7. 4.10	£7. 2. 5	£7.16. 1.
h. Aantal gesubsidieerde leerlinge	5,909	6,626	7,217.

Vergelyk ons nou die staatsuitgawes van 1893 met die van 1895 aan die hand van bostaande tabel, dan merk ons dat in die eerste jaar aan die onderwys van 5,909 leerlinge deur die staat

1. Onderwysverslag oor die jaar 1891, 7.

2. Staatsalmanak, 1895, 68.

3. a verkry uit Staatsalmanak: 1895, 68; 1896, 83, 1897, 55;

b, d, e en h uit onderwysverslae oor die betrokke jare;

c, f en g eie verwerking.

Die uitgawes sluit net in geld wat deur die staat bestee is aan gesubsidieerde onderwys en sluit ander uitgawes i.v.m. onderwys uit, soos salarisse van administratiewe personeel van die Departement, salarisse van inspekteurs en hulle reistoelae, staatskole ens.

£26,916 bestee is teen 'n gemiddeld per leerling van £4.11.2 teenoor £39,813 vir 7,217 leerlinge in 1895 teen 'n gemiddeld van £5.10.4 per kind. Sowel die totale as die gemiddelde uitgawe het dus aansienlik vermeerder hoofsaaklik as gevolg van die verhoogde subsidies wat uitbetaal is, maar nogtans het die staatsuitgawes nie in eweredige verhouding tot die totale staatsuitgawes toegeneem nie daar die uitbetalings aan subsidies van 2.1% in 1893 tot 1.5% in 1895 van die totale staatsuitgawes verminder het. Ons moet hier egter in gedagte hou dat die totale staatsuitgawes van 1893 tot 1895 verdubbel het, veral as gevolg van die goudontginning en aanverwante industrieë en nywerhede aan die Rand, en dat die uitbreiding op onderwysgebied noodwendig langsamer plaasvind. In elk geval dui die verhoogde gemiddelde uitgawe per leerling op vooruitgang, want dit getuig van verhoogde onderwysfasiliteite vir die leerlinge wat wel op skool was. Op die volgende bladsye volg die spesifisering van die uitgawes aan onderwys soos dit geneem is uit die jaarlikse begrotings vir al die uitgawes van die land. Daarteenoor (om vergelyking te vergemaklik) word die werklike uitgawe aan onderwys deur die staat vir dieselfde jaar (1895) aangegee.

Dit is nodig om sowel hierdie begroting as die werklike uitgawe vir die jaar van naderby te beskou en te ontleed ten einde die waarde en betekenis van sekere gegewens beter te begryp. So is die totale bedrag van staatsuitgawes aan onderwys vir die jaar 1895 vir die berekening van die gemiddelde staatsuitgawe per kind per jaar geneem as £39,813, met ander woorde alleen daardie subsidies wat direk betrekking het op die onderwys, terwyl indirekte uitgawes soos subsidies aan staatskole, doofstommes en blindes en studiebeurse sowel as die salarisse van die personeel van die Onderwysdepartement en inspekteurs nie bygereken nie. Waar die pos Onderwys en Opvoeding in die staatsbegroting voorkom, word onder hierdie hoof nog verder bygereken die salarisse van die Staatsbibliotekaris, uitgawes aan sie Staatsbiblioteek, Staatsmuseum ens. Dit is natuurlik moeilik om 'n lyn te trek tussen uitgawes wat direkte of indirekte uitgawes

Onderwysbegroting vir die jaar 1 Jan. - 31 Des. 1895¹).

Ontvangste (Onderwys en Opvoeding)	£2,500.
Uitgawe: Dept. van Onderwys en Opvoeding	18,293. 6. 2
Dienste, Dept. van Onderwys en Opvoeding	56,270.

Spesifikasie van uitgawes.

Departement van Onderwys en Opvoeding.

Superintendent van Onderwys	£1200	
1 Sekretaris	500	
1 klerk	400	
1 klerk teen £350 vanaf 29 Apr. 1895	255. 5. 7	
1 klerk	300	
1 klerk	275	
5 skoolinspekteurs teen £400 elk	2,000	
reistoelae aan elkeen teen £250	1,500	
Rektor	850	
4 dosente teen £700 elk	2,800	
1 dosent teen £700 van 15 Aug. 1895	262.10.	
Hoof, Voorbereidingskool	700	
assistent normaalklas	400	
1e assistent Voorbereidingskool	350	
1 assistent Voorbereidingskool	325	
1 assistent Voorbereidingskool	300	
1 assistent Voorbereidingskool	275	
1 asst. Voorb.skool @ £275 van 18.2.95	237. 7. 1	
1 asst. Voorb.skool @ £275 van 5.2.95	247.19.10	
1 asst. Voorb.skool @ £120 van 16.3.95	95	
onderwyser in Engels	300	
leraar in Delfstofkunde	200	
hoof tehuis v. kwekelinge e.a. leerlinge	250	
geskiedskrywer	500	
Staatsbibliotekaris	400	
vaste toelae aan sekr. van studiebeurse	100	
vaste toelae toesig in Nederl. i.v.m.		
studiebeurse	200	
conciërge Staatsmuseum	150	£15,648. 2. 6

Staatsmeisieskool.

Direktrise van St.M.skool en koshuis	300	
lerares, eksamenklas	275	
assistent, eksamenklas £250 van 23.4.95	171. 4. 6	
lerares Engelse taal	250	
1ste assistent	250	
1ste assistent	250	
1 assistent @ £175 van 16.4.95	123.19. 2	
1 assistent	150	
1 assistent @ £150 van 1 Jul. 95	75	£1,845. 3. 8

Raad van Eksaminatore.

1 sekretaris	550	
1 klerk	250	
		800.
		£18,293. 6. 2

Dienste.

subsidie vir leerlinge, laer onderwys	£29,000	
subsidie vir leerlinge, mid. onderwys	4,500	
spesiale subsidie arm kinders, laer ond.	3,000	
spesiale subsidie arm kinders, mid. ond.	100	
subsidie vir onderwys V.R.B.344/1892	1,000	
honoraria vir verdienstelike onderwysers	500	
Raad van Eksaminatore, fooie	1,200	
studiebeurse: A. leerl. in Ned. 4 @ £60	240	
B. vir leerl. in Staatsmodelsk. 24 @ £60	1,440	
C. vir leerl. in Staatsgimm. 9 @ £60	540	
D. vir kwekelingonderwysers 40 @ £60	2,400	£43,920.

1. Z.A.R.126:Z.A.Republiek:Finansies-begrotings, 1891-1895, no.18
vir die diensjaar 1 Januarie tot 31 Desember 1895, 2,3,17 en 18.

Dienste (vervolg) oorgebring		£43,920.
toelae Staatsbiblioteek e.a.openb.bibl.	£1,300	
subsidie vir skoollokale	2,000	
museum	2,000	
toelae doofstommes en blindes	700	
onderwyser in handvaardigheid	500	
onderwysers in besondere vakke	1,100	
onderhoud en uitbreiding van kosin-		
rigting en Staatsmeisieskool	2,250	
toelae, kosgelde vir St.meisieskool	1,000	
toelae, V.V.O.O.Z.A. in Z.A.R.	50	
toelae, Nederlands.Z.A.Vereeniging in		
Z.A.R.	100	
subsidie vir meubels vir tehuis vir kweke-		
lingonderwysers	450	
bydrae vir woordeboek	250	
gratifikasie vir hoofde en assistente		
van staatstehuisse	150	
subsidie meubels ens.	500	£12,350
		<u>£56,270.</u>

Uitgawe deur die staat aan onderwys in 1895¹).

Departement van Onderwys.

personeel	£3,271. 1. 9	
inspekteurs	1,881. 2. 3	
reiskoste vir inspekteurs	<u>1,410.16. 8</u>	£6,563. -. 8.

subsidie aan skole.

gewone laer onderwys	£32,268. 1. -	
gewone middelbare onderwys	2,957. 6. 8	
kinders van onvermoënde ouers	3,263. -. -	
skole met minder as 11 leerlinge	760.10. -	
<u>skole volgens V.R.B.344/92:</u>		
laer onderwys	498. -. -	
middelbare onderwys	<u>66. 5. -</u>	£39,813. 2. 8.

subsidie vir huur van skoollokale waar-		
by ook gevoeg is huur van bylokale vir		
staatskole		£2,776. 4. 9

Staatsgimnasium te Pretoria:		
personeel	£4,131. 6.10	
skoolbehoefte	<u>212.19. 9</u>	
	£4,344. 6. 7	
minus ontvangte skoolgelde	<u>267.15. -</u>	£4,076.11. 7

Staatsmodelskool te Pretoria:		
personeel	£3,046. 7. 8	
skoolbehoefte	<u>130. -. 8</u>	
	£3,176. 7.11	
minus ontvangte skoolgelde	<u>592. 4. 6</u>	£2,584. 3. 5.

Staatsmeisieskool te Pretoria:		
personeel	£1,935.18. 7	
skoolbehoefte	<u>63. 2. 7</u>	
	£1,999. 1. 2	
minus ontvangte skoolgelde	<u>390. 4. 6</u>	£1,608.16. 8
		<u>£57,421.19. 9</u>

Bedrag oorgebring			£57,421.19. 9
Kosinrigting aan Staatsmeisieskool te Pretoria:			
tekort aan kosgelde meubels	£767.10.10	£211. 7. 7	
minus intreegeld	<u>123.</u>	<u>£644.10.10</u>	£855.18. 5
Staatstehuis vir seuns in Pretoria:			
tekort aan kosgelde		£316.17. 6	
huisvader en assistente meubels	£904.3. 7	350. -. -	
minus intreegeld	<u>234.</u>	<u>£670. 3. 7</u>	£1,337. 1. 1.
onderwys en verpleging van doofstommes en blindes:			
skool-, kos-, reisgelde, klere ens.		£612.11.10	
minus bydraes van ouers		<u>34. 5</u>	£578. 6.10
studiebeurse:			
uitbetaalde beurse		£2,975. 4.10	
salaris sekretaris van beurskommissie en toesig oor leerlinge in Nederland		<u>300.</u>	£3,275. 4.10
honoraria aan verdienstelike onderwysers (-esse)			260.
toelae Onderwysersvereniging, Z. A. R. eksamens			50.
			<u>pro memorie</u>
			<u>£63,778.10.11</u>

aan onderwys is. Om hierdie rede het die Superintendent van Onderwys die uitgawe aan subsidies geneem as die basis vir berekening van die gemiddelde uitgawe per kind per jaar¹).

Daar is ook ander faktore wat die waarde van so 'n norm van vergelyking beïnvloed. So byvoorbeeld word die aantal leerlinge wat in 'n bepaalde jaar op skool was, soms deur die Superintendent aangegee as die totaal van alle leerlinge in alle skole op 'n bepaalde tydstip, sê 1 Desember; soms word die gemiddelde skoolbezoek vir die hele jaar aangegee. Laasgenoemde is natuurlik die betroubaarste, maar dikwels het die Superintendent nog nie al die skole se presensielyste tot sy beskikking gehad wanneer hy sy jaarverslae moes opstel nie, en dan was hy genoodsaak om skattings te maak²).

1. Wat waarskynlik 'n meer korrekte weergawe van die posisie sou gee, is om die uitgawe aan elke tipe inrigting te gee (kyk tabel XX). Dan moet alle indirekte uitgawes (o.a. salarisse van Onderwysdepartementspersoneel en inspekteurs) ook na verhouding van die aantal kinders proporsioneel bygereken word, maar die werk staan nie juis altyd in direkte eweredigheid tot die afgesonderde bedrag geld nie.
2. Dit is ook nie moontlik om tans korrekte gegewens uit primêre bronne saam te stel om die Supt. se skattings uit te skakel nie aangesien dit nie bekend is watter deel van die gegewens op skattings gebaseer is nie. Die primêre bronne is ook nie almal bewaar nie.

Dieselfde geld vir die uitgawes aan onderwys vir 'n bepaalde jaar, daar sommige skole hulle rekeningstate vir subsidie so laat ingestuur het dat dit nie betyds was vir samestelling van sy verslae nie, en in sulke gevalle moes hy maar terugval op gissings na aanleiding van vorige kwartale se state. Hoewel die gegewens dus nie heeltemal betroubaar is nie, gee dit tog 'n redelike goeie aanduiding van die algemene neiging in die onderwys, aangesien dieselfde maatstaf van beoordeling deurgaans gebruik is.

Dr. Mansvelt het in sy oorsig van die jaar 1895¹⁾ onder andere die volgende ontleding ten opsigte van gemiddelde koste per kind per jaar aangegee: Die totale uitgawe van £63,778.10.11 is bestee ten behoeve van 60 leerlinge aan die Gimnasium, 259 leerlinge aan die Staatsmodelskool, 128 leerlinge aan die Staatsmeisieskool, 4 beursleerlinge wat in Nederland studeer het, 11 blindes en doofstommes wat te Worcester opgevoed word en 7,217 leerlinge wat gesubsidieerde onderwys geniet het. Dit is ongeveer 'n gemiddeld van £8.6.1 per kind per jaar.

Tabel XX.

Gemiddelde staatskoste per leerling per jaar vir die verskillende tipes van skole vir die jaar 1895²⁾.

Skool.	Gem. aantal leerlinge.	Uitgawe. Totaal.	Gemiddeld per leerling.
Gimnasium.	60	£4,076.11. 7	£67.18. 10 $\frac{1}{2}$
Modelscool.	259	2,584. 3. 5	9.19. 6 $\frac{1}{2}$
Meisieskool.	128	1,608.16. 8	12.11. 4 $\frac{1}{2}$
Staatstehuis.	59	666.17. 6 ³⁾	11. 6. 0 $\frac{1}{2}$
Kosinrigting vir meisies,	31	274.18. 7 ⁴⁾	8.17. 4 $\frac{1}{2}$
Doofstommes en bindes.	11	578. 6.10	52.11. 6 $\frac{1}{4}$
Gesubsidieerde skole.	7,217	42,849. 7. 5	5.18. 8 $\frac{3}{4}$

1. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 5.

2. Ibid.

3. In hierdie bedrag vir die staatstehuis is nie inbegryp die bedrag van £670.3.7 vir huisraad, beddegoed, kombuisgereedskap ens. nie, aangesien hierdie aangekoopte items waarde bly verteenwoordig en dus nie in berekening gebring word by die jaarlikse uitgawe per leerling nie.

4. Ewe min as by die staatstehuis is vir hierdie inrigting die uitgawe van £644.3.7 vir huisraad ens. meegereken.

Van die leerlinge wat in 1895 onderwys ontvang het, het so-
wat negetiendes laer onderwys geniet en eentiende middelbare onder-
wys¹⁾, soos tabel XXI hieronder aantoon. Daar was dus 'n geleideli-
ke verhoging van die aantal kinders in die hoër klasse.

Tabel XXI.

Persentasie leerlinge in elke standerd in 1895²⁾.

St.1.	St.2.	St.3.	Totaal laer onderwys.	St.4.	St.5.	St.6.	Totaal middelbare onderwys.
50%	25%	16%	91%	6 ¹ / ₆ %	2 ⁵ / ₁₂ %	2 ⁵ / ₁₂ %	9%

As die staat die onderwys subsidieer, dan het die staat die
reg om te verwag dat die beste gebruik van daardie geld gemaak moet
word. S6 het dr. Mansvelt gedink, en hy was dan ook nie tevrede
met die skoolbesoek van sy dae in die Republiek nie. In 1892 was
die skoolversuim 14%³⁾, in 1893 was dit 13¹/₃%⁴⁾, die volgende jaar
was dit 10¹/₃%⁵⁾ en in 1895 was dit 11%⁶⁾. In die wykskole was die
skoolbesoek veel getrouer as in die dorpskole en op die goudvelde.
Die Superintendent vergelyk dit met die van ander state, waar die
skoolversuim die volgende was: Natal 13%, Nederland 10¹/₃% en Enge-
land 22%⁷⁾. Hoewel die Republiek se skoolbesoek gunstig vergelyk
met die van genoemde drie state, was dr. Mansvelt nog gladnie daar-
mee tevrede nie, want in sy jaarverslag van 1895⁸⁾ skrywe hy: „Wel-
licht zal binnenkort de vraag gesteld moet worden, of niet de tijd
gekomen is om, althans voor de kinderen van dorpsbewoners en die
der Goudvelden, wettelijke bepalingen omtrent verplicht schoolbe-
zoek vast te stellen". Die belangrikste redes vir swak skoolbesoek
was onder andere afwesigheid van kinders om hulle ouers tuis te help

1. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 7.
2. Ibid.
3. Staatsalmanak vir 1894, 75.
4. Ibid., vir 1895, 72.
5. Onderwysverslag oor die jaar 1894, 22.
6. Ibid., 1895, 8.
7. Ibid.
8. Ibid.

gedurende ploeg- en oestyd, wintertrek na die bosveld en vol spruite op plase in die reëntyd. As ons hierdie faktore in ag neem, moet ons erken dat die skoolbesoek wel baie goed was. Nietemin wou dr. Mansvelt dit nog beter hê, want hy het geredeneer dat as die skoolversuim deur die jaar 10% is, dan beteken dit dat 10% van die uitga-we aan onderwys 'n swak belegging is. Daarom doen hy in sy jaarverslag oor die jaar 1895¹⁾ aan die hand dat daar weer oorweging geskenk moet word aan die moontlikheid om, soos dit vroeër die geval was, 'n sekere minimum aantal dae per kwartaal en per maand²⁾ vasgestel moet word waarop 'n kind in die skool moet wees alvorens hy op subsidie vir daardie kwartaal geregtig sou wees. Hy wou dus geen staatsgeld bestee waarvan daar nie die beste gebruik gemaak word nie.

(8) Partikuliere inisiatief of staatsonderwys?

By die bespreking van die finansiering van enige onderwysstelsel bly die kernvraag altyd: Wie is verantwoordelik vir die onderwys van die opgroeiende jeug: die ouer of die staat? In albei gevalle kom die geld van die belastingbetaler, en daarom is dit nodig om vas te stel van wie die inisiatief vir die onderwys van die kinders moet uitgaan: staat of ouer. Dr. Mansvelt het soos Du Toit uitgegaan van die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders en dat die regering sy bemoeiinge met die skoolwese moet beperk tot die aanmoediging van partikuliere inisiatief en toesig³⁾ en kwartaallikse subsi-

1. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 8 en 9.

2. Kyk bl. 137-8. hierbo. Die Du Toit-wet het 'n minimum teenwoordigheid van 50 vol dae per kwartaal gestel voordat subsidie betaal sou word; in sy konsepwet het dr. Mansvelt dit op 55 dae per kwartaal gestel of 18 dae per maand. Dis egter nie in die Mansvelt-wet opgeneem nie. Nou stel hy weer voor (Onderwysverslag oor die jaar 1895, 8 en 9): „Gaarne zou ik derhalve U.H.Ed. in overweging geven, de meening des volks te doen vragen over de bepaling dat voor een leerling over het geheele kwartaal subsidie uitbetaald zal worden, indien hij minstens 45 schooldagen de school bezocht heeft met dien verstande echter, dat voor een maand, waarin hij minder dan 8 dagen school gegaan heeft, de subsidie vervalt; en dat een kind, dat een deel des kwartaals ingeschreven was als leerling, een evenredig aantal dagen de school moet bezocht hebben om de commissie aanspraak op subsidie te geven voor twee maanden of een maand“.

3. Wet no. 1 van 1882, art.1, en Wet no.8 van 1892, art.1.

dies aan die skoolkommissies uitbetaal, onder vasgestelde voorwaardes; maar sommige ouers kon of wou weens armoede nie hierdie beginsels help uitvoer nie. Sommige ouers was tevrede met 'n paar maande¹⁾ onderwys vir hulle kinders, en enkeles het selfs heeltemal onverskillig daarteenoor gestaan.

In 1893 het die Superintendent in die Volksraad verklaar dat die ouers vir die opvoeding van hulle kinders moet sorg, terwyl die staat geldelike steun verleen. Daarna het hy na aanleiding van die laksheid van sommige ouers om skoolgeld te betaal daarop gewys dat daar twee weë oop is, naamlik om óf hierdie beginsel te handhaaf óf om staatsonderwys in te voer²⁾. Hyself wou graag sy beginsel handhaaf, en daarom het hy voorstelle voorgelê om die subsidies te verhoog, veral vir wykskole op die platteland³⁾.

Armoede in sommige dele van die land het hom ook sterk laat dink aan die invoering van staatsonderwys, want in die Volksraad het hy in 1895 te kenne gegee dat hy reeds daaraan gedink het of dit nie raadsaam is om staatsonderwys in te voer nie. Hy het egter verklaar dat hy besef dat dit teen die beginsel en oortuiging van die grootste deel van die bevolking is wanneer die staat onderwys in eie hande neem, en daarom moet die staat die onderwys soveel moontlik tegemoetkom, maar die inisiatief moet nog van die ouers uitgaan. Hy hou dus nog by die beginsel van die wet, naamlik partikuliere inisiatief⁴⁾.

Ds. P. Postma van die Gereformeerde Kerk in Transvaal het by geleentheid van die opening van die eerste algemene vergadering van die V. V. O. O. Z. A. op 16 April 1895 verklaar dat daar by die ouers behoefte aan onderwys behoort te bestaan, „want als de ouders zoo onverschillig bleven zou men komen op het punt van Staatscholen”. Hy was self teen staatskole maar het erken dat daar in die vorige 12 jaar nie veel vooruitgang op die platteland te bespeur was nie⁵⁾.

1. Onderwysverslag oor die jaar 1893, 3.

2. V.R.N., 5 Aug. 1893.

3. V.R.N., 31 Mei 1894, art. 31 en 39.

4. V.R.N., 22 Mei 1895, art. 153.

5. Notule, Eerste Algemene Vergadering van V.V.O.O.Z.A., 1895; Ook De Volksstem, 16 April 1895.

Hierdie konferensie van die V.V.O.O.Z.A. was ook van mening dat die inisiatief van die ouer moet uitgaan, dat die kerk geroepe is om die ouers op hulle roeping teenoor hulle kinders te wys en dat die staat baie kan doen.

In sy onderwysverslag oor 1895¹⁾ het die Superintendent verklaar dat partikuliere inisiatief nie meer tred hou met die hoër eise van die tyd nie. Hy verklaar voorts in genoemde verslag dat dit vir hom, na die Jameson-inval, 'n groot vraag is of mens „ter wille van een beginsel, hoe goed en loffelijk ook in 't afgetrokke- ne, zich aan het gevaar mag blootstellen van alles te verliezen door te veel aan „particulier inisiatief' over te laten“²⁾. Hier het hy by die kruispad gekom: aanhou met partikuliere inisiatief of staatskole, en hy het daarna albei bewandel: staatskole vir die Uitlanders en gesubsidieerde skole vir die Boerebevolking.

B. Uitbreiding van die onderwys: Meer en ruimer subsidies, 1896 - 1899.

As gevolg van die mislukking van die Jameson-inval³⁾ het die Uitlanderagitatie aan die Rand tydelik tot stilstand gekom. Die onderwys was ook vir 'n kort rukkie ontwrig, daar sommige onderwysers opgekommandeer is of vrywillig by die kommando's aangesluit het.

Nog voordat die inval plaasgevind het, was daar al aanduidings dat die onderwys en opvoeding in die komende jaar groot veranderings sou ondergaan. 'n Versoekskrif van V.V.O.O.Z.A.⁴⁾ wat in Desember 1895 opgestel en aan die Volksraad gestuur is, sou as gevolg van die versteurings deur die Jameson-inval veroorsaak, eers in die volgende jaar bespreek word. Die Uitlanders het gekla dat daar nie genoeg vir die onderwys van hulle kinders aan die Rand gedoen word nie, en dit sou ook in die Volksraad bespreek word.

1. Wetgewing insake onderwys.

Die Uitvoerende Raad het op 27 Januarie 1896 konseponderwys-

1. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 18.

2. Ibid.

3. 30 Desember 1895 tot 1 Januarie 1896.

4. Kyk bl. 150-1 hierbo.

wette goedgekeur en dit in die Staatskoerant van 3 en 5 Februarie 1896 gepubliseer. Op 4 Mei het die Volksraad met sy jaarlikse sitting begin, en op 8 en 12 Mei¹⁾ het die Raad besluit om die konsep-onderwyswette na 'n onderwyskommissie²⁾ te verwys. Die konsepwet in verband met die modelboerdery en ambagskool is op 8 en 9 Junie deur die Raad bespreek en afgekeur³⁾.

Teen die einde van Julie is die konsepwette, saam met die onderwyskommissie se aanbevelings, deur die Volksraad bespreek en goedgekeur as Wet no. 14 van 1896⁴⁾.

a. Wet no. 14 van 1896.

Hierdie wet bestaan uit 14 artikels, wat in 9 afdelings verdeel is. Met uitsondering van die laaste afdeling handel almal in 'n meerdere of mindere mate oor die finansiering van die onderwys. Dit word opgevolg deur 'n bylae A, waarin die voorwaardes neergelê word vir die voorsiening van reistoelae aan onderwysers uit die buiteland.

(1) Reistoelae vir onderwysers uit die buiteland.

Solank die land nog nie uit sy eie opgroeiende jeug vol-doende onderwysers kon lewer om in sy behoeftes te voorsien nie, sal daar jaarliks 'n bedrag op die begroting geplaas word om daaruit die reiskoste van onderwysers wat uit die buiteland ingevoer word, te bestry⁵⁾. Neem 'n onderwyser die gestelde voorwaardes aan, dan moes hy so gou moontlik na die Transvaal kom om minstens drie jaar lank gesubsidieerde onderwys aldaar te gee⁶⁾. Onttrek hy hom egter binne die vasgestelde tyd aan sy verpligtings, dan moet hy die reiskoste plus 6% rente aan die regering terugbetaal⁷⁾.

Die ingekome memories, wat in 1896 deur die voorgenoemde
/onder-

-
1. V.R.N., 8 Mei 1896, art 77; 12 Mei 1896, artt. 123 en 126.
 2. Reeds in 1895 aangestel (V.R.N., 8 Aug. 1895).
 3. V.R.N., 9 Junie 1896, art. 536.
 4. E.V.R.B., 30 Julie 1896, artt. 1063 - 1087.
 5. Wet no. 14 van 1896, art. 1.
 6. Ibid., Bylae A, art. 2.
 7. Ibid., Bylae A, art. 3.

wyskommissie saam met die konseponderwyswette behandel is, is daar geprotesteer teen die invoer van buitelandse onderwysers en die hoë koste daaraan verbonde.

Met die oog op die tekort aan voldoende onderwysers was dit 'n noodsaaklike en goeie reëling ten einde enigsins in die nypende tekort aan onderwysers te probeer voorsien.

(2) Subsidie vir skoolmeubels.

Daar sal jaarliks 'n sekere bedrag geld op die begroting geplaas word om daaruit subsidies aan skoolbesture van gesubsidieerde skole toe te ken vir die aanskaffing van behoorlike skoolmeubels. Sodanige subsidie sal egter nie meer wees as die helfte van die bedrag wat aan skoolmeubels bestee is nie¹).

(3) Vergoeding van rente op kapitaal gebruik vir die bou van skole en onderwyserswonings.

Die Superintendent van Onderwys word gemagtig om aan skoolbesture wat skoolgeboue opgerig het tot sy bevrediging en dit vir onderwysdoeleindes gebruik, 'n driemaandelikse toelae toe te ken om daaruit die rente te betaal op die kapitaal wat gebruik is om die gebou op te rig. Die rentekoers mag egter nie meer as 8% wees nie.

Skoolbesture wat ingevolge artikel 1 van Wet no. 8 van 1893²) geld van die regering geleen het, hoef voortaan nie meer rente daarop te betaal nie maar sal ook nie vir daardie bedrag enige rentevergoeding ontvang nie. Skoolkommissies wat hierdie toelaes ontvang, mag nie aanspraak maak op vergoeding van huurgeld, soos vasgestel in artikel 1 van Wet no. 8 van 1893 nie³).

'n Toelae kon ook verkry word vir die oprigting van 'n onderwyserswoning onder dieselfde voorwaardes as vir skoolgeboue⁴).

(4) Ekstra subsidie aan wykskole.

Ten einde die kleiner wykskole aan die gang te probeer hou

1. Wet no. 14 van 1896, art. 2.

2. Kyk bl. 154 hierbo.

3. Wet no. 14 van 1896, art. 3.

4. Ibid., art. 4.

omdat die skoolbesture dit moeilik gevind het om dié tipe skole aan die gang te hou en omdat juis die wykskole in 'n groot behoefte op die platteland voorsien het, is hulle beter as in die verlede ondersteun deur 'n ekstra subsidie te betaal aan wykskole met 11 tot 14 leerlinge, teen 'n skaal wat deur die Superintendent vasgestel sou word¹).

(5) Toelae vir assistent of kwekeling.

Aan die besture van skole met 20 tot 30 leerlinge wat tot bevrediging van die inspekteur in drie of meer standerds van die skool versprei is, word 'n ekstra toelaag van £3 per maand kwartaalliks uitbetaal aan 'n assistent of kwekeling wat in die skool onderwys gee en deur die Superintendent goedgekeur is²).

Skole met 31 tot 38 leerlinge kon ook van hierdie subsidie onder dieselfde voorwaardes gebruik maak, met die verskil egter dat vir elke kind bo die 30 hierdie ekstra toelae met £1 per kwartaal verminder word³).

Hierdie toelae mag alleen gebruik word vir die besoldiging van 'n assistent of kwekeling en vir geen ander doel nie⁴).

Dit was 'n reëling wat die werk van die onderwyser sou vergemaklik deurdat daar met behulp van die assistent of kwekeling meer individuele aandag aan die leerlinge bestee kon word, wat vroeër nie die geval was nie ;want onder Wet no. 8 van 1892 sou vir 30 leerlinge net een onderwyser (sonder kwekeling)⁵) toegelaat word,terwyl 'n inskrywing van 30 tot 46 leerlinge eers die skool op 'n kwekeling geregtig sou maak⁶). 'n Verdere voordeel van hierdie wysiging is dat die skoolkommissie nou deur wetgewing verplig word om die ekstra subsidie uitsluitlik as salaris vir die kwekeling te gebruik.

(6) Subsidie vir losiesgelde.

Aan skoolbesture waarvan die skole en onderwysers aan

1. Wet no. 14 van 1896, art. 6.(kyk bl.178 hieronder).

2. Ibid., art.7.

3. Ibid., art.8,

4. Ibid., art.9.

5. Wet no. 8 van 1892, art. 35.

6. Ibid., art. 36.

die eise van die wet voldoen, sal 'n driemaandelikse toelae van £3 to £6 uitbetaal word ten behoeve van behoeftige leerlinge van hulle skool wat verder as drie myl van enige gesubsidieerde skool woon en vir wie in die nabyheid van só 'n skool . behoorlike voorsiening vir kos, inwoning en verpleging gemaak kon word¹⁾).

Sodanige kinders moet minstens 45 dae per kwartaal in die skool wees, behalwe in gevalle van ernstige siekte, in welke geval die kommissie bevredigende bewyse te dien effekte moet voorleë. Ouers van sulke kinders moet vooraf 'n ooreenkoms aangaan waarin hulle hulle verbind om die kinders vir minstens 6 maande skool toe te stuur.

Bewyse van algehele of gedeeltelike onvermoë van die ouers om kosgeld vir hulle kinders te betaal, moet deur die landdros of veldkornet en drie kerkraadslede onderteken wees²⁾

Hierdie maatreël was daarop bereken om heelwat meer kinders na die skool te bring , en dit het inderdaad in 'n groot behoefte voorsien. Die volste gebruik kon egter nie dadelik daarvan gemaak word nie, omdat dit aan die nodige losiesinrigtings naby die skole ontbreek het.

(7) Honoraria aan verdienstelike onderwysers ³⁾).

Bylae A van Wet no. 8 van 1892, artikel 4, afdeling 1 word soos volg gewysig: 60%⁴⁾ van die totale aantal kinders in die skool moet in hulle onderskeie standerds slaag en minstens 25% van die leerlinge in standerd 3 moet na standerd 4 oorgeplaas word.

Hierdeur is dit vir onderwysers makliker gemaak om in aanmerking te kom vir die honorarium aan verdienstelike onderwysers, aangesien die slaaggrens vir standerd 3 verlaag is van 40% na 25%.

Kinders in standerd 1 wat ten tyde van die inspeksie

1. Wet no. 14 van 1896, art. 10.

2. Ibid., art. 11.

3. Ibid., art. 12.

4. Dit bly onveranderd.

nog nie ses maande in die skool was nie, kom egter nie vir die doel in aanmerking nie.

Ten einde die verhoging van honoraria aan verdienstelike onderwysers wat deur die wet aangebring is, duidelik aan te toon, word die twee teenoor mekaar gestel¹).

Tabel XXII.

Honoraria aan verdienstelike onderwysers uitbetaal volgens

Wet no. 8 van 1892,

Wet no. 14 van 1896,

Bylaag A, art. 4 (1).

art. 12 (1).

1. Hoofonderwysers.

Na 3 jaar diens £10.

Na 3 jaar diens £15.

Na 10 jaar diens £15.

Na 6 jaar diens £20.

Na 15 jaar diens £20.

Na 10 jaar diens £25.

2. Hulponderwysers.

Na 3 jaar diens £5.

Na 3 jaar diens £10.

Na 10 jaar diens £10.

Na 6 jaar diens £15.

Na 15 jaar diens £15.

Na 10 jaar diens £20.

Hierdie geldelike tegemoetkoming aan verdienstelike onderwysers is in elke geval met £5 verhoog, en daarbenewens is die tydperke van diens ook van 10 en 15 jaar na 6 en 10 jaar respektiewelik verminder. Dit sou meer van hulle aanspoor om verdienstelike werk te lewer, veral ook omdat die name van sulke verdienstelike onderwysers van tyd tot tyd in die Superintendent se jaarverslae gepubliseer is en omdat baie van hulle na hoër poste bevorder is.

Wet no. 14 van 1896 het op 1 Oktober 1896 in werking getree²) en het baie geldelike tegemoetkomings in belang van die on-

1. Kyk tabel XXII op bl. 175 hierbo.

2. Wet no. 14 van 1896, art. 14.

derwys gemaak. Die toepassing van die wet sou groter uitgawes vir die staat meebring, maar die Superintendent en die Volksraad was bereid om hierdie uitgawes te maak nadat hulle op die meriete van elke afdeling van die voorgestelde wysigings ingegaan het. Hierdie verbeterings het hoofsaaklik betrekking gehad op die onderwys van die Hollandsprekende deel van die Republiek se bevolking.

Vergelyk ons nou hierdie wetgewing met die versoeke wat die V. V. O. O. Z. A. in Desember 1895 in hulle versoekskrif aan die Volksraad gestuur het, dan vind ons dat die onderwysersvereniging groot rede tot dankbaarheid kon hê omdat/soveel van hulle versoeke voldoen is¹), want onder andere is losiesbeurse ingestel, hulp is verleen met die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswoningen, die invoer van onderwysers is geldelik ondersteun, en aan die onderwys in sy geheel is meer geld vir doeltreffender onderwys beskikbaar gestel.

b. Verdere besonderhede i.v.m. die onderwyswetgewing.

Dr. Mansvelt het gebruik gemaak van die Schoolgids om die onderwysers, skoolbestuurders en belanghebbendes by die onderwys in te lig oor die onderwyswetgewing, en waar wette misken nie duidelik gestel was nie, het hy die werking daarvan nader toegelig en die lesers ook op hoogte gehou sowel van wysigings wat aangebring is aan bestaande wette, as van toevoegings daaraan. In die Supplement-Schoolgids van 1896 en die Schoolgids van 1898 is heelwat belangrike verduidelikings gegee wat betrekking het op Wet no. 14 van 1896, en gerieflikheidshalwe word dit hier behandel om daarby beter aan te sluit.

(1) Insake subsidie vir skoolmeubels².

Skoolkommissies wat na 1 Oktober 1896 behoorlike skoolmeubels aangeskaf en in gebruik geneem het, kan aansoek doen om vergoeding uit die landskas vir hoogstens die helfte van die bedrag wat daarvoor betaal is. Vir die doel is van skoolkommissies

1. Kyk bl. 150 hierbo vir versoeke.

2. Art. 2 van Wet no. 14 toegelig in Supplement-Schoolgids, 1896, 15 en 16.

verlang om 'n gespesifiseerde rekening aan die Onderwysdepartement voor te lê vergesel van

- (a) 'n verklaring van die inspekteur dat hy die meubels gesien en geskik bevind het ;
- (b) die gespesifiseerde rekeninge van leweransiers van die meubels (die helfte van die bedrag);
- (c) soveel moontlik gespesifiseerde en gekwiteerde rekeninge vir vrag- en verdere aangegane onkoste ter opstelling van die meubels in die skoolgebou.

Het die skoolkommissie dus vir £45 skoolmeubels gekoop en daarby £5 onkoste gehad ,dan stuur hy aan die Departement 'n rekening van $\frac{£45 \text{ plus } £5}{2} = £25$.

Hierdie duidelike uiteensetting van die prosedure wat gevolg moes word , het baie onnodige werk vir die Departement voorkom, en tegelykertyd sou daar op die manier nie onnodige en onwettige uitbetalinge gemaak hoef te word nie.

(2)Ekstra subsidie aan wykskole¹).

Aan skole met 10 of minder kinders is 'n ekstra subsidie van 10/- per leerling per kwartaal betaal. Vir 'n skool van 9 leerlinge het dit dus £4.10.- per kwartaal ekstra bedra ; vir 'n skool met 10 leerlinge was dit £5 ekstra. Tot hiertoe is vir skole met 11, 12, 13 of 14 leerlinge dus minder subsidie ontvang as vir 'n skool met 10 leerlinge.Om hierdie ongerymdheid uit te skakel is vasgestel dat ook aan 'n skool met 11 tot 14 leerlinge ekstra subsidie betaal sal word dog dat dit vir elke leerling bo die 10 met £1 verminder. Sulke skole ontvang volgens die volgende skaal subsidie:

1. Art. 6 van Wet no. 14 van 1896 toegelig in Supplement-Schoolgids, 1896 , 17 en 18.

Skaal van subsidies met verminderde ekstra subsidie vir skole
met 9 tot 15 leerlinge volgens art.6 van Wet no. 14/1896.

Per kwartaal.

<u>Aantal leerlinge</u> <u>in die skool.</u>	<u>Gewone</u> <u>subsidie.</u>	<u>Ekstra</u> <u>subsidie.</u>	<u>Totaal.</u>
9	£13.10	£4.10	£18
10	15	5	20
11	16.10	4	20.10
12	18	3	21
13	19	2	21.10
14	21	1	22
15	22.10	geen	22.10

Hierby is gereken dat daar aan skoolgelde en vrywillige bydrae minstens 'n kwart ontvang is van die bedrag gewone subsidie waarop hulle aanspraak maak, en verder dat alle leerlinge laer onderwys geniet. Is daar minder ontvang, dan word die gewone subsidie eweredig verminder, terwyl die ekstra subsidie dieselfde bly. Is daar middelbare onderwys-leerlinge, dan word die gewone subsidie 'n weinig hoër.

Die ekstra subsidie aan skole met minder as 10 kinders(10/- per kind) sou dan die volgende wees:

Skaal vir ekstra subsidie vir skole met 5 - 14 leerlinge volgens art.6 van Wet no. 14 van 1896¹).

<u>Aantal leerlinge.</u>	<u>Per kwartaal.</u>	<u>Ekstra subsidie.</u>
5		£2.10
6		3
7		3.10
8		4
9		4.10
10		5
11		4
12		3
13		2
14		1
15		geen.

(3) Toelae vir eerste assistent of kwekeling¹⁾.

Hierdie toelae sal toegeken word aan assistente of kwekelinge wat volgens wet goedgekeur is en die inspekteur bevredig het. Daar sal streng gelet word op die inspeksie aangesien die toelae nie 'n subsidie vir leerlinge is nie maar vir die kwekeling of assistent-onderwyser. Die volgende skaal van subsidie met verminderde toelae is gebruik:

Skaal van subsidie met verminderde toelae vir 'n assistent of kwekeling vir skole met 29 -39 leerlinge - Wet 14/1896.

Per kwartaal.

Aantal leerlinge in die skool.	Subsidie	Toelae	Totaal.
29	£43.10	29	£52.10
30	45	9	54
31	46.10	8	54.10
32	48	7	55
33	49.10	6	55.10
34	51	5	56
35	52.10	4	56.10
36	54	3	57
37	55.10	2	57.10
38	57	1	58
39	58.10	geen	58.10

(4) Spesiale besluite van die Volksraad.

Behalwe Wet no. 14 en 15 van 1896, wat groter geldelike voorsiening vir die onderwys gemaak het, het die Volksraad ook nog in sy sitting van 1896 'n paar besluite rakende die onderwys geneem:

(a) Subsidie aan gratis leerlinge.

Artikel 1093 van die jaar se Volksraadnotule ²⁾ bepaal dat die subsidie vir werklik onvermoënde kinders (gewoonlik gratis leerlinge genoem) met 10/- per kwartaal verhoog word na 40/- per kwartaal.

(b) Verplaasbare skoolgeboue.

'n Bedrag word op die begroting geplaas vir die aanskaf en ingebruikstel van verplaasbare skoolgeboue en onderwyserswonings³⁾. In sy toeligting het dr. Mansvelt daarop

1. Schoolgids, 1898, 26 en 27 en Supplement-Schoolgids 1896, 18 en 19 ; vgl. Wet no. 14 van 1896, artt. 7 - 9.
2. Supplement-Schoolgids, 1896, 9.
3. V.R.N., 1896, art. 1094, en Supplement-Schoolgids, 1896, 9 en 20.

gewys dat dié geboue inmekaar gesit kon word en ook weer uitmekaar gehaal kon word as dit nodig was¹). Dit sou kosteloos deur die regering aan skole verskaf word, maar bly die regering se eiendom, en die skoolkommissies moes verantwoordelikheid daarvoor onderneem.

Hierdie tipe skole het later egter geblyk te duur en dus te onekonomies te wees om te gebruik.

(c) Skoolhuur.

Artikel 1097 van die Volksraadsnotule van 1896 het artikel 1 van Wet no. 8 van 1893 soos volg gewysig:
„Waar zulks haar wenschlik en noodzaak²lik voorkomt , heeft de Regeering de bevoegdheid, aan wijksholen een maandelijksche toelage voor huishuur te verleenen naar het volgend tarief²):

20/- vir 'n skoolkamer geskik en gebruik vir hoogstens 10 kinders,
30/- vir 'n skoolkamer geskik en gebruik vir hoogstens 20 kinders,
40/- vir 'n skoolkamer geskik en gebruik vir hoogstens 30 kinders
en verder vir elke 10 kinders of deel daarvan bo die dertig leerlinge 10/- meer.

(d) Weiering van uitbetaling van subsidie.

Miskien omdat dr. Mansvelt voortdurend met die opmaak van sy onderwysverslag, sy verskillende state en die onderwysbegroting moes wag vir state van skole wat te laat ingedien is, is artikel 1138 van die Volksraadnotule as besluit gepasseer waardeur aan die Superintendent magtiging verleen is om die uitbetaling van subsidies te weier vir die kwartale van 'n vorige jaar indien die rekeninge en state ingestuur word na 15 Februarie van die volgende jaar³).

1. V.R.N., 1896, art. 1094 en Supplement-Schoolgids 1896, 9 en 20.

2. Supplement-Schoolgids, 1896, 9; Schoolgids 1898, 28 - 29.

3. Supplément-Schoolgids, 1896, 28 en 29.

(5) Vrywillige bydraes.

Daar was nie vir die onderwysers en skoolbesture volkome duidelikheid oor wat onder vrywillige bydraes bedoel is nie.

Onder vrywillige bydraes word die volgende gereken:

- (i) Bydraes van kerke, liefdadigheidsgenootskappe of ander verenigings ter stywing van die skoolfonds ;
- (ii) waarde van kos en inwoning aan die onderwyser verskaf in geldwaarde geskat;
- (iii) huurwaarde van die onderwyserswoning, mits die regering geen rente op die kapitaal vir die oprigting van die gebou betaal nie ;
- (iv) die helfte van die bedrag uitgegee aan skoolbanke, mits die bedrag nie uit die skoolfondse betaal is nie;
- (v) gelde wat die skoolkommissie ontvang het vir die aankoop van leermiddele, skoolboeke en skoolbehoefte;
- (vi) skoolgelde betaal deur leerlinge in die skool maar wat nog onder standerd 1 is, dus kinders in die skool maar nog onder 6 jaar oud¹).

(6) Aankoop van sink en hout²).

Die skoolkommissie sou vergoed word vir die koste van die hout, sink, deure en vensters wat gebruik is vir die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings. Hiervoor is volledige en gespesifiseerde state, rekenings en kwitansies verlang alvorens die uitbetaling daarvan sou geskied.

(7) Die betekenis.

Die voorgenoemde toeligting by sekere onderwyswette of sekere artikels daarvan was van baie groot hulp en waarde vir sowel die onderwysers as die skoolkommissies om hulle duidelik op hoogte te stel van die inhoud en doel van die wetgewing. Ook is voorbeelde verstrekkend van hoe verskillende state ingevul moes word. Wat ook baie nuttig was, was die skale vir die berekening van die ekstra subsidie aan skole met 11 tot 14 leerlinge en die skaal

vir die berekening van die toelae aan kwekelinge of assistente,

1. Schoolgids, 1898, 21.

2. Ibid., 69.

want hieroor het nie volkome duidelikheid bestaan nie.

Die spesiale besluite van die Volksraad ten opsigte van die verbetering van die onderwys, wat in die Schoolgids en Supplement-Schoolgids verskyn het, sou andersins miskien baie moeilik onder die aandag van skoolbesture en onderwysers gekom het, waardeur die onderwys en opvoeding van die jeug kon ly.

Ook die verduideliking van wat alles onder vrywillige bydraes gereken kon word, het die skole se toelaes vermeerder. Die mededeling dat skoolkommissies vergoed sou word vir die koste van hout, sink, vensters en deure is allerweë verwelkom, want juis dit was die sake wat baie geld gekos het by die oprigting van skole en onderwyserswonings. Die stene en arbeid was gewoonlik nie 'n groot probleem nie, veral op die platteland. Dit het dan baie daartoe meegehelp dat meer skoolgeboue vinniger opgerig kon word gedurende die laaste paar jaar van die Republiek se bestaan.

c. Wet No. 15 van 1896.

(1) Faktore wat gelei het tot Wet no. 15 van 1896.

Ten tyde van die Jamson-inval, op die môre van 30 Desember 1895, het 'n Johannesburgse deputasie president Kruger gaan spreek om op sekere gegronde griewe te wys. Die President het daarop beloof om sommige van die punte deur hulle geopper, vir oorweging aan die Uitvoerende Raad voor te lê. Een van hierdie punte wat van belang is vir hierdie studie was: „Gedeeltelike subsidie voor scholen waarin tot op zekere hoogte het Engelsch het medium van onderwijs was”¹). 'n Konsepwet is opgestel met die doel om aan hierdie belofte uitvoering te gee.

Die opstelling van hierdie wet het baie oorweging gekos, omdat dit oor so 'n uiters netelige kwessie gehandel het. Die konsepwet vir die verdere voorsiening in die onderwys en opvoeding van kinders van vreemdelinge op die geproklameerde goudvelde in die Republiek is deur die Uitvoerende Raad in Januarie goedgekeur²),

1. Van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid Afrikaansche Republiek, 693.

2. Ms.R.880/96 in R.2666/96. Goedgekeur by U.V.R.B., 27.1.1896, art.54.

dog later in die jaar het die onderwyskommissie dit afgekeur en is al die artikels deur ander vervang, om eindelijk deur die Volksraad as Wet no. 15 van 1896 goedgekeur te word op 30 Julie 1896¹). Dit was heeltemal iets anders as die voorlopige toesegging van die Staatspresident aan die Johannesburgse deputasie op 30 Desember 1895.

(2) Inhoud van Wet no. 15 van 1896²).

Die aanhef van hierdie wet is van belang, want daarin word die doel van die wet³) nader omskrywe in die woorde : „Nademaal het gebleken is , dat door de Wetten en Volksraadsbesluiten, regelende het onderwijs in de Z.A.Republiek, niet genoegzame voorziening gemaakt is voor de opvoeding en het onderwijs der kinderen van behoeftige ouders en van vreemdelingen op de geproclameerde goudvelden, zoo wordt hierbij bepaald en vastgesteld als volgt⁴).

Die wet self bepaal dat waar daar op die geproklameerde goudvelde geen of nie genoegsame voorsiening gemaak is vir die onderwys en opvoeding van blanke kinders wie se ouers op die goudvelde woon nie, kan die Uitvoerende Raad, op voorstel van en in ooreenleg met die Superintendent van Onderwys , die nodige voorsiening maak vir skoolgeboue en onderwyserswonings, onderwysers aanstel en besoldig, kommissies van toesig en beheer benoem en verder alles doen wat kan help om die onderwys en opvoeding op die dorpe en, waar nodig op ander plekke op die geproklameerde goudvelde te bevorder⁵).

Die onderwys sal in sulke skole aan kinders van Hollands-sprekende ouers in die landstaal gegee word⁶).

1. E.V.R.B., 30 Julie 1896, artt. 1088- 1092.

2. Ibid.

3. Die naam van die wet is „Ter verdere voorziening in het onderwijs en de opvoeding van blanke kinderen op de geproclameerde goudvelden in de Z.A.Republiek“. Let wel: Die konsepwet maak voorsiening vir die onderwys van kinders van vreemdelinge; die finale wet maak voorsiening vir die onderwys en opvoeding van blanke kinders op die geproklameerde goudvelde. Kyk voetnoot 1 bl. 185.

4. Aanhef van Wet no. 15 van 1896.

5. Wet no. 15 van 1896, art. 1.

6. Ibid., art. 2.

Die leerplanne vir kinders van nie-Hollandssprekende ouers in sulke skole sal, met die goedkeuring van die Uitvoerende Raad, deur die Superintendent van Onderwys vasgestel word, „doch steeds in den geest en volgens de strekking van de Wetten op het Onderwijs en de desbetreffenden Volkraadsbesluiten“ ¹⁾.

Artikels 4 en 5 van die wet bepaal dat die Superintendent van Onderwys jaarliks behoorlike verslae oor die werking en bestuur van sulke skole moet voorlê en moet sorg dat dit geïnspekteer word, en verder dat die wet onmiddellik na die publikasie daarvan in die Staatskoerant in werking tree²⁾.

(3) Bespreking van die wet.

By nadere beskouing van hierdie wet herken mens nie daarin 'n wet wat spesiaal bedoel is vir die daarstelling van meer onderwysfasiliteite vir die kinders van die Uitlanders aan die Rand nie. Dit is tog wat hierdie wet aanvanklik beoog het, gesien in die lig van president Kruger se belofte aan die Randse deputasie op 30 Desember van die vorige jaar. Wat hy belowe het, was 'n gedeeltelike subsidie aan skole waarin Engels in 'n sekere mate die medium van onderrig was. Eerstens maak hierdie wet voorsiening vir die kinders van behoeftige ouers en vreemdelinge op die goudvelde; Hollandssprekende kinders word dus ingesluit, mits hulle ouers behoeftig is. Tweedens kry ons die groot afwyking van sy belofte van gedeeltelike subsidie na die instelling van staatsonderwys, dus baie meer as wat hy belowe het. Derdens word die inisiatief met hierdie wet uit die hande van die ouers geneem en oorgedra na die staat, want die Uitvoerende Raad sal op voorstel en in oorleg met die Superintendent van Onderwys nie alleen sorg

1. Wet no. 15 van 1896, art.3.

2. Die inhoud van al vyf artikels van hierdie wet is hierbo gegee nie omdat almal direk betrekking het op die finansiering van die onderwys nie, maar omdat die bewoording van die wet sowel die latere toepassing en werking daarvan, as die uitgawe wat as gevolg van die wet aan onderwys gemaak is, beïnvloed het.

vir die nodige skoolgeboue en onderwyserswonings nie maar ook vir die aanstelling en besoldiging van onderwysers -dus algehele staatsonderwys.

Waarom is daar so ver afgewyk van president Kruger se belofte van 30 Desember ? Kan dit wees dat die volle implikasie van die Jameson-inval eers later ten volle oorweeg en besef is en dat die betrokke onderwyswet 'n resultaat van hierdie oorweging is ? Hierdie veronderstelling skyn die naaste aan reg te wees¹⁾. Die Staatspresident, Mansvelt, die onderwyskommissie en die Volksraad wou blykbaar die finale seggenskap oor onderwys aan die Rand in die hande van die staat hou. Mansvelt wou hê die Uitlanderkinders aan die Rand moes in die skole Nederlands leer om hulle „ongemerkt onder onzen invloed te krijgen en de Jingogeest uit te bannen“²⁾, sodat deur middel van die regte onderwysbeleid „dien kleinen addertjes ongemerkt de gifttandjes zullen worden uitgetrokken en zij onschadelijk uit de school de maatschappij zullen intreden“³⁾. Malherbe⁴⁾ wys daarop dat die aantal ure onderrig in die Hollandse taal⁵⁾ wat die Uitlanders moes kry, gering was, en kom tot die gevolgtrekking dat „it is difficult to see that the S.A.Republic could have insisted on anything less“⁶⁾ without endangering their national integrity. No other country would have shown as much

1. President Kruger se belofte : Gedeeltelike subsidie aan skole waar- in Engels in 'n sekere mate die medium van onderrig was. Die konsepwet se hoofgedagte was: „Waar op de geproclameerde goudvelden in deze Republiek geene, of geene genoegzame voorsiening gemaakt is voor het onderwijs en de opvoeding van de kinderen van vreemdelingen op zulke goudvelden wonende, kan de Regeering op voorstel van en in overleg met den Superintendent van Onderwijs de noodige voorziening maken voor schoolgebouwen en onderwijzerswoningen, onderwijzers aanstellen en bezoldigen, commissiën van toezicht en beheer benoemen, en verder alles doen wat strekken kan om het onderwijs en de opvoeding op zulke plekken te bevorderen“. Die finale wet: Voorsiening word gemaak vir die onderwys van kinders van behoeftige ouers en van vreemdelinge op die goudvelde, en dit sou deur die staat begin, opgerig en betaal word - dus staatsonderwys as eindresultaat.

2. L.A. 696 : Supt. v. Ond. - Prof. J. P. Moltzer, 8 Februarie 1896.

3. L.A. 696: Supt. v. Ond. - Mr. Frank van Lennep, 17 April 1896.

4. Malherbe: Education in South Africa, 288.

5. Vir Besluitskole: 5 u.p.w. onderrig in die Hollandse taal, en in skole opgerig onder Wet 15/1896 moes daar in st. 1 een uur p.w. onderwys in Hollands gegee word; in st. 2, 3 en 4 sou die hoeveelheid snel toeneem totdat in st. 5 alleen Hollands as medium gebruik word.

6. Kyk voetnoot 5 hierbo.

consideration to the language of the foreigner"; en dan vestig hy die aandag daarop dat in die Verenigde State van Amerika die veramerikaansing van vreemdelinge een van die wagwoorde van hulle onderwysstelsel is.

Met hierdie wet, wat voorsiening gemaak het vir onderwysfasiliteite op die goudvelde, het dr. Mansvelt die partikuliere inisiatief van die ouers in die onderwys laat vaar, want voortaan sou die inisiatief vir dié tipe skole van die Superintendent self uitgaan en nie meer van die ouers nie — dus volkome staatskole, hoewel die woord self nie in die wet voorkom nie.

Die geldelike steun wat hierdie wet aan die kinders van ouers op die goudvelde verleen ^{het} ~~is~~, was milder as vir die kinders van die Boerebevolking, want die skole op die goudvelde sou staatskole wees, en die staat sou die koste van die onderwys dra, terwyl die Boerebevolking slegs subsidies in verhouding tot die geldelike bydrae van ouers ontvang het. Malherbe¹⁾ beklemtoon ook hierdie feit waar hy sê dat "the Resolution (Art. 344 of 1892) and Law 15 of 1896, giving State aid to 'Uitlanders' exceeded the limits of liberality, since not even for the actual citizens of the Republic was so much done by the State as for the foreigners of the Goldfields. This caused dissatisfaction among the Boers, and many of them complained that with the per-pupil Government grant they had often great difficulty in raising enough money for a good school building and the salary of a competent teacher. The total per capita grant for the Boers was £10 and for the 'Uitlanders' £12.10 s.

It is hard to see how a foreign people could have expected better treatment in any other country as far as education was concerned."

(4) Toepassing en werking van die wet.

Volgens artikel 1 van die wet het die reg om kommissies vir

1. Malherbe: Education in South Africa, 287.

staatskole te benoem by die Uitvoerende Raad berus, en daarom het die Superintendent van Onderwys in Oktober 1896 konsepreëlings vir 'n skoolraad vir die Randse goudvelde opgestel¹). Dit sou bestaan uit 'n aantal lede, deur die regering vir 'n jaar benoem; dit sou belas wees met die toesig hou oor en beheer van die skole wat volgens dié wet ogerig sou word; dit sou dus 'n adviserende liggaam wees. Die regering sou die skoolraad van 'n gesalarieerde sekretaris voorsien. Die ondersoek na die noodsaaklikheid van 'n skool, geskikte plek vir die oprigting daarvan en ander sake sou deur die skoolraad aan die Superintendent voorgelê word, en skoolkommissies sou weer onder die skoolraad ressorteer.

Die konsepregulasies is deur die Uitvoerende Raad goedgekeur²), en kort daarna is 10 lede vir die skoolraad benoem asook 'n deeltydse sekretaris teen £300 per jaar aangestel³). Hy was egter onbekwaam en is geskors. Oor die aanstelling van sy opvolger en as gevolg van die feit dat die skoolraad net adviserende mag gehad het, het moeilikhede tussen die skoolraad aan die een kant en die Superintendent en die Uitvoerende Raad aan die ander kant ontstaan, wat gelei het tot die bedanking van die skoolraad⁴), en daarmee het Wet no. 15 van 1896 'n groot terugslag aan die Rand ondervind en sou dit min ondersteuning van die kant van die Randse Engelse kry.

Terwyl die wet aan die Rand nie byval gevind het nie, is dit deur die Engelse in Barberton verwelkom, en hulle het dáár selfs 'n mosie van vertroue in dr. Mansvelt aangeneem. Laasgenoemde het die ouers in Barberton toegesprek, en daarna het die Barberton Herald die wet aanbeveel⁵) en die vraag gestel: „Can it be that the Superintendent of Education is not understood at Johannesburg, or is it really a fact that the people of the Golden City possess an ineradicable repugnance of the teaching of Dutch in their schools,

1. R. 15187/96.

2. U.V.R.B., 6 Nov. 1896, art. 937.

3. Onder andere R.1570/97 in R.17608/96.

4. Vir meer besonderhede kyk ook Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 211 - 219.

5. Barberton Herald, 17 Nov. 1896.

even to the limited extent now required, and which it is admitted must not be allowed to interfere with or retard general school studies"¹).

Die goeie ontvangs van die wet in Barberton het dr. Mansvelt laat besluit om dadelik bekwame onderwysers vir die skool aldaar te verkry. Cornelis Jansen is in Nederland as hoof van die Barbertonse staatskool uitgesoek; hy is van £60 reisgeld voorsien en daarna het hy £112.1.6 ontvang as vergoeding vir sy 105 dae verblyf in Engeland om hom daar op hoogte van die Engelse onderwysstelsel te stel voordat hy werksaamhede op Barberton sou aanvaar²). Vroeg in 1897 het C. Jansen en drie assistente die staatskool op Barberton met 59 leerlinge begin. Al die leerlinge het hulle onderwys deur Engelsmedium ontvang, terwyl daar ook onderrig in die Nederlandse taal gegee is³).

Ten einde 'n sukses van die wet te probeer maak, het dr. Mansvelt getrag om baie bevoegde onderwysers vir dié doel in te voer, en daarom moes onderwysers van oorsee wat in die staatskole sou kom werk, eers 'n tydperk in Engeland vertoef om daar in 'n mate vertrouwd te raak met die Engelse onderwysstelsel. Tydens hul verblyf aldaar sou 25/- per dag verblyfkoste aan hulle betaal word⁴).

Waar die Engelse van Barberton tevrede was met Wet no. 15 van 1896 en daar nuttige gebruik van gemaak het, was dit aan die Rand nie die geval nie. Daar het dit misluk hoofsaaklik omdat dit in die belang van die anti-Hollandse Uitlandergroep was om deur die opponering van die wet hulle eie skole, deur die "Council of Education" gestig en geldelik gesteun, aan die gang te hou ten einde hulle nasionaliteit te behou. Dit is hoofsaaklik bewerkstellig deur die toespraakmakers van die anti-Hollandse groep, wat ook meesal

1. Barberton Herald, 17 Nov. 1896.

Vgl. ook Malherbe: Education in South Africa, 288: "There is no doubt, that the bulk of the foreigners allowed themselves to be misled and misinformed by their political leaders with regard to the intentions of the Education Department".

2. L.A.693: Verslag van die "Fonds", Mansvelt - Geheim.

3. Onderwysverslag oor die jaar 1897, 51.

4. L.A.693: Verslag van die "Fonds".

die invloedryke persone van die „Council of Education” was. Ook was hulle daarteen gekant dat hulle kinders Hollands moes leer, omdat dit volgens hulle oordeel onnodig was. As hulle in hulle agitatie om die gelykstelling van Engels met Hollands kon slaag, sou hulle doel bereik wees, en hulle het blykbaar gehoop om uiteindelik deur volharding in hulle doel te slaag.

Die mislukte poging om 'n skoolraad vir die Randse goudvelde saam te stel, het die onderwys ingevolge Wet no. 15 van 1896 aan die Rand gestrem, terwyl die skole wat onder dieselfde wet op plekke soos Klerksdorp, Barberton en enkele plekke aan die Rand, waar die leidende persone die wet goedgesind was, 'n sukses was¹).

Met verloop van tyd het die regering besef dat die toenemende aantal Uitlanders 'n steeds groter gevaar vir die land se nasionale veiligheid geword het, en daarom is die taalregulasies in Oktober 1898 verskerp deur voor te skryf dat die minimum tyd wat aan Hollands bestee moes word, die volgende moes wees²): Minstens een uur per dag in standerds 1 en 2, 1½ uur per dag in standaard 3, 2 uur in standaard 4, 3 uur in standaard 5 en tweederdes van die skooltyd in standaard 6 en hoer. Hierdie verskerpte regulasies het baie teenkanting van die Engelse gemeenskap aan die Rand uitgelok en het bygedra tot die groter populariteit van die „Council of Education”.

Volgens die onderwysverslae van die Superintendent van Onderwys oor die jare 1897 en 1898 was die gemiddelde aantal leerlinge in staatskole op die goudvelde volgens Wet 15/1896 216³) in 1897 en 540⁴) in die volgende jaar terwyl daar uit staatsgelde aan die onderwysers uitbetaal is £2729.4.9 of gemiddeld £12.12.9 per kind per jaar in 1897⁵) en £7,240.6.5 of £13.8.2⁶) per kind per jaar in die

-
1. So skrywe 'n Wesleyaanse predikant in Johannesburg bv. aan dr. Mansvelt: "I venture on my own behalf and on behalf of the leading members of my congregation of English people, to express our satisfaction at the efforts you are making to secure a sound education for the children of our countrymen. We dissociate ourselves from the criticisms of your policy recently made by the Johannesburg Press; and we are willing to afford any assistance in our power in the establishment of a school in our neighbourhood". (L.A. 691: M.F.Crewdson - Supt. van Ond., Johannesburg, 20 April 1898).
 2. U.V.R.B., 28 Okt. 1898, art. 1037.
 3. Onderwysverslag oor die jaar 1897, 11.
 4. Ibid., 1898, 13.
 5. Ibid., 1897, 11.
 6. Ibid., 1898, 13.

volgende jaar. Hierdie bedrae sluit egter nie in bedrae wat betaal is aan oorname van en aanbou aan skoolgeboue, reparasies daaraan, huur van skoolgeboue, skoolbehoefte en meubels nie. Reken ons dit by, dan beloop die staatsuitgawes vir die twee jare altesaam £3,840.7.3 vir 1897¹) en £15,186.12.11 in 1898²). Die „Besluitskole“ het egter ook nog aan die Rand as gesubsidieerde skole bly voortbestaan, en daaraan is oor dieselfde tydperk uit die staatskas ook nog £1166.15/- in 1897³) en £1359.15/- in 1898⁴) betaal. Daar was dus al 'n aanmerklike toename in die uitgawe in 1898.

In die pers en in toesprake was daar allerhande wyduiteenlopende gegewens oor die bedrae wat bestee is aan die onderwys op die goudvelde en die aantal kinders waarvoor dit uitbetaal is, dog in die meeste gevalle is dit hoofsaaklik gebruik om politieke munt daaruit te slaan. Die sekretaris van die Onderwysdepartement (C. G. de Jonge) het 'n omsendbrief aan die staatskole gestuur wat gegewens ten opsigte van die aantal onderwysers, standers, leerlinge, voertaal ens. gevra het soos dit was aan die einde van die tweede kwartaal van 1899, waaruit hy 'n verslag opgestel het wat baie waardevol is, aangesien die jaarlikse onderwysverslag van die Superintendent oor die jaar 1899 weens die uitbreek van die oorlog nie verskyn het nie⁵). Die volgende gegewens is daaruit geneem, en aangesien die Superintendent van Onderwys self ook onder aan die rapport gesertifiseer het dat hy die hele inhoud onderskryf⁶) en daar geen ander bronne is wat amptelike verslae hieroor opgestel het nie, kan dit as betroubaar aanvaar word.

In 1899 het die regering £250,000 vir onderwys op die begroting geplaas, terwyl dit die vorige jaar £226,291.4.8 was en die jare daarvoor nog laer. Van daardie bedrag is £36,503.17.2

1. Onderwysverslag oor die jaar 1897, 9.

2. Ibid., 1898, 10.

3. Ibid., 1897, 7.

4. Ibid., 1898, 8.

5. By. R.A. 5052/99 in S.S.a.264 en O.R.10383/99, soos aangehaal deur Ploeger in Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R., 225 - 228.

6. Op 11 Junie 1899.

vir staats- en gesubsidieerde skole op die goudvelde bestee. Daar sowel die getal leerlinge in die staatskole as die aantal onderwysers verdubbel het, het De Jonge die uitgawe vir die eerste halfjaar van 1899 op £53,000 geskat. Hy wys dan verder daarop dat die onderwyswet in verband met die goudvelde (Wet 15/1896) beoog om te voorsien in die behoeftes aan onderwys aan kinders van arm ouers en vreemdelinge op die goudvelde en dat dit alles op staatskosse geskied. Onder genoemde wet het daar toe 13 skole bestaan met 1,678 leerlinge, naamlik op Barberton, Pelgrimsrust, Kaapsche Hoop, Maraisburg, Krugersdorp, Randfontein, Klerksdorp en Nigel en vyf in Johannesburg, terwyl die staatskole in City en Suburban en Bertram Township in Johannesburg en Roodepoort in voorbereiding was. Nadat hy volledig op die gegewens ingegaan het, geraak De Jonge tot die volgende konklusies¹):

- (a) Een vierde²) deel van die uitgawes vir onderwys in 1899 word aan die goudvelde bestee; in 1897 was dit een sewende deel.
- (b) Die £226,291.4.8 wat deur die regering aan onderwys bestee word, „komen meerendeels uit de zakken der Uitlanders, dit is waar, maar zij krijgen hun geld geheel en al uit den rijken Transvaalschen bodem, eigendom van onze Regeering, die van de verworven schatten maar een poover deel krijgt”.
- (c) Vir onderwys deur middel van die moedertaal, wat dit ook al mag wees, is behoorlik voorsiening gemaak, terwyl tevens deur verpligte onderwys in die offisiële landstaal gesorg is „dat de kinderen van den armen uitlander niet zullen blijven ,vreemdelingen te midden van dit volk”.
- (d) Die Volksraadsbesluit van 1892 is 'n liberale tegemoetkoming vir vreemdelinge, die wet van 1896 „gaat werkelijk de perken van vrijgevigheid te buiten, daar voor de oor-

1. Oorgeneem uit Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R.,
225 - 228.

2. Alle onderstrepings deur De Jonge self.

spronkelijke bevolking niet zoveel gedaan word't als voor het vreemde element op de goudvelden. Nergens vind't men op buitenplaatsen algeheele voorziening van Staatswege in zake Onderwijs. Vele burgers klagen reeds hierover".

- (e) "De taal van den vreemdeling word't in de scholen op de goudvelden onzer Republiek meer plaats gegeven, dan in eenig land ter wereld".
- (f) "Deze buitengewone concessie aan het vreemde element inzake het onderwijs is een dreigend gevaar voor de zuivere instandhouding der nationaliteit van de oorspronkelijke Republiek".

Daarmee het De Jonge die saak kernagtig gestel en goed saamgevat, want die wet, sy toepassing en werking in die praktyk moet gesien word in die lig van die politieke gespannenheid van daardie tyd. Op die vooraand van die politieke uitbarsting het die Onderwyswet (en veral sy matige taalklousules)¹) gedien as handige wapen in die hande van die Uitlanders om politieke munt daaruit te slaan. Daarom is hard getrag om die "Council of Education" se geldelike middele te vergroot om daardeur die onderwys van die Uitlanders aan te help in 'n soort selfstandige onafhanklikheid van die staatshulp. Daardie poging moes verder dien as opposisieskole teen die staatskole in 'n desperate poging om die ondoeltreffendheid van die Onderwyswet te bewys. Tog was daar, nieteenstaande hierdie felle stryd van die Uitlanderagitators teen die wet, 'n toenemende aantal ondersteuners van die wet onder die Engelse geledere, wat daar nuttige gebruik van gemaak het.

1. Vergelyk dit byvoorbeeld met die taalwette van Somerset aan die Kaap in sy poging om die Hollandssprekende kinders te verengels deur 'n algehele verbod op die gebruik van Hollands in die skole te plaas.

2. Die „Council of Education ” se bydrae tot die onderwys¹).

a. Stigting.

Die „Council of Education” het 'n belangrike bydrae gelewer tot die finansiering van die onderwys van die Uitlander-kindere aan die Rand, en daarom is dit vir die doel van hierdie studie nodig om kortliks sy aandeel in die onderwys van kindere in die Z.A.R. te bepaal.

Soos reeds aangetoon²), was die Engelse aan die Rand nie tevrede met die „Besluitskole” van die regering wat vir die onderrig van hulle kindere voorsiening gemaak het nie, en daarom het H. S. Caldecott e.a. op 2 April 1895 'n vergadering toegesprek oor die onderwerp „Our Boys and Girls”, waarin hy gewys het op die onbevredigende onderwystoestande op die goudvelde. Volgens sy skatting was daar in en om Johannesburg sowat 15,000 kindere tussen 5 en 16 jaar, en van hulle sou net 2,000³) onderwys ontvang het. Na aanleiding daarvan het hy die Johannesburgers aangeraai en aangemoedig om hulle eie, vrye skole in die lewe te roep, waarin hulle kindere in hulle eie taal onderrig kan word, maar om so 'n skoolstelsel daar te stel, sou hulle vrywillige geldelike bydraes moes maak. Hy het £250,000 as voldoende beskou vir hierdie doel, en teen die einde van die vergadering is reeds £10,000 belowe. Op 'n volgende vergadering, op 29 April 1895⁴), het J. W. Leonard verklaar dat hy teleurgesteld is in die publiek se reaksie op Caldecott se oproep om geld. Die firma Eckstein het op daardie vergadering £5000 geskenk, en daarop is die „Council of Education,

-
1. Hierdie hoofstuk is gebaseer op gegewens verkry uit bronne soos aangegee in die voetnote en bibliografie omdat skrywer nie insae gehad het in die dokumente van die „Council” nie, soos die brief hieronder, op 19 September 1955 geskrywe deur die sekretaris van die „Council of Education, Witwatersrand”, Johannesburg, aantoon: „I have to thank you for your letter of 5th September which was placed before my Syndic. I am directed to inform you that our records have not in the past been made available to third parties except in very exceptional circumstances and it is regretted that it is not possible to make them available to you in this instance. In general you may take it that the Council took a leading part in the original organization and financing of several of the Johannesburg Schools. . .” (brief gerig aan en in besit van skrywer).
 2. Bladsye 142 - 145 hierbo.
 3. Verslae in The Star.
 4. The Star, 30 April 1895.

Witwatersrand¹⁾ gestig. The Star van 31 Mei 1895 rapporteer dat daar teen die einde van Mei reeds ontvang is : die £5000 van Eckstein, net soveel van H. B. Marshall en £250 elk van Dunning en Abe Bailey. Genoemde blad het in sy uitgawe van 22 Augustus van dieselfde jaar aangekondig dat John Robinson as Direkteur-Generaal van Opvoeding deur die „Council" aangestel is teen 'n salaris van £800 per jaar plus 'n reistoelae van £200 per jaar. Daar is uit die „Council" 'n uitvoerende komitee, „Syndic" genoem, gekies om die „Council" se sake te behartig. Barnato het 'n paar erwe in Berea²⁾ en £20,000 aan die „Council" geskenk, waarvan die helfte aangewend moes word vir die oprigting van 'n Latynse skool, terwyl die ander helfte gebruik moes word om intelligente kinders verder te help. Kort daarna het die eerste skole by die „Council" aangeklop om hulp.

b. Konstitusie en doel.

Die „Council" het 'n konstitusie opgestel, wat op 24 Desember 1895 in Johannesburg onderteken is en in Maart 1896 in Pretoria geregistreer is. Die fondse van die „Council" moes aan die volgende bestee word³⁾:

- (1) Die oprigting en onderhoud van openbare skole deur die „Council" self ;
- (2) beskikbaarstelling van geld vir die oprigting en onderhoud van openbare skole;
- (3) om hulp te verleen aan skole wat nie deur die „Council" begin is nie, mits sulke skole gewillig is om onder die administrasie en toesig van die „Council" te resorteer;
- (4) hulp te verleen aan mynskole en inrigtings waar die onderwys van 'n tegniese aard is ;
- (5) die skenking van beurse en studiebeurse aan enige universiteit of opvoedkundige inrigting binne of buite die Republiek.

-
1. Verder gerieflikheidshalwe „Council" genoem.
 2. Vandag staan die Johannesburg Girls' High daarop.
 3. Council of Education, Witwatersrand : Constitution and Rules of Order, subseksie B, paragraaf 11; ook in Transvaal and Orange River Colony: Report of the Director of Education for the period November, 1900, to February, 1904, Aanhangsel XV :Sketch of Educational Work in the late South African Republic by Mr. John Robinson, formerly Director-General of the schools promoted by the Witwatersrand Council of Education, now secretary of the Transvaal Technical Institute.

- (6) om hulp en ondersteuning te verleen aan aandskole;
- (7) die betaling van salarisse, fooie en toelaes aan spesiale sindikate en komitees wat bestaan uit lede van die „Council“, asook aan inspekteurs, onderwysers en ander amptenare wat in diens mag wees ;
- (8) om die sake, besittings en eiendomme van die „Council“ te administreer;
- (9) om onderwys aan te moedig binne die grense waar die „Council“ werkzaam sou wees.

c. Opname van die onderwystoestand.

Robinson het eers 'n ondersoek na die onderwysbehoeftes van die voorstede ingestel en 'n rapport daaroor uitgebring¹⁾ en die volgende aanbevelings gemaak: Dit sal die plig van die „Council“ wees om :

- (1) deeglike laer onderwys te verskaf vir kinders van werkers wat hulle brood by die myne verdien;
- (2) minder gevorderde laer onderwys in die armer wyke van die stad te verstrek;
- (3) ten minste twee hoërskole op te rig waar die gehalte van die onderwys gelykstaan aan die in die beste Kaaplandse inrigtings ;
- (4) sekere bestaande skole in die stad te ondersteun.

Hy het bevind dat bestaande skole , toerusting en onderwys baie swak was en het die onmiddellike oprigting van die volgende skole voorgestel:

Ligging.	Aantal leerlin- ge.	Koste v. oprig- ting en uitbrei- ding.	Bedrag nodig om skoolgelde aan te vul.
1. Roodepoort.	100	£1100	£ 120.
2. Maraisburg.	100	1100	120.
3. Langlaagte.	150	1500	150.
4. Langlaagte R. I.	50.	800	85.
5. Fordsburg.	400	2500	250.
6. Ferreira.	150	1500	150.
7. Village Main Reef.	80	1200	100.
8. Cor. of Jeppe Township.	200	1800	200.
9. Germiston.	300	2000	225.
10. Jumpers.	100	1000	120.
11. New Comet.	200	1800	200.
	<u>1830.</u>	<u>16300.</u>	<u>1720.</u>

d. Werlike uitgawes en verdere planne.

In 'n supplementêre rapport van 7 April 1896²⁾ het hy

1. The Star, 16 September 1895.
2. L.A. 693: Council of Education: Supplementary Report. Johannesburg, 7th April, 1896, John Robinson.

berig dat die „Council" £30 per jaar aan die salaris van die onderwyser te Boksburg betaal het, £3 per maand vir die onderwyser se salaris te Braamfontein, £5 per maand onderwyserssalaris te Fordsburg. Dit was al drie kerkskole. £50 is bestee aan skoolboeke en -apparaat. 'n Lening van £50 is toegestaan aan die St. Augustine-skool te Doornfontein en een van £100 aan die Wesleyaanse skool op Jeppe, terwyl vir £500 skoolbanke uit Kanada bestel is. Die „Council" het op daardie tydstip ook 59 erwe in New Doornfontein besit, het reeds £2235¹⁾ besit, en op genoemde datum was die bankbalans van die „Council" £211.1.2. Hy sluit dan sy rapport af met die woorde : „There is urgent need for further funds. What is being done is a mere drop in the ocean..."

Robinson se grootste verwyd teen die Regering van die Republiek was die afwesigheid van 'n goeie hoërskool aan die Rand²⁾ waardeur die seuns en dogters van die Z.A.R. na die Kaap en oorsee moes gaan vir verdere studie. Om dié rede wou hy twee hoërskole oprig : een vir seuns en een vir meisies. Die boukos-te van die hoërskool vir meisies skat hy op sowat £15000 terwyl elkeen van hierdie twee hoërskole jaarliks £600 tot £800 sal moet ontvang. Ander aanbevelings van Robinson aan die „Council" was ³⁾:

- (1) 'n spesiale fonds om die salarisse van onderwysers van noodlydende skole te verbeter (£1300 per jaar) ;
- (2) ondersteuning van sektariese skole op voorwaarde dat in hierdie skole die leerplan van die „Council" gevolg word en die skoolinspekteurs van die „Council" toegang verleen word ;
- (3) aandklasse wat algemeen vormende en tegniese onderwys verskaf;
- (4) ander skole van advies dien.

Indien die „Council" hierdie skema van Robinson ten volle in werking sou bring, het hy gereken sou daar vir 5000 kinders se onderwys jaarliks ongeveer £5920 nodig wees, dus ongeveer £1 per kind. Hy het sy verslag dan met die volgende tabel afgesluit:

1. Hy sê nie presies vir watter tydperk nie.
2. Johannesburg Times, 30 Mei 1897.
3. The Star, 16 Sept. 1895 :Rapport.

	Geboue- en uitrus- tingsfonds.	Jaarlikse on- derhoudskoste.
Mynskole.	£16,300	£1,720.
Armeskole in distrikte.	6,000	600.
Hoërskole.	35,000	1,200.
Toelaes aan reeds bestaande skole.	10,000	1,200.
Administratiewe uitgawes.	-	1,200.
	<u>67,300</u>	<u>5,920.</u>

Vir hierdie skemas was geld nodig, en pogings is aange-
wend om sowat £70,000 vir die doel byeen te kry, maar dit het nie
voor die wind gegaan nie. Intussen het die „Council” verdienste-
like skole bygestaan met toelaes van £25 tot £50.

Hy het die myne genader¹⁾ om hom finansieel te steun en
van hulle sowat £30,000 verwag. Hierin is hy nie teleurgestel
nie, want die Kamer van Mynwese het die volgende bydraes belowe:

9 maatskappye elk	£1000.	. . .	£9000.
8	600		4800.
11	450		4950.
13	350		4650.
14	150		2100.
17	100		1700.
15	75		1125.
4	25		<u>100.</u>
			£ <u>27975.</u>

Maar die Jameson-inval het hierdie beloftes gedwarsboom,
en eers 'n paar jaar later sou daar weer aandag gegee word aan hier-
die beloftes.

Het die geldelike sy van die saak het dit dus maar op-
draand gegaan, en met die instelling van die staatskole aan die
Rand van 1896 af was hy hierdie tipe skole dadelik vyandig gesind,
omdat hy daarin opposisieskole teen die „Council”-skole gesien
het, en daarom is die agitatie vir hulle skole en teen die staat-
skole heftiger voortgesit. Die „Council” het hoofsaaklik gelde in-
gekry van private donateurs, gelde deur ouers betaal en bydraes
en toelaes van mynmaatskappye, maar nog was die grootste hinder-
nis die gebrek aan geld. Teen die middel van 1896 was slegs vier
skole opgerig te Braamfontein met 'n inskrywing van 35 leerlinge,
Boksburg (35 kinders), Fordsburg (55 kinders) en Orphirton (30)

1. Witwatersrand Chamber of Mines, Annual Reports, 1895, 153:
Brief van Robinson.

kinders). Aan elke skool was 'n bekwame onderwyser werksaam, en skole is goed voorsien van boeke en landkaarte¹). Skoolbanke is in enkele gevalle teen halfprys aan skole verskaf.

Op 20 April 1897 is die „Jeppestown Grammar School" geopen met 5 seuns; hierdie aantal het binne 3 maande toegeneem tot 70²).

Op 30 Junie 1897 was die gemiddelde inskrywing van leerlinge in die „Council" se skole 540. Van 1 Januarie 1897 tot 30 Junie van dieselfde jaar is die volgende bedrae aan onderwys bestee:

Salarisse aan onderwysers betaal	£ 938.	
Administratiewe uitgawes	397.3.-	
Toelaes aan ondersteunde skole	73.17.3	
Uitgawes aan ondersteunde skole	56. 1.-	
Totale uitgawe	<u>1465. 1.3.</u>	(6 maande).
Skoolgelde ontvang vir halfjaar	390. 3.	
Totale jaarlikse uitgawe	2145.16.6	³)

Die gemiddelde uitgawe per kind per jaar is dus ongeveer £3.19.6, terwyl die uitgawes van die skole wat geheel en al onder die „Council" geressorteerhet, £7. 3.4 per leerling was teenoor 17/11 vir ondersteunde skole.

In Oktober 1896 is 'n klaskamer en laboratorium toegevoeg om leerlinge en onderwysers in Johannesburg op te lei in vakke soos Fisika en Chemie, maar na anderhalfjaar is dit gestaak weens die te hoë koste daaraan verbonde⁴).

Die „Council" het ook beurse aan studente beskikbaar gestel: in 1897 onder andere 2 van £10 per jaar elk vir 2 jaar, een van £15 per jaar en jaarliks £60 vir studiebeurse aan die „Jeppestown Grammar School", terwyl £50 jaarliks verdeel moes word onder leerlinge van die „Council"-skole wat goeie resultate in die Kaapse eksamens behaal het.

In 1898 het die volgende skole onder die „Council" geressorteer⁵): Wetenskapklasse te Harrisonstraat met 'n inskrywing van 29, Jeppestownskool (131), Booyensskool (76), Braamfontein-

1. The Star, 7 Julie 1896: Verslag van „Syndic".

2. Ibid., 9 Sept. 1897: Verslag van „Syndic".

3. Ibid. en „Sketch. . . . Robinson", 63.

4. The Star, 9 Sept. 1897: Verslag van „Syndic".

5. Sketch. . . . Robinson, 62.

skool (123), Boksburgskool (71), Brickfieldskool (307), Springsskool (35) en City and Suburbanskool (47). Die totale inskrywing van hierdie skole was dus 819 leerlinge. Die tekort aan die nodige geld het dus veroorsaak dat aan slegs 819 in plaas van die voorgestelde en beoogde 5,000 leerlinge onderwys gegee is deur die „Council”.

e. Die „Council” vra geldelike steun van die regering.

In 1898 het die „Council” 'n memorandum aan die regering van die Z.A.R. voorgelê met die oog op die verkryging van geld vir die voortsetting van sy skole. Daarin is onder andere voorgestel dat die „Council” as algemene skoolkommissie of skoolraad vir die regering aan die Rand sou optree om die onderwys aldaar te bevorder. Deur van die „Council” vir die doel gebruik te maak sou dit die tweërlei voordeel hê dat die „Council” die volle ondersteuning en simpatie van die publiek het, en tweedens kon die „Council” baie doen om plaaslike liggame aan te moedig om die inisiatief te neem in die oprigting van skole en tegelyk ook 'n groot deel van die koste te dra. Is die regering egter nie bereid om van die „Council” vir hierdie doel gebruik te maak nie, vra hy of dit nie vir die regering moontlik is om jaarliks 'n bedrag van £10,000 of £15,000 op die begroting te plaas vir die besteding aan onderwys op die Rand deur die „Council” nie. Hy sal die nodige bewysstukke en state soos wat die regering mag voorskryf en verlang ten opsigte van die bestede geld, aan die regering voorlê.

Omdat die regering om die een of ander rede geen antwoord op hierdie memorandum aan die „Council” gegee het nie, het Robinson weerleens 'n beroep op die mynmaatskappye gedoen om ruimskoots by te dra tot die bevordering van die onderwys van die kinders op die Rand. Hy het die behoeftes soos volg bereken²):

-
1. Transvaal and Orange River Colony...., 66: Memorandum re Education on the Gold Fields of the Witwatersrand, presented to the Government of the Z.A.R. in March, 1898.
 2. B.A. Correspondence from Consuls: Brief J. Robinson, 2 Nov. 1898.

Oprigting van die nodige skoolgeboue	£25,000.
Verskaffing van meubels	2,500.
Jaarlikse bydraevir Johannesburg	5,000.
Verbetering aan die reeds bestaande	
armeskole	5,000.
Aanbou van armskole	3,000.
Aankoop van grond (4 persele)	12,000.
Meubels	6,000.
Jaarlikse bydrae aan armskole	600.
Toelaes aan behoeftige leerlinge in	
ander skole.	<u>2,500.</u>
	<u>£61,600.</u>

Die totale inkomste aan skoolgelde was sowat £700 per jaar of amper genoeg om drie onderwysers per jaar te salarieer. Robinson het nou ook te velde getrek teen die Engelse ondersteuners van die regering se staatskole aan die Rand¹). Toe die „Council” se geld uitgeput was en dit op die punt van 'n ineenstorting was, het daar uitredding gekom, want in Maart 1898 het die uitvoerende raad van die Kamer van Mynwese weer die belofte wat vroeër aan die „Council” gemaak is, bespreek²), waarop besluit is dat die mynmaatskappye jaarliks £19,000 sou bydra vir onderwys³). Tot Mei 1899 is £14,450 ontvang⁴), waarmee Robinson 16 skole oor die hele Rand wou oprig. Hy het eers weer 'n opname van die Randse onderwysbehoeftes gemaak, waaruit geblyk het dat 20 skole nodig was om voorsiening te maak vir 1847 kinders⁵), maar hierdie keer het die Anglo-Boereoorlog sy planne in die wiele gery, hoewel dit aan geld nie meer ontbreek het nie, dank-sy die milde en simpatieke ondersteuning wat hy ontvang het, nie alleen van die Engelse aan die Rand nie maar ook van Engeland. Die wiel is eintlik aan die rol gesit deur 'n skenking van £25,000 deur Wern-

1. The Star Weekly, 21 Sept. 1898.

2. Chamber of Mines, Annual Report, 1899, 263.

3. Ibid., 264.

4. Ibid., 266.

5. Memorandum van die „Council” aan die Kamer van Mynwese in Report: Chamber of Mines 1899, 273: Approximate Census and Provisional Distribution of Schools.

her Beit en Kie. Daarby kom nog die jaarlikse bydrae van £19,000. deur die mynmaatskappye. Benewens die voorgenoemde skenkings, is

in 1899 nog die volgende gemaak¹):

H. Eckstein & Kie.	£ 25,000	S. Neuman & Co.	£ 7,000
Cons. Goldfields.	20,000	S.A. Gold Trust	5,000
Barnato Bros.	10,000	G.F. Farrar	5,000
Lewis & Marks	25,000	D.J. Pullinger	3,000
Mosenthal Bros.	25,000	Maurice Marcus	1,000
A. Bailey	2,500	Dolfes Nebel & Co.	500
B. Kitzinger	2,000	Hamilton, Smith &	
Transvaal Goldfields	1,500	H.C. Perkins	500
L. Hirsch & Co.	1,050	Eastern Investment Co	500
Anglo French		Ehrlich	300
Explosives Co.	1,050	Members London	
		Stock Exchange	130

Met hierdie ruime ondersteuning van die imperialistiese kapitaliste hier te lande en oorsee in 'n tyd toe politieke spanning in die Z. A. R. hoog geloop het, het Robinson dus die nodige geld vir sy skemas gehad en kon hy sy doel verwesenlik om die onderwys aan Engelssprekendes in hulle moedertaal te verskaf, dog hierdie planne kon weens die uitbreek van die oorlog, voorlopig altans, nie verder deurgevoer word nie.

f. Samevatting.

Die „Council“, wat graag kinders van Engelse in hulle eie skole deur medium van Engels wou onderrig, het dit met die hulp van die mynmagnate en die magtige Britse pers aanvanklik baie moeilik gevind om die nodige geld byeen te kry, sodat hulle nie hulle doel kon verwesenlik nie. Wat veral van belang is, is die swak ondersteuning wat die „Council“ van die Engelssprekende ouers gekry het. As daar nie ruime bydraes van oorsese en plaaslike kapitaliste kort voor die uitbreek van die oorlog gekom het nie, sou die „Council“ sy planne weens gebrek aan geld moes laat vaar.

Op 30 Junie 1897 was die gemiddelde inskrywing van leerlinge in die „Council of Education“ se skole 540. Oor die halfjaar wat op daardie datum geëindig het, het hulle aan skoolgelde £390.3/- betaal of ongeveer 14/5 per leerling. Hierdie swak geldelike hulp in die vorm van skoolgelde wat die Engelse ouers vir die onderwys van hulle kinders verleen het in 'n tyd toe alles in die stryd ge-

1. B.A. Correspondence from Consuls, 20 April 1899.

werp is om die Engelse invloed en mag in die Z. A. R. uit te brei, getuig onder die bepaalde omstandighede van hulle onwilligheid om vir die onderwys van hulle kinders te betaal. As onsⁱⁿ/ag neem dat hulle daarby gemiddeld veel ryker was as die Boerebevolking, bly hulle bydrae laag, slegs effens hoër as die Boerebevolking se skoolgeld per kind.

3. Groei van die onderwys.

a. Skole en leerlinge.

(1) Algemeen.

In 1896 en die jare onmiddellik daarna het die Volksraad die onderwys met aansienlike addisionele geldelike toegewings aan die onderwys tegemoetgekom met die oog op die verbetering van die algemene doeltreffendheid daarvan, met die gevolg dat die staatsuitgawes aan onderwys aansienlik toegeneem het, hoewel die aantal kinders wat die verbeterde onderwysfasiliteite benut het, nie in dieselfde verhouding as die uitgawes vermeerder het nie.

In 1896¹) het die aantal skoolgaande kinders met sowat 600 vermeerder. 93% van die leerlinge op skool het laer en 7% het middelbare onderwys ontvang teenoor 91% en 9% respektiewelik in die vorige jaar. Dr. Mansvelt was self gladnie tevrede met hierdie syfers nie, want by die faktore wat hy in die vorige jare genoem het as oorsake van die klein aantal kinders op skool, het hy in 1896²) die volgende faktore bygevoeg wat die onderwys belemmer het:

- (a) die onluste aan die begin van die jaar;
- (b) die dinamietontploffing in Johannesburg;
- (c) die runderpes, waardeur baie leerlinge uit die skool weggebly het om vee op te pas, terwyl van die ouer kinders as spesiale polisie in verband met die runderpes opgetree het;

1. Onderwysverslag oor die jaar 1896, 3 en 4.

2. Ibid., 5.

(d) gebrek aan goeie onderwysers.

Hy het ook sy ontevredenheid uitgespreek oor die toestand dat veels te veel kinders slegs laer onderwys geniet, en daarop gewys dat daar nie juis 'n rooskleurige toekoms vir die staatsdiens voorlê nie weens die gebrek aan voldoende leerlinge in die middelbare onderwys om in die behoeftes te voorsien¹).

Wat die persentasie leerlinge in die verskillende skoolstanders van verskillende leeftydsgroepe betref, was daar 'n effense verbetering op die vorige jaar soos die tabel hieronder aantoon.

Tabel XXIII.

Persentasie leerlinge van bepaalde leeftydsgroepe op skool²).

<u>Ouderdomsgroep.</u>	<u>1896.</u>	<u>1895.</u>
6 - 12 jr.	65.7%	63.7%
13 - 16 jr.	27.4%	29.2%
Bo 16 jaar	6.9%	7.1%

As ons egter hierby in gedagte hou dat 91% van die skoolkinders in 1895 en 93% in die volgende jaar³) laer onderwys geniet het (met ander woorde in standers 1, 2 en 3 was), dan wys dit duidelik dat die kinders van daardie dae op betreklike laat leeftyd op skool gekom het. Ook merk ons in die tabel hieronder op dat sowat die helfte van die kinders in 1896 en 1897 in standerd 1 was, en die ander almal saam was versprei oor die ander standers.

Tabel XXIV.

Persentasie leerlinge in die verskillende standers⁴).

<u>1896.</u>	<u>Laer onderwys.</u>				<u>Middelbare onderwys.</u>			
	<u>St.1</u>	<u>St.2</u>	<u>St.3</u>	<u>Tot.</u>	<u>St.4</u>	<u>St.5</u>	<u>St.6</u>	<u>Tot.</u>
Wykskole	30.3%	14.4%	6.5%	51.5%	1.8%	.4%		2.2%
Dorpskole	9.9	5.4	4.1	19.4	1.7	.8	.1%	2.6
Delwerye	13.3	6	3.2	22.4	1.3	.5	.4	2.2
Totaal 1896	53.4%	25.8%	13.8%	93%	4.8%	1.7%	.5%	7%
Totaal 1895	50	25	16	91	6.2	2.5	.5	9

1. Onderwysverslag oor die jaar 1896, 13.
2. Ibid., 14.
3. Ibid., 4.
4. Ibid.

Die gemiddelde skoolversuim in 1896 was $12\frac{1}{4}\%$. In die delweryskole was die skoolbesoek die swakste, terwyl dit in die buiteskole die beste was. Die skoolversuim was: skole op delwerie byna 18%, dorpskole byna 15%, buiteskole byna $8\%¹⁾$. Op die platteland, waar daar baie meer belemmerende faktore was, soos lang afstande, swak of geen paaie, gebrek aan brûe, ens., was die skoolbesoek tog nieteenstaande dit alles die hoogste.

Waar dr. Mansvelt soms ontevrede was met die swak skoolbesoek van daardie dae, moes die verbetering in die volgende twee jare hom beter gestem het, want dit het verbeter tot 88% in 1897²⁾ en tot 90% in 1898³⁾, wat baie goed vergelyk met die skoolbesoek vandag in ons skole met die talle meer geriewe as destyds. Dit was ook bemoedigend om te sien dat die ouers, kinders en skoolkommissies, maar veral die onderwysers, hulle plig gedoen het om die skoolbesoek so hoog moontlik op te skuif ten einde die groots moontlike voordeel te trek uit die onderwysgeriewe wat tot hulle beskikking gestel is, en daarmee dus ook die beste gebruik van die bestede geld te maak.

Gedurende die jare 1897 en 1898⁴⁾ het die onderwys nog steeds gegroei en al vinniger vooruitgegaan, danksy die verhoogde geldelike bydrae aan die onderwys wat met die 1896-wetgewing moontlik gemaak is. Die gemiddelde aantal leerlinge⁵⁾ het van 8,346 in 1896 met 3090 gestyg tot 11,436 in 1897, terwyl die aantal gesubsidieerde skole met 62 vermeerder het.⁶⁾

Hierdie aansienlike toename teenoor die betreklike stilstand van die vorige jaar kan toegeskrywe word aan die geldelike toegewings waarmee die onderwys deur die 1896-onderwyswetgewing tegemoetgekom is, onder andere deur

(a) die verlening van reistoelae aan onderwysers uit die buite-

1. Onderwysverslag oor die jaar 1896, 14-15.

2. Ibid., 1897, 14.

3. Ibid., 1898, 17.

4. In 1899 het daar geen amptelike onderwysverslag verskyn nie, en in daardie jaar het die onderwys slegs enkele kere in die Volksraad onder bespreking gekom, sodat oor daardie jaar min gegewens verstrekkend kan word.

5. Staatsmodelskool en Staatsmeisieskool bygereken.

6. Onderwysverslag oor die jaar 1897, 3.

land¹), sodat die tekort aan bekwame onderwysers enigerma-
te verlig kon word;

- (b) die betaling van losiesgelde aan behoeftige leerlinge wat
meer as drie myl van die naaste skool woonagtig was, waar-
deur dit dus vir aansienlik meer kinders moontlik gemaak is
om skole te besoek²);
- (c) die voorsiening van geld vir die aankoop van hout en sink
vir die oprigting van skole en onderwyserswonings³) (hier-
deur kon skole en onderwyserswonings, waaraan daar steeds
'n tekort was weens gebrek aan die nodige kapitaal by skool-
kommissies, nou makliker opgerig word in die akkomodasie-
behoefte van die leerlinge en die onderwysers te voorsien);
- (d) die gee van rentevergoeding op kapitaal wat gebruik is vir
die bou van skole en onderwyserswonings⁴), wat ewe-eens ge-
help het om die akkomodasieprobleem te verlig en daardeur
voorsiening te maak vir meer kinders en onderwysers;
- (e) die stigting van staatskole op die goudvelde⁵).

Die vooruitgang op onderwysgebied in 1897 het ook in 1898
nog aangehou, soos die tabel hieronder duidelik aantoon.

Tabel XXV.

<u>Groei van die onderwys⁶).</u>		
	<u>4de kwartaal 1897.</u>	<u>4de kwartaal 1898.</u>
Leerlinge	12,099	15,512
Skole	457	509
Onderwysers	687	836
Onderwysers wat ten volle ge- kwalifiseerd was	40%	46%

1. Art.1 van Wet no. 15 van 1896.
2. Artt. 10 en 11 van Wet no. 14 van 1896.
3. Volgens U.R.B. 5 Maart 1897, art.178.
4. Wet no. 14 van 1896, artt. 3 en 4.
5. Wet no. 15 van 1896,
6. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 4.

Ook wat die aantal middelbare onderwys-leerlinge betref, was daar 'n mooi vordering, want die aantal het van 954 in die 4de kwartaal 1897 toegeneem na 1306 'n jaar later¹).

Die gemiddelde aantal leerlinge in die gesubsidieerde skole het van 5,909 in 1893, die jaar waarin die Mansveltwet in werking getree het, gestyg tot 13,561 in 1898, dus 'n toename van ruim 130%. In vergelyking daarmee het die gemiddelde subsidie per leerling per jaar in die gesubsidieerde skole uit die staatskas van £4.11.2 tot £6.14.1 toegeneem, of 'n toename van sowat 47%²), sodat die groei van die onderwys in die Mansvelttydperk vir homself spreek.

Die voorgaande gegewens toon dat die onderwys nou vinnig begin ontwikkel het en in normale bane begin kom het. Dr. Mansvelt se onderwysstelsel is natuurlik ook onderhewig aan kritiek, soos trouens enige stelsel³), maar hy het tog daarin geslaag om na 'n paar jaar waarin dit prakties toegepas is, die tekortkominge en foute daarvan in te sien en dan die hoofwet in ooreenstemming met die onderwysbehoefte van die bevolking te wysig deur middel van nuwe wetgewing of spesiale Volksraadsbesluite. Hy het moeite gedoen om die jaarverslae oor die onderwys steeds te verbeter, vollediger en betroubaarder te maak, sodat die onderwysverslag oor die jaar 1898 die volledigste en insiggewendste van alle jare in die Republiek is. Hy het baie moeite gedoen om die kritiek, woorstellings en beskuldigings teen sy onderwysstelsel en die toestand van die onderwys in die Republiek deur middel van feite te weerlê en duidelik vir sigself te laat spreek.

-
1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 4.
 2. In hierdie getalle is die leerlinge van die Staatsmodel- en Staatsmeisieskool nie inbegrepe nie en ook nie die van die staatskole op die goudvelde nie, aangesien dit geen gewone gesubsidieerde skole is nie. Ook die van die Staatsgimnasium is hier buite rekening gelaat, aangesien dit nie onder laer en middelbare onderwys val nie. Reken ons egter die leerlinge van die Staatsmodel-, Staatsmeisieskool en die staatskole op die goudvelde by, dan is die aantal leerlinge 15,512 (kyk Onderwysverslag oor die jaar 1898, 8).
 3. Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R., 199 e.v.

Ten einde sy gegewens vir verslae en statistiese doeleindes so betroubaar moontlik te maak het hy bepaal dat die inspektors hulle inspeksierapporte moes opstel aan die hand van 'n vraelys van 43 vrae wat hy aan hulle gestuur het¹).

In die verskillende inspeksierapporte word verskillende redes aangevoer waarom daar nog so 'n groot persentasie van die kinders van skoolgaande leeftyd teen die einde van die negentiger jare nog nie die skool besoek het nie. Die redes kan soos volg saamgevat word: armoede by die ouers en dus gebrek aan die nodige middele om skoolgeld te betaal; ouers se gebrek aan tyd en kennis om in die onderwys belang te stel; gebrek aan inisiatief om 'n skool te begin by die ouers; 'n mate van agterdog en wantroue in alles wat van die regering kom en dus ook in die Onderwyswet; onbekwame en ook onvoldoende onderwysers; gebrek aan skoolgeboue en onderwyserswoningen; onverskilligheid by die ouers teenoor die onderwys en ook 'n gebrekkige kennis van die fasiliteite wat die Onderwyswet vir hulle kinders daargestel het as hulle dit maar wou gebruik; die opvatting van baie ouers dat skoolonderrig van 'n paar maande of miskien 'n paar jaar vir hulle kinders voldoende is vir die lewe; die ylbevolkte gebiede kon nie voldoende kinders vir 'n skool byeenbring nie; onderlinge twis; tekort aan werksvolk, sodat die kinders maar tuis moes help werk.

'n Ongunstige verskynsel wat onrusbarend toegeneem het, was die aantal gratis leerlinge en die groot aantal gratis losiesleerlinge. In 1898 was 37.2% van alle leerlinge gratis leerlinge, terwyl 14.3% van alle leerlinge op skool gratis losies ontvang het²).

Die skole in die groter sentra het 'n min of meer bestendige bestaan gehad, dog die skole op die kleiner dorpies en platteland het nog maar gekom en gegaan, en hierdie onbestendigheid was een van die groot faktore wat die onderwysontwikkeling baie gestrem het. Tabel XXVI op die volgende bladsy toon die toestand van sake soos dit

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, Bylae E.

2. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 18.

was in 1897 en 1898, toe die onderwys al veel bestendiger was as in die vorige jare vanweë die ruimer geldelike bydrae wat die regering aan die onderwys gegee het.

Tabel XXVI.

Oorsig van skole in 1897 en 1898¹).

Jaar.	Skole die hele jaar deur oop.	Skole in loop van jaar gesluit.	Skole in loop van jaar geopen.	Skole in loop van jr. geopen en weer gesluit.	Totale aantal skole wat in loop v. jr. bestaan het.	Aantal skole wat aan die end van die jaar bestaan het.
1897	148	104	193	26	471	341
1898	208	106	185	34	509	393

(2) Inrigtings vir middelbare en hoër onderwys.

(a) Die Staatsgimnasium.

Die Gimnasium, wat onder die Mansveltwet opgerig is ²) met dr. H. Reinink as Rektor „voornamelijk ter opleiding van ambtenaren en onderwijzers“, het die bestaande Opleidingskool vervang, en op 15 Augustus 1893 is dit geopen met 19 leerlinge, toevertrou aan vyf bekwame leerkragte. Aan elk van die ses kandidate wat die hoogste aantal punte in die toelatingseksamen behaal het, is 'n beurs van £60 deur die regering toegeken, gevolg deur nog twee deur Samuel Marks van Pretoria in 1893 en H. Eckstein ³), terwyl Eduard Lippert £1500 in vyf jaarlikse paaiemente van £300 of drie van £500 aangebied het om jong burgers van die Republiek te laat studeer.

In 1897 is 'n pragtige nuwe gebou betrek wat teen 'n koste van £40,000 opgerig is. 'n Belangrike tegemoetkoming aan plattelandse leerlinge aan die skool was die oprigting van staatstehuse. Hierdie skool het geleidelik gegroei, sodat dit in 1899 116 leerlinge gehad het.

1. Onderwysverslag oor die jaar 1897, 42; 1898, 20.
2. Artt. 1c, 46 - 49.
3. Onderwysverslag oor die jaar 1894, 41.

Die Gimnasium was 'n staatskool wat die regering baie gekos het, maar die Superintendent en die Volksraad het gevoel dat so 'n skool vir die opvoeding van die jeug noodsaaklik was, ongeag die koste daaraan verbonde. Die skool het nog maar in sy kinderskoene gestaan, en daarby moet ons onthou dat die aantal leerlinge wat in 1898 in standerd 6 was, slegs 0.3% van die totale aantal skoolgaande kinders in die Republiek was¹).

Die volgende tabel toon die aantal leerlinge wat in verskillende jare die Staatsgimnasium besoek het, die totale staatsuitgawe per jaar en gemiddeld per kind per jaar wat aan onderwysers se salarisse uitbetaal is.

Tabel XXVII

Staatsuitgawe aan salarisse aan Staatsgimnasium.

Jaar.	Gemiddelde aantal leerlinge.	Staatsuitgawe.	
		Totaal.	Per leerling.
1895	60	£4,076.11. 7	£67.18.10 ²).
1896	61	4,307.11. 4	70.12. 4 ³).
1897	80	7,091. 3.11	88.12. 9 ⁴).
1898	88	8,895.17.10	101. 1. 9 ⁵).

Die salarisse wat in 1898 aan die personeel van die Staatsgimnasium betaal is, was die volgende : Rektor £950 per jaar, dosente elk £800 per jaar, dosent in Handtekene £500 per jaar, vir Snelskrif £100 per jaar, vir Lyntekene 10/6 per uur en vir 'n opsigter £150 per jaar⁶).

(b) Die Staatsmodelskool.

Die Mansveltwet⁷ het bepaal dat die Voorbereidingskool voortaan onder die naam Modelskool onder regstreekse beheer van die regering sou bly voortbestaan met die taak om leerlinge tot standerd 6 op te lei vir opname in die Staatsgimnasium. F. W. Wagner het op 1 Augustus 1893 werksaamhede as hoof van dié skool

-
1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 16.
 2. Ibid., 1896, 11.
 3. Ibid.,
 4. Ibid., 1897, 11.
 5. Ibid., 1898, 13.
 6. Staatsalmanak, 1899, 76.
 7. Artikel 71.

begin¹⁾). Die skoolgelde was van 5/- tot 10/- per maand ; 12 beurse wat eers aan die Opleidingskool toegeken was , is na 18 verhoog en vanaf Augustus 1893 aan die Modelskool toegestaan, en mettertyd is die aantal vermeerder tot 34 beurse vir die opleiding van onderwysers en 46 gewone studiebeurse in 1898²⁾).

Die Modelskool het uitstekende werk gelewer, en tot 1899 het daar 125 leerlinge in die toelatingseksamen tot die Gimnasium geslaag, terwyl dit ook al 'n paar onderwysers gelewer het³⁾).

Die volgende tabel toon die staatsuitgawes aan die Staatsmodelskool aan. Die gemiddelde uitgawe per leerling was hier baie laag maar het gedurende die laaste twee jare gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat daar normaalklasse aan die skool verbonde was.

Tabel XXVlll.

Staatsuitgawe aan Staatsmodelskool.

Jaar.	Gemiddelde aantal leerlinge.	Staatsuitgawe.	
		Totaal.	Per leerling.
1895	259	£2584. 3. 5	£ 9.19. 7 ⁴⁾).
1896	284	3389.12.11	11.18. 9 ⁵⁾).
1897	246 gewone leerlinge 17 eksamen leerlinge	4319.14. 4	16. 8. 6 ⁶⁾).
1898	264 gewone leerlinge 19 eksamen leerlinge	4864.15.10	17. 3.10 ⁷⁾).

1. V.V.O.O.Z.A. : Gedenkboek, 98.

2. Schoolgids, 1898, 96. Die totale aantal beskikbare beurse in die Republiek in 1898 was 50 vir die opleiding van onderwysers, 46 gewone studiebeurse, 15 studiebeurse vir leerlinge van die Staatsgimnasium alleen, en vir studie in Nederland 4. (Kyk Verslag der Beurscommissie over het jaar Mei 1898 tot Mei 1899, 4). Al hierdie beurse is egter nie voltyds deur die jaar gehou nie aangesien sommige leerlinge hulle studie gestaak het. Die beurse was in 1898 almal £60 per jaar behalwe dié vir studie in Nederland, wat £100 was (Kyk Staatsalmanak vir 1899, 63).

3. Onderwysverslag oor verskeie jare.

4. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 5.

5. Ibid., 1896, 11.

6. Ibid., 1897, 11.

7. Ibid., 1898, 13.

Die salarisse aan die Staatsmodelskool se personeel betaal, was baie laer as die van die Staatsgimnasium, naamlik vir die hoof per jaar £700, vir die assistente aan die normaalklas £400 en £375 per jaar, en verder aan assistente £400, £375, £350, £325, £300, en £200 per jaar ; vir die opsigter £150 per jaar, vir die tekenonderwyser £500 per jaar, terwyl vir die gimnastiek- en musiekonderwysers 7/6 en 10/- per uur respektiewelik betaal is¹).

(c) Die Staatsmeisieskool.

Artikels 61 - 68 van die Mansveltwet het voorsiening gemaak vir 'n Hoër Meisieskool, wat nie 'n staatskool was nie maar wat 'n driemaandelikse subsidie van 45/- per leerling van die staat sou ontvang. In 1893 het dit begin, en in die volgende jaar is dit omgeskep in 'n Staatsmeisieskool met 78 leerlinge onder mej. C. S. Roodhuizen. Dit is na 'n staatskool verander hoofsaaklik omdat daar nie 'n inrigting in die Republiek was waar meisies as onderwyseresse opgelei kon word nie²). Die skool het goeie werk gelewer, en reeds in 1898 het 12 van die 13 kandidate wat in die onderwys studeer het, in hulle Onderwysers-Derde Klas-Eksamen geslaag.

Die staatsuitgawes aan hierdie skool word in die volgende tabel aangetoon.

1. Staatsalmanak, 1899, 76.

2. Die volgende tariewe vir kos-, les- en skoolgelde was van toepassing : intreegeld £3 ; kosgeld £9 per kwartaal ; klavierles vir beginners £2.5.- per kwartaal ; vir meer gevorderde leerlinge £3 per kwartaal; sangles, tekenles en orrelles elk £3 per kwartaal ; vioolles £6 per kwartaal; skoolgeld vir st. 1 tot 3 15/- per kwartaal; st. 4 tot 6 £1.2.6 per kwartaal; skoolgeld vir Normaalklas A en B respektiewelik £1.10.- en £3 per kwartaal ; terwyl skoolgeld vir die hoër klasse £2.5.- p.kw. was (vgl. Schoolgids , 1898, 99).

Tabel XXIX

Staatsuitgawes aan die Staatsmeisieskool.

Jaar.	Gemiddelde aantal leerlinge.	Staatsuitgawes.	
		Totaal.	Per leerling.
1895	128	£ 1,608.16. 8	£12.11. 4 ¹).
1896	210	1,662. 7.11	7.18. 4 ²).
1897	197 gewone leerlinge 14 eksamen leerlinge	2,023. 8.11	9.11.10 ³).
1898	196 gewone leerlinge 35 eksamen leerlinge	2,589. 7.10	11. 5. - ⁴).

Die salarisse wat aan die personeel van die Staatsmeisieskool betaal is, was nog veel laer as die van die Staatsmodel-skool, en daarom was die gemiddeld per leerling dan ook aanmerklik laer. Die salarisse per jaar was soos volg: hoof £300, assistente teen £275, £250, £225, £200, £175, £150 en £70 ; sang-, Gimnastiek- en Handtekene-onderwysers het almal 10/- per uur ontvang⁵).

(d) Die Mynskool.

Met die oog op die snelle ontwikkeling van die mynindustrie aan die Rand is daar in Februarie 1897 'n myniskool onder dr. H. G. Breyer as waarnemende direkteur in Pretoria geopen, en eers daarna is 'n wet gemaak om die instelling daarvan te magtig⁶). Omdat die Volksraad gesloer het met die afhandeling van die wet, is die studente intussen, met die heeltartige/mynbestuurders, in myne geplaas vir praktiese werk. Die leerlinge het geen skoolgelde betaal nie. Die oorlog het egter tussenbei getree, sodat daar nie met die toepassing van die wet voortgegaan kon word nie en daarmee het nog 'n opvoedingsinrigting waaraan daar in die Republiek groot behoefte bestaan het, skipbreuk gely.

Die salarisse vir die Direkteur was £950 per jaar en 10/6 per uur aan sy assistent⁷). Soos die volgende tabel en die salaris van die direkteur van die Mynskool aandui, was die gemid-

-
1. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 5.
 2. Ibid., 1896, 11.
 3. Ibid., 1897, 11.
 4. Ibid., 1898, 13.
 5. Staatsalmanak, 1899, 76.
 6. Wet no. 1 van 1899.
 7. Staatsalmanak, 1899, 76.

delde uitgawe per leerling baie hoog, omdat daar so min leerlinge in die skool was. Die gesloer met die afhandeling van die betrokke wet was ook verantwoordelik daarvoor dat daar nie meer studente ingeskrywe het nie.

Tabel XXX.

Staatsuitgawes aan die vier Mynskoolleerlinge¹⁾.

Jaar.	Staatsuitgawe.	
	Totaal.	Per leerling.
1897	£941. 4. 7	£235. 6. 2.
1898	1046.13. -	261.13. 3.

(e) Skool vir doofstommes.

Volgens artikel 74 van die Mansveltwet sou 'n instituut vir doofstommes en blindes onder die bestuur van die Kuratorium van die Gimnasium opgerig word sodra daar 10 of meer applikante hulle daarvoor aanmeld. So/ank daar minder was, het die bestaande klasse vir doofstommes 'n deel van die Modelskool uitgemaak onder 'n onderwyser spesiaal vir die doel aangestel.

In 1890 was daar twee doofstom leerlinge, wat deur onderwyser E.Kalt²⁾ onderrig is, maar omdat dié inrigting blykbaar onpopulêr was en dit 'n te duur onderneming was om een onderwyser vir twee leerlinge aan te hou, is besluit om hulle na die inrigting op Worcester te stuur. Die regering sou die onderwys- en kosgelde betaal³⁾.

Vanaf 1895 was daar twaalf leerlinge wat regeringsteun ontvang het, naamlik 8 doofstommes en vier blindes. Die feit dat daar dadelik 12 was om na Worcester te gaan en die aantal in die daaropvolgende jare nie verminder het nie, getuig duidelik van die wantroue van die publiek in die doelmatigheid van die Pretoriase opleiding. Hoewel daar dus in 1895 twee leerlinge meer was as die vereiste minimum vir die oprigting van so 'n instituut in Pretoria⁴⁾, is daar geen poging aangewend om so 'n instituut op te rig

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 13.

2. Onderwysverslag oor die jaar 1890, 100 e.v.

3. £36 per jaar.

4. Wet no. 8 van 1892, art.74.

nie, selfs ook nie daarna, toe die getalle reeds gestyg het, soos die volgende tabel aantoon nie. Dit sou in elk geval nie teen dieselfde koste opgerig en onderhou kon word as die bedrag waarvoor hulle hulle opleiding in Worcester ontvang het nie.

Tabel XXXI.

Staatskoste aan blinde en doofstom leerlinge te Worcester.

Jaar.	Gemiddelde aantal leerlinge.	Uitgawes.	
		Totaal.	Gem. per leerling.
1895	11	£578. 6. 10	£52. 11. 6 ¹).
1896	22	897. 3. 6 ²)	40. 15. 7 ³).
1897	21	919. 17. 5	43. 16. 1 ⁴).
1898	17	738. 6. 7	43. 8. 8 ⁵).

(f) Staatskoshuise.

Die eerste daadwerklike voorsiening van losiesfasiliteite vir leerlinge in die Republiek het tydens dr. Mansvelt se Superintendentskap plaasgevind nadat hy in sy onderwysverslag oor die jaar 1893 aanbeveel het dat die Volksraad beurse aan behoeftige leerlinge beskikbaar moes stel vir hulle opleiding as onderwysers(esse). Nadat dit in die Volksraad bespreek is, is besluit om staatskoshuise op te rig waarin plattelandse leerlinge van die staatskole in Pretoria kon tuis gaan om middelbare onderwys te geniet. Daar is van gehuurde geboue gebruik gemaak, en die losiesgelde is vasgestel op £36 per jaar⁶).

Die instelling van koshuise was 'n belangrike tegemoetkoming aan die plattelandse leerlinge, maar met die geldelike sy van die saak het dit nie so goed gegaan nie, soos Tabel XXXII aantoon, want nie een van die koshuise kon daarin slaag om binne die perke van hulle inkomste te bly nie. Die staatstehuse vir seuns het groter uitgawes getoon as die vir meisies, omdat daar in eersgenoemde geval salarisse aan die huisvaders betaal is, terwyl dit by

1. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 5.
2. In die Onderwysverslag oor die jaar 1896, 11, gee dr. Mansvelt die totale staatsuitgawe aan as £498.3.7, maar dit is foutief en moet wees £897.3.6. By die ontleding van die staatsuitgawe aan onderwys (Onderwysverslag oor 1896, 9-11) vind ons die volgende:
Onderwys en verpleging van doofstommes en blindes
Skool-, kos- en reisgelde, klere ens. £988. 0. 5.
Waarvan af: bydrae van ouers 90.16.10. £897.3.6.
3. Onderwysverslag oor 1896, 9 en 10.
4. Ibid., 1897, 11.
5. Ibid., 1898, 13.
6. Goewermentskennisgewing no. 431 van 1894; ook Schoolgids, 1895, 8.

die meisieskoshuis nie die geval was nie. Die salarisse aan die huisvaders van die seunstehuse was in 1895: £350, 1896: £560.17.4, 1897: £655.0.4 en in 1898: £683.13.6¹).

Tabel XXXII.

Staatsbydrae om geldelike tekorte van staatstehuse te ver-
effen.

Jaar.	<u>SEUNS.</u>			<u>MEISIES.</u>		
	Gemid- delde aantal leer- linge.	Totale be- drag.	Gemiddeld per leerling.	Gemid- delde aantal leer- linge.	Totale be- drag.	Gemiddeld per leerling.
1895	59	£666.17. 6	£11. 6. 1	31	£274.18. 7	£8.17. 5 ²).
1896	120	1180.17. 8	9.16.10	55	476. 7. 6	8.13. 3 ³).
1897	a. 75 b. 54 c. 30 159	716. 0. 2 1010.11.11 201.15. 8 1928. 7. 9	9.11. 0 18.14. 4 6.14. 6 12. 2. 7	65	211.17. 3	3. 5. 2 ⁴).
1898	a. 72 b. 48 c. 38 158	859. 5. 2 1065.11. 3 415. 0.11 2339.17. 4	11.18. 8 22. 4. 0 10.18. 5 14. 1. 6	58	840.18. 6	14.10. 0 ⁵).

Hierdie geldelike tekorte per jaar wat die staat aan tehui-
se moes aangesuiwer het, sluit nie in die staatsuitgawes aan die ver-
skaffing van geboue, salarisse aan die huisvaders van die seunstehui-
se, beddegoed, meubels, kombuisgereedskap ens. nie. Reken ons by hier-
die betaling ter delging van die geldelike tekorte nog die staat se
bydrae per leerling vir onderwys in staatskole, dan word die koste
baie hoog. Vir meisies in die Staatsmeisieskool word dit dan vir
kosleerlinge in 1898 byvoorbeeld £14.10/- kosgeld plus £11.5/- vir
skool⁶), d.w.s. £25.15/- per leerling per jaar. Vir die seuns aan die

1. Onderwysverslae oor die betrokke jare.
2. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 5.
3. Ibid., 1896, 11.
4. Ibid., 1897, 11.
5. Ibid., 1898, 13.
6. Kyk tabel XXIX op bl. 211 hierbo.

Staatsgimnasium vir dieselfde jaar is dit nog veel hoër, nl. £14.1.6 plus £101.1.9¹) vir die skool, d.w.s. £115.3.3 per leerling per jaar. Dit sluit nie in staatskoste aan geboue, reparasies, meubels ens. nie. Daarteenoor het die gesubsidieerde skoolwese die staat in dieselfde jaar £11.0.1²) per leerling per jaar gekos, waarby ingesluit is skoolhuur, gratis losiesgelde, rentevergoeding op kapitaal, reiskoste vir onderwysers uit die buiteland en subsidie vir skoolmeubels maar nie subsidie vir hout en sink nie. Neem ons egter net die staatsuitgawe aan subsidie na verhouding tot die ouerbydrae en vrywillige bydrae aan gesubsidieerde skole alleen, dan is die gemiddelde staatsuitgawe per leerling per jaar aan die gesubsidieerde skole in 1898 £6.14.1³). Uit die voorgaande blyk dit dus dat die skole vir middelbare onderwys die staat geweldig meer gekos het as die gesubsidieerde skole, en dit nog waar die staatskole nie veel meer as middelbare onderwys gegee het nie, want aan werklike hoër onderwys is maar min gedoen. Nietemin moet toegegee word dat die staatskole goeie werk gedoen het ; dat daar in die Republiek behoefte aan sulke skole was en dat dit vroeër of later opgerig sou moes word, en hoe eerder, hoe beter, mits daar net die redelike vooruitsig was dat dit ondersteun sou word.

Waar die staatstehuse in 'n groot behoefte voorsien het om middelbare onderwys ook binne die bereik van die plattelandse kind te bring, was wanbestuur egter nog verantwoordelik vir onreëlmatighede, soos in die geval van een staatstehuis vir seuns in 1898 waar die uitgawe per leerling £22.4/- was teenoor £10.18.5 en £11.18.8 vir die ander twee tehuise in dieselfde jaar⁴).

b. Onderwysers.

Die posisie ten opsigte van onderwysers het ook geleidelik verbeter, want in 1896 was daar 526 onderwysers(-esse) en kwekelinge aan gesubsidieerde skole werkzaam, van wie 227 gesertifiseerde en 299 ongesertifiseerde onderwysers was. Die volgende tabel⁵) toon

1. Kyk tabel XXVII op bl. 208.

2. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 13.

3. Ibid., 7.

4. Kyk tabel XXXII op bl. 214 hierbo.

5. Kyk tabel XXXIII op bl. 216 hieronder.

aan die geleidelike verbetering wat daar in die Republiek ten opsigte van die onderwysers gekom het.

Tabel XXXIII.

Aantal onderwysers en persentasie daarvan gesertifiseerd.

<u>Jaar.</u>	<u>Aantal onderwysers.</u>	<u>% daarvan gesertifiseerd.</u>
1893	389	30 ¹⁾
1894	422	40 ²⁾
1895	456	40 ³⁾
1896	526	43)
1897	687	40 ⁴⁾
1898	836	46)

Die vraagstuk van werklik onbekwame onderwysers was nog geensins opgelos nie, maar tog het hulle aantal geleidelik vermind. Die voorsiening van geld uit die staatskas om onderwyserswonnings mee op te rig, het baie gehelp om die onderwys na die platteland te bring.

Die regering se beleid om voort te gaan met die invoer van onderwysers uit die buiteland is een van die redes vir die styging van die aantal gesertifiseerde onderwysers in die republiek⁵⁾. In Nederland het H. J. Emous hom nog steeds beywer om onderwysers na die Republiek te stuur, waarvoor die Uitvoerende Raad in 1898 aan hom £30 per jaar toegeken het as blyk van waardering vir sy dienste⁶⁾. In 1897 is die bedrag van £2372.13/- en in die volgende jaar £1735.2.7 vir reiskoste van onderwysers uit die buiteland betaal⁷⁾.

1. Onderwysverslag oor die jaar 1893, 30.
2. Ibid., 1894, 33.
3. Ibid., 1896, 44.
4. Ibid., 1898, 4.
5. Hierby moet in gedagte gehou word dat die Volksraad op 30 Mei 1898 (art.306) besluit het om, in aanvulling by art.32 van Wet 8/1892, aan ongesertifiseerde onderwysers bo 40 jaar wat meer as 10 jaar getroue diens in gesubsidieerde onderwys in die Republiek gelewer het, op grond van gunstige inspeksieverslae 'n sertifikaat uit te reik gelykstaande aan 'n Derde klas Onderwysersertifikaat.
6. L.A.696: A.H.H.Sausenthaler — H.J.Emous, 11 Julie 1898.
7. Onderwysverslag oor die jaar 1897, 7; 1898, 10. Gemiddeld was die reistoelae aan 'n ongetroude onderwyser £40; vir 'n man, eggenote en 1 kind ongeveer: onderwyser £50, eggenote £50, kind £25, transportkoste van goedere £30, ses weke verblyfkoste in Pretoria: 2X £18 en £9: Totaal £200.

Aan verdienstelike onderwysers is honoraria uitbetaal volgens Bylae A van Wet no. 8 van 1892 en Bylae A van Wet no. 14 van 1896. Die volgende bedrae is in hierdie jare uitbetaal:

Tabel XXXIV.

Honoraria van verdienste aan onderwysers uitbetaal.

jaar.	£10	£15	£20	£25	£37.10	£40	Totale aantal verdienstelike onderwysers.
1893	14	1		3			18 ¹⁾
1894	17	2		4			23 ²⁾
1895	13	2		2			17 ³⁾
1896	8	4	4	5	1		22 ⁴⁾
1897	2	7	8	9	1		27 ⁵⁾
1898	4	4	8	6		1	23 ⁶⁾

Hierdie uitbetalings aan die genoemde aantal onderwysers toon oor die jare 'n geleidelike styging wat nagenoeg eweredig toegeneem het met die toename van die aantal onderwysers.

In 1899 is aan 3 onderwysers elk £10, aan 4 £15, aan 5 £20 en aan 6 £25 elk betaal tot Augustus 1899, toe die laaste inskrywing in die Salaris- en Voorskottereregister gemaak is⁷⁾).

Dit is moeilik om vas te stel wat die vergoeding was wat destyds aan die onderwysers betaal is, aangesien dit van onderwyser tot onderwyser en van kwartaal tot kwartaal gewissel het, omdat subsidies afhanklik was van die skool se bydrae⁸⁾).

1.Onderwysverslag oor die jaar 1893, 30 en 31.

2.Ibid., 1894, 34-5.

3.Ibid., 1895, 61-2.

4.Ibid., 1896, 46-7.

5.Ibid., 1897, 35-6.

6.Ibid., 1898, 23.

7.O.D.362: Salaris- en Voorskottereregister, 1899-1900,90.

8.Die volgende uittreksel uit aansoek om subsidies in 1894 aan die Supt.v.Ond.gerig gee 'n aanduiding van wat die salarisse was wat destyds aan onderwysers in gesubsidieerde skole betaal is.Die bron word in elke geval gegee:

O.D.117/2/1:P.G.Werken,£19.10.-per kwartaal vir 10-13 leerlinge met skoolgeld van 5/- per leerling per maand.

/3:J.C.Diehl £21 p.kw.,7 lle.6/- skoolgeld per 11.p.mnd.

/15:W.J.Naude £44.7.6, 25 leerlinge.

/34:A.B.Botha £1.9.6 per 11.p.kw.,17 leerlinge,4/6 p.11.p.mnd.

/36:G.P.Opperman £30 p.kw.,27 lle.,3/- p.mnd.

/38:G.J.Uys £5 p.kw.,6 lle.,10/- p.mnd.skoolgeld.

/42:D.J.Rossouw,hoof,£45 p.kw.,37 lle.,10/- p.kw.per 11.

S.Rossouw,kwekeling £7.10.- per kw.

/44:W.Scott £18 per kw. 12 lle.,7/6 per maand.

/46:J.C.Dirks £21 per kw.,10 leerlinge,5/- per mnd.

/48:P.Pietersen.7/6 per kind per kw.,23 leerlinge,2/6 p.mnd.

Daar het egter al by sommige onderwysers 'n gevoel bestaan dat daar 'n definitiewe salarisskaal vir onderwysers(esse) vasgestel behoort te word wat nie van die subsidie afhanklik sou wees nie. Op die Algemene Vergadering van die V. V. O. O. Z. A. wat in April 1897 in Pretoria gehou is, is 'n beskrywingspunt afkomstig uit Rustenburg bespreek waarin gevra is dat die subsidiestelsel¹⁾ gewysig moet word sodat die uitbetaling van die subsidie nie per leerling nie maar per onderwyser uitbetaal sou word. Daar is besluit om aan te beveel dat daar by die vasstelling van salarisse gelet sal word op die dienstyd, sertifikate wat die onderwyser besit, en die aantal standerds waaraan hy onderwys moes gee²⁾. J. van Bruggen was egter bang dat dit van onderwysers staatsamptenare sou maak en dat dit die prikkel om meer kinders in die skool te kry sou laat verdwyn.

Uit hierdie bespreking is niks konstruktiefs gebore nie behalwe in soverre dit die onderwysers se denke in die rigting geprikkel het, want in die „Jaarverslag van die Vereeniging van Onderwyzers en Onderwijzeressen in de Z.A.Republiek over het jaar 1898-1899. Bylae E: Subsidie en Salarisregeling³⁾ het die kommissie die volgende vir bespreking voorgestel: „De Regeering verleent subsidie in den vorm van Onderwyzers Salaris volgens onderstaand minimum tarief“:

Dorpskole.

Hoofde: met 2de klas-sertifikaat £300 x £12.10 verhoging per jaar vir 12 jaar tot £450,

met 1ste klas-sertifikaat £400 x £12.10 verhoging per jaar tot £550.

1.V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 21.

2.Voorstel: By ongesertifiseerde onderwysers met 20-30 leerlinge sou die salaris £250 per jaar wees; besitter van onderwysers sertifikaat 3de klas £300, 2de klas £350, 1ste klas £400. Dit wil voorkom asof die voorgestelde salarisse beslis veel hoër was as wat die gemiddelde onderwyser onder die subsidiestelsel kon kry.

3.In T.O.-Argief, Johannesburg.

Assistentente:	sonder sertifikaat	£120 x 10 - £240,
	met sert. 3de klas	£150 x 10 - £270,
	met sert. 2de klas	£180 x 10 - £300,
	met sert. 1ste klas	£240 x 10 - £360.

Wykskole

Hoofde :	sonder sertifikaat	£140 x £5 - £200,
	met sert. 3de klas	£160 x £7.10 - £250,
	met sert. 2de klas	£180 x £10 - £300,
	met sert. 1ste klas	£200 x £12.10 - £350.

Assistentente kry, volgens hulle sertifikate, twee derdes van die beginsalaris van hoofde met 'n jaarlikse verhoging van £5 vir 12 jaar.

Alle jare van ondervinding aan enige skool sou tel vir diensjare.

Skoolgelde moes op minstens 2/6 per leerling per maand vasgestel word, met handhawing van die kwytskelding van onvermoendes.

Wat die losiesgelde betref, het die kommissie geen voorstel aan die hand gedoen nie daar hulle dit onveranderd wou behou.

Van hierdie voorgestelde skale het weens die uitbreek van die oorlog, niks tereggekom nie maar dit is van belang omdat dit toon dat die sterkste onderwysersvereniging in die Republiek nie meer tevrede was met die subsidiestelsel wat in gebruik was nie, en 'n vaste salarisskaal verkies het. Interessant is dit egter om op te merk dat hulle ten gunste is van die behoud van 'n minimum skoolgeld wat betaal moes word, sodat dit nie algehele vry onderwys sou wees nie.

Die voorgestelde skale was ook daarop bereken om die onderwysers tot verbetering van hulle kwalifikasies aan te moedig deur beter besoldiging vir hoër kwalifikasies.

c. Boeke en leermiddele.

Die Onderwysdepartement het in 1896 sy boekdepot oorge-
maak aan die Transvaalsche Boekhandel¹), waardeur 'n groot las van
sy skouers afgeskuif is; maar reeds in die volgende jaar het die
onderwysers klagtes gehad teen die boekhandel, sodat baie skole hul-
le skoolbehoefte van elders gekry het. Van 1898 af het die fir-
ma alle bestellings vir boeke en skoolbehoefte direk uitgevoer,
en sommige skole het hulle bestellings regstreeks by die firma

1. Onderwysverslag oor die jaar 1896, 23.

geplaas sonder die bemiddeling van die Onderwysdepartement, sodat die bedrae wat werklik aan hierdie items bestee is, eerder hoër kan wees as die wat in die volgende tabel aangegee word. Die bedrae het snel toegeneem, wat 'n mooi aanduiding is van veelvuldige en toenemende gebruik wat met die loop van jare van skoolbehoefte gemaak is. Dit kon alleen daartoe meehelp om die onderwys te verbeter.

Tabel XXXV.

Uitgawe aan boeke en skoolbehoefte.

<u>Jaar.</u>	<u>Bedrag.</u>
1892	£966. 4. 4 ¹).
1893	£ 1311. 2. 9.
1894	£ 1899. 11. 7.
1895	£ 2881. 9. 9.
1896	£ 3455. 4. 2.
1897	£ 5515. 9. 9 ²).
1898	£ 5348. 9. 9 ³).

d. Skoolgeboue en meubels.

(1) Skoolgeboue.

Om die onderwys op die platteland te bestendig het dr. Mansvelt met die tegniese adviseur van die Republiek in Nederland, konsul-generaal R.A.I. Snethlage, in verbinding getree om inligting oor verplaasbare skoolgeboue en onderwyserswonings te kry, en hy het dié aangeleentheid ook in die Volkraad onder bespreking gebring⁴). Na deeglike ondersoek het dit geblyk dat die plan te duur was, waarop die regering besluit het om toelaes vir hout en sink, deure en vensters vir skoolgeboue en onderwyserswonings aan skoolkommissies te verstrek⁵). Dit was 'n groot sukses, want in 1897 is daar £8,278.10.11 en in die volgende jaar die bedrag van £19,350.19. 5 vir daardie doel uitgegee⁶). Hierdie bedrae is gebruik om bestaande geboue te verbeter of uit te brei of om nuwe geboue op te rig.

1. Onderwysverslag oor die jaar 1896, 23, vir jare tot 1896.

2. Ibid., 1897, 49.

3. Ibid., 1898, 25.

4. V.R.N., 1896, art. 1094, en U.R.B., 5 Maart 1897, art. 178, en 18 Maart 1897, art. 234.

5. Schoolgids, 1898, 69.

6. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 28 e.v.

Die skoolbesture het ook gretig gebruik ge maak van die verhoogde skoolhuur wat die regering van 1896 af betaal het aan wykskole, en dit het die onderwys op die platteland baie bevorder. Die volgende tabel toon watter bedrae op die begroting geplaas is vir besteding aan subsidies vir die huur van skoollokale en rente op kapitaal vir die oprigting van skoolgeboue.

Tabel XXXVI.

Bedrae bestem vir subsidie vir huur van skoollokale en rentevergoeding.

<u>Jaar.</u>	<u>vir huur v. skoollokale</u>	<u>vir rentevergoeding.</u>
1896	£2,695.14.11	£ 6. 5. 2 ¹).
1897	£5,911. 7. 9	£ 396. 4. 9 ²).
1898	£7,785. 6. 5	£1262.19. - ³).

Hierdie snelle toename van die bedrae vir die subsidiëring van huur van skoollokale en vir die betaling van rente op kapitaal wat gebruik is vir die oprigting van skoollokale en onderwyserswonings, toon duidelik aan in watter mate skoolbesture daarvan gebruik gemaak het, en dit weer het gelei tot die in gebruikneem van meer doeltreffende geboue tot voordeel van die onderwys en opvoeding van die jeug.

(2) Meubels.

Artikel 2 van Wet no. 14 van 1896, wat bepaal het dat die regering die helfte van die koste aan goedgekeurde skoolmeubels sou betaal, het ook groot verbetering meegebring in die soort en in die toestand van die meubels wat in skole gebruik is. Hoewel die meubels teen 1899, volgens die inspeksieverslae, in sommige skole nog veel te wense oorgelaat het, was daar in die opsig tog ook weer groot verbetering en vooruitgang in die skole te bespeur. Hiervoor is die volgende bedrae vir die onderskeie

1. Onderwysverslag oor die jaar 1896, 9.

2. Ibid., 1897, 7-9.

3. Ibid., 1898, 8-10.

jare aangevra¹): 1896:£0 ; 1897: £1,507.-.3 ; 1898: £2,156.17.6.

(3)Die toestand teen 1899.

Die geboue wat tot aan die begin van die negentiger jare in die Z.A.R. as skoollokalen diens moes doen, het veel te wense oorgelaat. Baie min aandag is aan geboue gegee ; solank daar net onderdak van een of ander aard verskaf kon word, was die meeste skoolkommissies tevrede. Dit was die skoolkommissies se taak om vir die nodige geboue te sorg, en hoe goedkoper hulle dit beskikbaar kon stel, hoe meer geld het hulle vir ander dringender sake oorgehou. By verreweg die meeste skoolkommissies was die verkryging en besoldiging van die onderwyser die hoofsaak. Oor skoolgeboue, onderwyserswonings, meubels en skoolbehoeftes het hulle hulle nie veel bekommer nie.

Die eer kom dr. Mansvelt toe dat hy die toestand op die gebied van veral skoolgeboue en meubels snel laat verbeter het. Afgesien van die ruime geldelike hulp wat hy vir die doel beskikbaar gestel het, het hy die inspekteurs van onderwys opdrag gegee om tydens hulle inspeksies op dié dinge te let, die onderwysers en skoolkommissies daarvoor te adviseer en dan daarvoor in hulle jaarverslagte verslag te doen.

Gewoonlik was die skoolgeboue beter as die onderwyserswonings. Selfs baie van die skoolgeboue was kort voor 1899 nog maar baie ondoeltreffend en onhigiënies. Soms moes die onderwyser maar tevrede wees om in 'n tent of in 'n vertrek langs 'n stal of waenhuis te woon²). So moes een onderwyser, byvoorbeeld in 1897 by gebrek aan akkomodasie in 'n beeskraal, waarvoor 'n soort van dak aangebring is, woon³). By Rust-mijn-ziel (Mapogsgronde) was omstandighede so uiterst ellendig dat 'n onderwyser vir hom

-
1. Onderwysverslag oor die jare 1896, 9 ; 1897, 7-9 ; 1898, 8.
 2. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 78 - 93 : Inspekteur J.L. Moerdijk.
 3. P.v.d.Berge in Klein-Vrystaat : Kyk O.R. 1531/97 in O.R. 11637/96 : P.v.d.Berge - Supt. van Ond., Hagedischklip, 6 Nov. 1897.

'n varkhok in 'n huis moes verander om 'n onderdak te hê, en boon-
op was die ouers van daardie omgewing so behoeftig dat hulle hom
nie van kos- of slaapplek kon voorsien nie¹). Dit was soms nodig
dat die onderwyser die klaskamer as sy slaapkamer en huis moes
gebruik²).

Dikwels het die vertrekkies geen vloer gehad nie en was
die grond spoedig stof getrap. Veral die klein venstertjies het
baie min lig en lug deurgelaat³). Inspekteur H. Visscher het in
sy rapport van 1898 geskrywe van 'n onderwysershuisie „dat lang
niet altijd tocht- en waterdicht is“⁴).

Sulke swak toestande wat wel nog bestaan het, was egter
die uitsondering. Oor die algemeen kon die inspekteurs teen 1898
van groot vooruitgang praat ten opsigte van skoolgeboue en -meu-
bels. In sy kring het inspekteur J. L. Moerdijk⁵) bevind dat die
ouers begin insien dat goeie geboue nodig is en dit met of son-
der staatshulp begin oprig het, en dan voeg hy daaraan toe dat
die verbeterde skoolgeboue meestal die aankoop van verbeterde
meubels tot gevolg het. Dit het weer die onderwys ten goede be-
invloed. Tog was die meeste meubels nog tuis gemaak en ondoelma-
tig, en om dié rede het hy dikwels skooltafels afgekeur⁶). Inspek-
teur H. Visscher⁷) het gerapporteer dat die meubels in sy kring
geleidelik verbeter het. J. K. M. te Bockhorst se bevinding was

1. O.R. 4799/97 in O.R. 7377/97 : W. de Boer - Supt.v.Ond., 12 Jun. 1897.
2. O.R. 4243/97 in O.R. 7811/97 : Inspekteur H. Visscher - Supt.v. Ond., Piet Potgietersrust, 2 Sept. 1897.
O.R. 2568/98: Insp. H. Moora - Supt.v.Ond., Zwartkopjes, 14 Jan. 1898.
3. Dit was 'n skoolgebou: „Denk U een oud vervallen gebouwtje, verdeeld in 3 hokjes. 't Is zoo laag dat men aan de balken reiken kan. Het geheel moet verlicht worden door een venstertje van 75 x 50 cm.² dat evenwel geen glas heeft, maar dat met wit doek is bespannen. De deur is zoo slecht, dat ze op allerlei wijze met latten beslagen is, ondanks dat valt ze bijna uit mekaar... Daar er geen zoldering of plafond in het gebouw is, en dat het allesbehalve dicht is, lijden wij onze kinderen 'n nachts veel aan de koude.“ (L.A. 691: J.A. Kat - Supt.v.Ond., Witkoppen, 8 April 1898.)
4. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 105.
5. Ibid., 91 - 92.
6. Ibid., 92.
7. Ibid., 94 - 106.

nagenoeg dieselfde as die van sy kollega Moerdijk¹). In inspekteur T. C. Stoffberg se kring kon hy vooruitgang in die oprigting van doelmatige skoolgeboue rapporteer, en H. Moora praat van groot vooruitgang wat die skoollokale betref²).

Aan die verbetering van skoollokale is meer aandag gegee as aan die verbetering van skoolmeubels, maar in die meeste gevalle waar daar nuwe, doeltreffende skoollokale opgerig is, het ewe doeltreffende meubels weldra gevolg.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog was daar al groot vordering gemaak met die oprigting van veral skoollokale; die meubels het ook geleidelik doelmatiger geword, en namate hierdie verbeteringe tot stand gekom het, na dieselfde mate het die peil van die onderwys in daardie skole verbeter. Tog kan ons nie nalaat om te beklemtoon dat die ouers, meesal weens gebrek aan samewerking en wetersydse wantroue in mekaar, nie geneë was om die geldelike verantwoordelikheid vir die oprigting van geboue te aanvaar nie; en om hierdie rede en weens armoede, wat taamlik algemeen voorgekom het, het dit nie te voor die wind gegaan met die oprigting van geskikte skoolgeboue en die aanskaf van goeie skoolmeubels nie.

e. Die Onderwysdepartement.

Die werksaamhede van die Onderwysdepartement het na 1896 snel toegeneem as gevolg van die groot hoeveelheid werk wat meegebring is deur die liberale wyse waarop die Volksraad in daardie jaar en die jare daarna voorsiening gemaak het vir geld ter verbetering, bevordering en uitbouing van die onderwys. Die geldelike beheer alleen het baie addisionele werk veroorsaak, en daarbenewens het die gevolglike groei van die aantal skole, kinders en onderwysers, die oprigting van staatskole op die goudvelde en staatstehuse in Pretoria ook meer werk veroorsaak, sodat daar in 1897 en 1898 herhaaldelik klagtes teen die Onderwysdepartement ingebring is omdat subsidies te laat uitbetaal is en die beantwoording van briewe vertraag

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 140.

2. Ibid., 148.

is. Die Superintendent het daarop geantwoord dat die vertraging te wyte is aan die baie werk en die tekort aan personeel, en hy het verder onder andere daarop gewys dat die aantal briewe ens. wat in 1897 afgehandel moes word 17,629 was teenoor 21,148 in 1898¹⁾ en dat baie kosbare tyd ook in beslag geneem word deur die toenemende aantal besoekers. Teen 1899 het die personeel van die Departement uit sowat agtien persone bestaan, aan wie nagenoeg £7,000 per jaar aan salarisse betaal is²⁾.

f. Inspeksie van skole.

Die aantal inspekteurs van skole is nog verder vermeerder om die toenemende aantal skole en die groot aantal leerlinge te inspekteer. Die leerlinge se bevordering het nog op individuele ondersoek deur die inspekteur berus, sodat hulle werk toegeneem het na die mate wat die aantal leerlinge vermeerder het. ✓

Vanaf die tweede kwartaal 1897 was daar ses inspekteurs³⁾, elk met sy aangewese inspeksiekring, nl. H. Visscher, H. Moora, J. L. Moerdijk, T. C. Stoffberg, J. Nieuwenhuize en J. K. M. te Boekhorst. Hulle salarisse was £500 per jaar plus 'n reistoelae van £300 per jaar⁴⁾.

Ten einde meer uniformiteit in die inspeksiestelsel en verslae te verkry, het dr. Mansvelt 'n lys van 43 vrae⁵⁾ gestel waardeur die inspekteurs in hulle inspeksies gelei is en waarvolgens die inspeksieverslae ingedien moes word. Dit het 'n goeie beeld gegee van die onderwys in sy geheel en het veel daartoe bygedra om die onderwyspeil, die onderwysverslae en die -statistieke te verbeter en voortaan meer betroubaar te maak.

Uit tabel XXXVII⁶⁾ blyk dat die aantal inspeksies jaarliks toegeneem het en dat elke skool in die jare vanaf 1896 minstens een

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 3 - 4.

2. Staatsalmanak 1899, 75.

3. Schoolgids, 1898, 5.

4. Staatsalmanakke vir die verskillende jare.

5. Onderwysverslag oor die jaar 1898, Bylae E.

6. Kyk bl. 227 hieronder.

Tabel XXXVIII.

Aantal leerlinge geïnspekteer en oorgeplaas, 1894 - 1898.

Jaar.	Aantal skole geïn- spek- teer.	Aantal leerl. op re- gis- ter.	Aant. leerl. teen- woor- dig.	Leerl. on- der st. 1.	<u>Leerlinge in standerds.</u>												
					1.		2.		3.		4.		5.		6.		
					G ⁴⁾	O ⁵⁾	G.	O.	G.	O.	G.	O.	G.	O.	G.	O.	
1894	321	7597	6858	114	3040		1847		2253		505		137		22		1)
1895	390	10826	9545	144	5084		2283		1390		476		139		14		2)
1896	456	13422	11169	92	6385		2521		1426		598		203		36		
1897	547	18555	16287	118	9411	1761	3764	1025	2001	532	746	224	255	104	61	11	3)
1898	627	22841	20477	150	11965	1999	4621	1258	2596	665	898	231	314	120	83	26	

1. Onderwysverslag oor die jaar 1894, 24.

2. Ibid., 1896, 21.

3. Ibid., 1898, 21 en 22.

4. Geïnspekteer.

5. Oorgeplaas.

keer besoek is. Daardeur kon die peil van die onderwys in die Republiek verhoog word onder die bekwame leiding van die inspekteurs. Die inspekteurs het egter te veel werk gehad om te behartig, aangesien elke kind in elke skool vir oorplasing ondersoek moes word, en aan baie onderwysers moes wenke en voorligting gegee word. Dit gesien in samehang met die swak vervoermiddels en swak paaie van daardie tyd, is 'n duidelike aanduiding dat die inspekteurs baie gedoen het, veral as ons let op die aantal leerlinge wat getoets moes word¹).

Tabel XXXVII.

Aantal skole uit bestaande skole jaarliks geïnspekteer, 1882-1898.

Jaar.	Aantal skole ge-inspekteer.	Aantal bestaande skole.
1882	32	43
1883	29	72
1884	33	59
1885	57	92
1886	50	95
1887	49	116
1888	74	179
1889	152	225
1890	232	278
1891	155	552
1892	420	484 ²)
1893	350	412 ³)
1894	321	419 ⁴)
1895	390	422 ⁵)
1896	456	328 ⁶)
1897	547	471 ⁷)
1898	627	509 ⁸)

Die aantal leerlinge wat jaarliks ten tyde van inspeksies na hoër standerds bevorder is, was maar droewig min, sodat die dividend wat die staatsgeld wat in onderwys belê is, afgewerp het, maar

-
1. Kyk tabel XXXVIII op bl. 226 hierbo.
 2. Kyk tabel IX op bl. 101 hierbo.
 3. Onderwysverslag oor die jaar 1893, 17 en 21.
 4. Ibid., 1894, 19 en 24.
 5. Ibid., 1895, 29 en 34.
 6. Ibid., 1896, 20 en 21.
 7. Ibid., 1898, 20 en 22.
 8. Ibid.

baie laag was, maar dit is die geval met elke jong onderneming, soos die onderwys in die Republiek ook nog maar jonk was. Die feit dat daar nie voldoende inspekteurs was nie, dat baie onderwysers nog onbevoeg was vir hulle werk en dat skole in die meeste gevalle nog maar 'n tydelike karakter gehad het, is onder andere faktore wat verantwoordelik was vir die hoë aantal druipelinge.

g. Koste van die onderwys.

Uit geldelike oogpunt gesien, is die jaar 1896 'n belangrike datum in die onderwysgeskiedenis van die Republiek, want in daardie jaar is deur middel van wetgewing en spesiale Volksraadsbesluite met 'n kwistige hand geld aan die onderwys beskikbaar gestel. Die geld sou egter eers in 1897 en daarna deur die bevoordeeldes benut word, aangesien die wetgewing teen die einde van 1896 van krag geword het. Nie alleen het die staatsuitgawes aan onderwys snel toegeneem nie, maar ook die onderwys in sy geheel het gegroei: die aantal kinders, skole en onderwysers het vermeerder, die leermiddele, meubels en geboue het ook verbeter, soos die volgende tabel duidelik aantoon.

Tabel XXXIX.

Aantal skole, leerlinge en gemiddelde staatsuitgawe aan gesubsidieerde onderwys, 1882 - 1898¹).

Jaar.	Totale aantal skole.	Gemiddelde aantal leerlinge.	Totale staats- uitgawe. £ s d	Gemiddelde staatsuitgawe per kind.
1882	43	872	2,753	£3. 4. 8.
1883	72	1,410	4,395	3. 2. 4.
1884	59	1,280	5,974	4.13. 4.
1885	93	2,111	8,525	4. -. 9.
1886	96	2,600	9,261.13. 9	3.11. 3.
1887	116	2,795	10,494. 1.11	3.15. 1.
1888	179	4,016	14,715. 9. 4	3.13. 3.
1889	225	5,475	24,987.13. 8	4.11. 3.
1890	296	6,990	35,546.13. 2	5. 1. 8.
1891	552	8,170	43,823.11. -	5. 7. 3.
1892	484	7,932	34,962. 5. 7	4. 8. 2.
1893	412	5,909	26,916. 4. 4	4.11. 2.
1894	419	6,626	31,260.17. 4	4.14. 4.
1895	422	7,217	39,813. 2. 8	5.10. 4.
1896	395	7,738	44,548. 3. 2	5.15. 2.
1897	457	10,777	65,656. 2. 6	6. 1.10.
1898	509	13,561	90,935.10. 3	6.14. 1.

1. Saamgestel uit Onderwysjaarverslae, Staatsalmanakke vir betrokke jare. In hierdie getalle is nie inbegryp die leerlinge van die Staatsmodel- en Staatsmeisie- en staatskole op die goudvelde nie.

Die hoofdoel van die Mansveltwet was om die inisiatief van die ouers te laat uitgaan en om die ouers 'n redelike deel van die koste van hulle kinders se onderwys te laat dra, want na die mate wat hulle kinders skoolgeld betaal, sou die subsidie volgens 'n vasgestelde skaal betaal word. Volledige verslac van die ouerbydraes is beskikbaar vanaf 1893 en word hieronder aangegee teenoor die staatsubsidies aan gesubsidieerde skole.

Tabel XL.

Ouerbydrae vergelyk met staatsbydrae.

<u>Jaar.</u>	<u>Ouerbydrae.</u>	<u>Staatsbydrae¹⁾.</u>
1893	£15,844.18. 4 ²⁾	£26,916. 4. 4.
1894	15,925. 3.11 ³⁾	31,260.17. 4.
1895	16,524.11.11 ⁴⁾	39,813. 2. 8.
1896	18,412.18. 3 ⁵⁾	44,549. 3. 2.
1897	19,723.15. 4 ⁶⁾	65,656. 2. 6.
1898	20,567. 4.10 ⁷⁾	90,935.10. 3.

Die voorgaande twee tabelle toon groot vooruitgang in die onderwys aan, onder andere dat sedert die jaar 1893, waarin die Mansveltwet in werking getree het, die gemiddelde subsidie per leerling slegs van £4.11.2 tot £6.14.1 in 1898 gestyg het, dus 'n vermeerdering van ongeveer 47%, teenoor die vermeerdering van die aantal kinders, wat in die ooreenstemmende jare van 5,909 tot 13,561, dus met ruim 129% toegeneem het. Reken ons nog by hierdie getalle die leerlinge van die staatskole by, dan gee dit 'n totaal van 15,512 leerlinge in 1898.

-
1. Geneem uit tabel XXXIX op bl. 228 hierbo.
 2. Onderwysverslag oor die jaar 1893, 17.
 3. Ibid., 1894, 20.
 4. Ibid., 1895, 29.
 5. Ibid., 1896, 7.
 6. Ibid., 1897, 8.
 7. Ibid., 1898, 9.

Die grootste persentasie leerlinge in die Z. A. R. het gesubsidieerde skole besoek¹⁾, en omdat die staatsuitgawes aan hierdie tipe skole veel minder was as aan die verskillende soorte staatskole in die Republiek, is die gemiddelde staatsuitgawe per leerling per jaar vir elke tipe skool afsonderlik uitgewerk, aangesien 'n gemiddelde berekening volgens groot totale alleen 'n skewe voorstelling van toestande sou gee. Die berekening van gemiddelde uitgawes per leerling in die gesubsidieerde skole is gebaseer op die subsidies wat aan skole betaal is na verhouding tot die skole se bydrae aan skoolgelde en vrywillige bydraes.

Tabel XLI.

Staatsuitgawes aan die onderwys, 1892 - 1898²⁾.

a. Jaar.	b. Totale staatsuitgawes.	Staatsuitgawe aan onderwys.	
		c. Gesubsidieerde skole.	d. Totale uitgawe aan onderwys.
1892	£1,188,800	£35,000	£35,000 ³⁾ .
1893	1,302,100	27,000	27,900.
1894	1,734,700	31,300	33,000.
1895	2,679,100	39,800	63,800.
1896	4,671,400	44,500	76,300.
1897	4,394,100	65,700	140,300.
1898	4,049,100 ⁴⁾	90,900	226,400.

Soos die tabel hierbo aantoon, het die verskil tussen die staatsuitgawe wat aan gesubsidieerde onderwys toegeken is (c), in 'n vaste verhouding tot die skole se bydrae aan skoolgelde en die totale uitgawe van die staat aan die Republiek se onderwys (d) ge-

1. In 1898 was 13,561 uit die 15,512 leerlinge in die skole van die Z.A.R. in gesubsidieerde skole, dus nagenoeg 87% (Onderwysverslag oor die jaar 1898, 8).
2. Staatsalmanakke, veral 1899, 57.
3. Alle bedrae tot die naaste honderd benader.
4. Die bedrag is slegs vir 'n halfjaar aangegee en is in die tabel verdubbel vir die doel van vergelyking.

leidelik vergroot namate verskillende tipes staatskole in die loop van die negentiger jare tot stand gekom het. Na die instelling van die staatskole aan die Rand in 1896 en die baie addisionele uitgawes wat in daardie jaar deur die Volksraad vir die onderwys maar veral vir die gratis onderwys aan behoeftige leerlinge en gratis losiesgelde gemagtig is¹), het die verskil tussen die twee onrusbaarend toegeneem, met die gevolg dat die Volksraad in sy sitting van 1898 maatreëls oorweeg het om die stygende uitgawes aan onderwys aan bande te lê²).

Tabel XLII.

Persentasie van die staatsuitgawes van 1882 tot 1898 aan die onderwys bestee³).

<u>Jaar.</u>	<u>Persentasie.</u>
1882	1
1883	2
1884	2.3
1885	3.8
1886	2
1887	1.5
1888	1.9
1889	2.4
1890	2.3
1891	3.2
1892	2.9
1893	2.1
1894	1.9
1895	2.3
1896	1.6
1897	3.2
1898	5.6 ⁴).

Hierdie tabel moet in die lig van Tabel XXXIX geïnterpreteer word. Die volgende feite moet daarby in gedagte gehou word: Gedurende die tagtiger jare het die ontdekking en die ontginning van goud in die Republiek 'n groter inkomste aan die Z.A.R. besorg maar ook groter uitgawes meegebring, en hierdie verhoging in die uitgawe het veral van 1886 af toegeneem; gedurende die negentiger jare het

1. Kyk tabel XLIII op bl. 242 hieronder.

2. Kyk bl. 242 hieronder.

3. Persentasies verwerk uit gegewens verkry uit Staatsalmanakke, Onderwysjaarverslae, Finansies-begrotings en Volksraadsnotules vir die betrokke jare.

4. Vir die doel van vergelyking is die oorspronklike gegewens vir 'n halfjaar verdubbel om 'n jaar te verteenwoordig.

die totale staatsuitgawes van die Z. A. R. weer vinniger toegeneem as gevolg van die groter inkomste uit die goudvelde verkry en die groter eise wat die goudvelde aan die staatskas gestel het, veral ten opsigte van spoorweguitbreiding.

Interpreteer ons Tabel XXXIX in die lig van hierdie gegewens, dan merk ons die volgende op:

- (1) Na die betreklike stilstand op onderwysgebied voor en gedurende die Eerste Vryheidsoorlog en die ontwrigting deur die oorlog self veroorsaak, het die onderwyswet van ds. Du Toit die onderwys laat bloei, en gevolglik kry ons die opwaartse neiging in die persentasie van die staatsgeld aan onderwys bestee van 1% in 1882 na 3.8% in 1885.
- (2) Teenoor die verhoogde staatsuitgawes as gevolg van die ontdekking van goud in 1886 vertoon die persentasie geld wat daardie jaar aan onderwys bestee is, laag (2% en later 1.5%), om dan geleidelik toe te neem omdat, afgesien van die normale geleidelike toename van die aantal kinders op skool, die aantal gratis leerlinge toegeneem het en omdat die subsidie verhoog is.
- (3) Die styging bereik dan sy hoogtepunt in 1891 waarna dit begin daal omdat dr. Mansvelt die toekenning van subsidies strenger begin beheer en kontroleer het en misbruike sodoende verminder is en omdat die aangestelde inspekteurs van onderwys veel gehelp het om strenger toesig te hou oor die aantal leerlinge op skool wat vir subsidie in aanmerking gekom het.
- (4) Die afskaffing van die toelaes aan gratis leerlinge deur die Mansveltwet het 'n groot daling in die uitgawes van die staat meegebring. Die staatsuitgawes aan onderwys is nog verder verlaag omdat laasgenoemde wet bepaal het dat die regeringstoelae in 'n vaste verhouding tot die ouers se bydrae betaal sou word, en waar die ouers onder die Du Toitwet gewoon was om self min by te dra, het hulle dit nou

moeilik gevind. Hierdie twee faktore verklaar die betreklik lae persentasie staatsgeld wat aan onderwys bestee is.

- (5) Die lae persentasie van 1.6 in 1896 teenoor die vorige jare is 'n gevolg van die geweldige toename in staatsuitgawes (van £2,679,100 in 1895 tot £4,671,400 in 1896). Die daaropvolgende snelle styging van 1.6% na 3.2% in 1897 en 5.6% in 1898 verteenwoordig die groot staatsuitgawes ten opsigte van die onderwys na die onderwyswetgewing van 1896, as gevolg waarvan geld mildelik aan die onderwys bestee is. .

h. Die betaling van subsidies.

In sy onderwyswet het dr. Mansvelt die subsidiestelsel van sy voorganger as uitgangspunt geneem en daarop verbeter en uitgebrei. Een van die verbeteringe was dat die subsidie vir 'n bepaalde kwartaal betaal sou word eers na afloop van dié kwartaal en na ontvangs van die nodige ingevulde state en rekeninge. Foutiewe state, wat aan die betrokke onderwysers of skoolkommissies vir die nodige verbeteringe teruggestuur is, het dikwels baie vertraging in die betaling van die subsidie veroorsaak, tot groot ongerief van die skoolkommissie maar veral van die onderwyser. Die feit dat al die state en rekenings byna almal gelyktydig aan die einde van die kwartaal deur die Departement ontvang is, het 'n groot opeenhoping van werk en verdere vertraging van die betaling beteken. Dikwels was laksheid en onnoukeurigheid met die invul en aanstuur van die state van die kant van die onderwysers en skoolkommissies ook verantwoordelik vir vertraging. Só erg het die toestand geword dat die Volksraad magtiging aan die Superintendent van Onderwys verleen het om uitbetaling van subsidies vir die kwartale van die vorige jaar te weier indien die rekeninge en state hom later as 15 Februarie van die volgende jaar bereik het¹).

Verskillende wenke is deur verskillende persone en liggame aan die hand gedoen om hierdie vertraging te voorkom, uit te

1. E.V.R.N., 1896, art. 1138.

skakel of minstens te verkort. Een gedagte was om twee derdes van die verskuldigde subsidie te betaal onmiddellik na ontvangs van die state en rekeninge aan die einde van die kwartaal. Voorstanders van hierdie gedagte was daar baie. Gedurende die bespreking van die onderwysverslae in die Volksraad is dikwels daarop aangedring¹); op die vergaderings van die V.V.O.O.Z.A.²) is dit bespreek; op die Onderwyskongres te Germiston in 1899³) het dit warm besprekings uitgelok, terwyl dit ook op die Onderwyskongres te Pretoria in Junie van dieselfde jaar deeglik bespreek is⁴).

(1) Besprekings in die Volksraad.

Gedurende die Volksraadsitting van 1897 het baie van die lede die subsidiereëling bespreek, en baie memories oor die betaling van subsidies is by die Volksraad ingedien, sodat die Raad besluit het om 'n kommissie van drie lede te kies om in oorleg met die Superintendent van Onderwys die ingekome memories na te gaan en aanbevelings daaroor te doen en aan die Volksraad voor te lê⁵). Hierdie bevindings en aanbevelings is op 10 November 1898 aan die Volksraad oorhandig, maar daar het verder niks van tereggekom nie.

(2) Die onderwyskongresse.

(a) Die kongres te Germiston.

Op die Onderwyskongres te Germiston, waar slegs afgevaardigdes van skoolkommissies van gesubsidieerde skole en genooi-des kon praat⁶), het die reëling vir die betaling van subsidies 'n baie warm debat uitgelok, waarin lede van mekaar verskil het. Aan 'n verteenwoordiger van die Onderwysdepartement is geleentheid

1. Volksraadsnotules, 1896 - 1898.

2. Notules van die V.V.O.O.Z.A.

3. O.D. 144.

De Rand Post, 30.3.1899 en 5.4.1899.

4. Notulen en Referaten van het Onderwijs-Congres te Pretoria gehouden op Pretoria op 7, 8 en 9 Juni 1899.

O.D. 144.

De Volksstem, 7. 8 en 12 Junie 1899.

De Rand Post, 9 Junie 1899.

5. E.V.R.B., 9 Junie 1897, art.275.

6. De Rand Post, 30.3.1899.

O.D. 144/355.

om oor hierdie aangeleentheid die woord te neem , geweer. Uiteindelik is besluit om die regering te versoek om in die vervolg aan gesubsidieerde skole onmiddellik na die indiening van die nodige state twee derdes van die subsidie aan skoolkommissies te betaal. Die Departement het met die uitbreek van die Driejarige oorlog nog nie uitvoering aan hierdie voorstel gegee nie.

(b) Die Onderwyskongres te Pretoria.

Kort na die Germistonse Kongres is te Pretoria 'n onderwyskongres gehou¹), waar ene Bisschoff 'n baie volledige referaat oor „Subsidie” gelewer het²).

Hy het kortliks gewys op elf algemene foute wat meestal by die invul van subsidiestate gemaak is maar wat dan deur die amptenare van die Departement self verbeter is sonder om die state terug te stuur aan skoolkommissies. Daardeur is vertraging met die betaling voorkom. Vervolgens het hy ses algemene foute behandel wat dikwels op subsidiestate voorgekom het en nie deur die betrokke amptenare self verbeter kon word nie en waarvoor die state dan teruggestuur moes word. Hy het ten slotte daarop gewys dat onderwysers en skoolkommissies dus per slot van sake self verantwoordelik was vir die vertraging in die betaling van subsidies.

Daarop het die kongres besluit dat skoolbesture versoek word om binne twee maande hulle opinies oor die subsidiestelsel, met voorgestelde wysigings daarvan aan 'n gekose kommissie van sewe lede te stuur. Dié kommissie sou dan daaruit 'n voorstel formuleer en aan die regering voorlê. Teen die tyd dat die gevraagde opinies egter moes inkom, het die dreigende oorlog almal se aandag geverg en dit van haas alle ander sake afgetrek.

-
1. Die Germistonse Kongres is bygewoon deur opposisie van die Onderwysdepartement, terwyl die Pretoriase Kongres deur ondersteuners van die Departement gehou is maar waarop die Germistonse opposisie ook toegelaat is.
 2. Notulen en referaten van het Onderwys-kongres te Pretoria, gehouden te Pretoria op 7, 8 en 9 Juni, 97 - 109.

(3) Die V. V. O. O. Z. A.

Op die derde algemene vergadering van die V.V.O.O.Z.A. ,
wat op 20 April 1897 gehou is , is die volgende voorstel , van
Rustenburg afkomstig, bespreek :

„De Vereeniging van Onderwyzers en Onderwyzeressen
in de Z.A.R. doe door 't Dept. van Onderwijs aanzoek bij de H.
Ed. Regeering om het Subsidiestelsel zoo te wijziging dat de Sub-
sidie worde uitbetaald per onderwyzer en niet langer per kind.

Schema.

<u>Aantal leerlingen.</u>	<u>Rang van Onderwyzer.</u>	<u>Salaris.</u>
Tot 20	Ongecertificeerd	£200 p.a.
Van 20 tot 30	Ongecertificeerd	£250
Tot 20	3e Klasse onderw.cert.	£250
Van 20 tot 30	3e Klasse onderw.cert.	£300
Tot 20	2e Klasse onderw.cert.	£300
Van 20 tot 30	2e Klasse onderw.cert.	£350
Tot 20	1e Klasse onderw.cert.	£350
Van 20 tot 30	1e Klasse onderw.cert.	£400 ¹).

C.G. de Jonge, verteenwoordiger van die Departement, was
ten gunste van die voorstel, want dit sou die voordele meebring

- (a) dat die Departement se werk baie verminder sou word,
- (b) dat onderwysers(-esse) hulle besoldiging baie gouer sou ont-
vang as wat onder die subsidiestelsel die geval was en
- (c) dat die onderwyser se inkomste nie meer so direk van die aan-
tal leerlinge in die skool afhanklik sou wees nie.

J. van Bruggen was egter bang dat as so 'n voorstel aan-
geneem word , dit die prikkel om meer kinders in die skool te kry,
sou laat verval en dat die onderwysers daardeur staatsamptenare
sou word.Om daardie rede is die Rustenburgse voorstel nie aange-
neem nie, hoewel dit tog uit die notule voorkom asof dit baie voor-
standers gehad het. O. Boersma het die subsidiëring per onderwyser

op die volgende voorwaardes aanbeveel : Die maatreël beoog geen salariering nie maar 'n ander wyse van subsidiëring; die aanbevole stelsel sou slegs dan toegepas word wanneer dit 'n onderwyser werklike voordele verskaf¹).

Daarna is 'n nuwe skaal vir bespreking deur die volgende vergadering van die V.V.O.O.Z.A. voorgestel²): „De Regeering verleent subsidie in den vorm van onderwyzers salaris volgens onderstaand minimum tarief”:

Dorpskole.

Hoofde: Met 2de klas-sertifikaat	£300 x £12.10	-£450.
Met 1ste klas-sertifikaat	£400 x £12.10	-£550.
Assitente: Sonder sertifikaat	£120 x £10	-£240.
Met 3de klas-sertifikaat	£150 x £10	-£270.
Met 2de klas-sertifikaat	£180 x £10	-£300.
Met 1ste klas-sertifikaat	£240 x £10	-£360.

Wykskole.

Hoofde	Sonder sertifikaat	£140 x £5	-£200.
	Met 3de klas-sertifikaat	£160 x £7.10	-£250.
	Met 2de klas-sertifikaat	£180 x £10	-£300.
	Met 1ste klas-sertifikaat	£200 x £12.10	-£350.

Assistente kry net twee derdes van die beginsalaris van hoofde, elk na sy sertifikaat, met 'n jaarlikse verhoging van £5 oor 'n tydperk van 12 jaar.

Alle jare van ondervinding in enige tipe skool moes as diensjare tel.

Skoolgelde moes op minstens 2/6 per leerling per maand vasgestel word.

Die voorgestelde skaal se salarisse was na berekening en skatting heelwat hoër as die gemiddelde besoldiging wat onderwysers in gesubsidieerde skole ontvang het. Dit is verder ook opvallend dat die skaal nie voorsiening maak vir salariering volgens

1. Nótule 3e alg. verg. van die V.V.O.O.Z.A., 20/21 April 1897.
 2. Jaarverslag v.d. V.V.O.O.Z.A. oor die jaar 1898-1899, Bylae E, „Subsidie- en Salarisregeling”.

die aantal leerlinge in die skool nie maar wel volgens die kwalifikasies van die leerkragte. Ook is die skoolgelde nie afgeskaf nie, maar het dit behoue gebly. Dit weer was heelwat minder as die gemiddelde skoolgeld wat kinders in die gesubsidieerde skole per maand betaal het.

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het egter ook die verdere bespreking of verwesenliking van hierdie voorstel in die wiele gery, en so het die bestaande reëling vir die betaling van subsidie dus gehandhaaf gebly totdat die Republikeinse onderwysstelsel deur die oorlog ontwrig is.

Samevattend kan gekonstateer word dat daar in die paar jaar wat aan die Anglo-Boereoorlog voorafgegaan het, sowel onder die ouers, die onderwysers en die Departement van Onderwys as in die Volksraad ontevredenheid was oor die bestaande reëling vir die betaling van subsidie. Almal het aangedring op verandering, hoofsaaklik om die vertraging van betalings van die subsidie na die indiening van rekenings en state uit te skakel. Dit wil voorkom asof die enigste oplossing vir die probleem vaste salarisse was.

1. Armoede en die onderwys.

(1) Oorsake van die armoede.

'n Baie belangrike faktor wat 'n groot rol gespeel het in die finansiering van die onderwys en wat steeds in gedagte gehou moet word by die bestudering en interpretasie van alle tabelle en statistieke, is die groot armoede wat maar deurgaans in die Republiek onder die inwoners geheers het. Daar is reeds tevore gewys op die swak finansiële toestand waarin die land verkeer het as gevolg van terugslae op boerderygebied en oorloë. Veral die terugslae met betrekking tot die boerdery het 'n lae landsinkomste meegebring¹).

As oorsake van die armoede in die Republiek noem A.N. Pelzer²) nege, waarvan elkeen afsonderlik op verskillende tye

1. Kyk p. 17, 33, hierbo.

2. Pelzer, A.N.: Die "Armblanke"-verskynsel in die S.A.R. tussen die jare 1882 en 1899, hoofstuk III, 59-70.

mense of groepe in moeiliker omstandighede gebring het. Dit is kortliks die volgende:

(a) Die Eerste Vryheidsoorlog het 'n groot vernielingswerk aangerig.

(b) Die herhaalde gevalle van politieke agitatie voor en na die Jameson-inval het stremmend gewerk op die rustige ontwikkeling van die handel en industrieë.

(c) Aan die begin van 1896 het die runderpes 984,239 uit die 1,435,292 beeste in die Republiek (dus nagenoeg twee derdes van die veestapel) afgemaai, waardeur die Boere, wat by uitstek veetelers was, 'n swaar ekonomiese slag toegedien en hulle in groot ellende gedompel is.

(d) Die dinamietontploffing in 1897 het ontsettende smart en ellende en duisende ponde skade aangerig.

(e) Baie ongewenste immigrante het na die ontdekking van goud die land binnegestroom, en hoewel hulle nie regstreeks 'n oorsaak van armoede was nie, het hulle tog die aantal armes van die Republiek laat toeneem deurdat hulle baie landsburgers 'n geleentheid om werk te kry, ontnem het.

(f) Die Boere was hoofsaaklik veeboere, en later het sommige hulle uitsluitlik op transportry as lewensbestaan toegelê; as gevolg van die bou van spoorweë is hierdie middel van bestaan hulle ontnem en is baie van hulle tot die getal van die armelastiges toegevoeg.

(g) Buitelandse aangeleenthede, soos die depressie in Europa, Amerika en Australië in 1893, het hulle terdeë in die Republiek laat voel.

(h) In die Republiek was daar voortdurende onluste met opstandige kafferstamme, veral in die tagtigerjare. Roof en plunder, wat gewoonlik daarmee gepaard gegaan het, en die afwesigheid van die burgers van hulle huise het agteruitgang en armoede veroorsaak.

(1) Die grootste vyand wat die Boer nog altyd bedreig het, was allerlei natuuumstandighede, soos groot droogtes (veral in 1883), oorstromings, hael, sprinkane, runderpes, galsiekte en perde-siekte.

Al die voorgenoemde faktore het daartoe bygedra om groot ellende en armoede in die Republiek te veroorsaak, nieteenstaande die ryk opbrengste van die goudvelde, want laasgenoemde is hoofsaaklik deur 'n handjievol mense ontvang.

(2) Gratis leerlinge.

Om die bogenoemde redes het die onderwysmanne in die Republiek voortdurend te doen gehad met die lastige probleem van wie finansieel vir die onderwys van die arm kinders verantwoordelik moes wees¹⁾. Die Du Toit-wet²⁾ het bepaal dat aan waarlik behoeftige leerlinge wat in 'n ondersteunde skool gratis onderrig word, 'n spesiale subsidie van £3 of £5 onderskeidelik vir laer of middelbare onderwys deur die regering aan die betrokke skoolkommissie betaal sou word. Weens die snelle toename van die aantal gratis leerlinge is besluit om 'n sertifikaat van onvermoëndheid deur die betrokke skoolbesture te laat indien. Ten opsigte van alle gratis leerlinge, maar nog steeds het die aantal toegeneem, totdat gratis leerlinge in 1889 beperk is tot kinders van behoeftige gebreklikes, kinders van behoeftige bejaardes en weeskinders. Die aantal gratis leerlinge het desnieteenstaande van 135 in 1882 tot 1395 in 1892 toegeneem, en die bedrae deur die staat vir gratis leerlinge gestem, het vir dieselfde twee jare respektiewelik van £300 tot £6,000 toegeneem.

Om hierdie rede wou dr. Mansvelt geen voorsiening vir gratis leerlinge as sodanig in sy Onderwyswet³⁾ maak nie, maar hy het liever die subsidies vir alle leerlinge verhoog sodat die skoolkommissies geld sou kry om 'n laer skoolgeld van die onbemiddeldes in te vorder.

1. Kyk bl. 97 - 99 hierbo.

2. Artikelll.

3. Wet no. 8 van 1892, artt. 17 en 18. Kyk ook bespreking van die konsepwet op bl. 137 en 138 hierbo.

Die armoede van die land was egter so groot dat dr. Mansvelt en die Volksraad, nieteenstaande hulle almal gekant was teen „de verderflijke toestanden door het gratis onderwijs in het leven geroepen“¹⁾ onder die Du Toit-wet, genoodsaak was om weer voorsiening te maak vir werklik behoeftige leerlinge, ten behoeve van wie die regering 'n driemaandelikse subsidie van 30/- elk sou toeken na voorlegging van 'n skriftelike verklaring, onderteken deur drie kerkraadslede en die veldkornet of landdros, te dien effekte dat so 'n kind of kinders te onvermoënd is om iets vir hulle onderwys by te dra²⁾. Ten einde die aantal gratis leerlinge te beperk, is kort daarna bepaal dat die aantal gratis leerlinge nie meer as 15% van die skool se inskrywing mag wees nie, en die skoolkommissie moes ook iets vir sulke leerlinge bydra, wat minstens 'n kwart van die Regeringsubsidie vir behoeftiges moes wees³⁾.

(3) Losiesbeurse.

In 1896 is die subsidie aan gratis leerlinge met 10/- per leerling per kwartaal verhoog na 40/-⁴⁾, terwyl daar in dieselfde jaar ook besluit is om losiegelde aan behoeftige leerlinge wat verder as drie myl van die skool af woonagtig was, te betaal teen £3 tot £6 per leerling per kwartaal⁵⁾, onderhewig aan die gebruikelike sertifikaat van onvermoë.

„Gretig wordt gebruik gemaakt van de mildheid der Hoog Ed. Regeering in zake gratis logies“⁶⁾, het die Superintendent die volgende jaar gerapporteer, maar dit het so snel toegeneem dat die skoolkommissies, kerkraadslede, veldkornette en landdros te weer eens gemaan moes word om artikels 10 en 11 van Wet no. 14 van 1896 na te kom.

1. Bl. 137 hierbo.

2. Wet no. 8 van 1893, art.3.

3. Kyk bl. 148 hierbo.

4. Supplement-Schoolgids, 1896, 9.

5. Wet no. 14 van 1896, artt. 10 en 11;
Kyk ook bl. 174 hierbo.

6. Onderwysverslag oor die jaar 1897, 17.

Tabel XLIII

Staatsgelde betaal aan gratis leerlinge en gratis losies.

Jaar.	Gratis leerlinge.	Losiesgelde volgens Wet 14/1896 ¹⁾
1893	289. 3. 4 ²⁾	
1894	3,070. 5. - ³⁾	
1895	3,263. -. - ⁴⁾	
1896	5,235. 8. 5 ⁵⁾	398. 3. 3 ⁶⁾
1897	20,541. 7. 5 ⁷⁾	13,562. -. 8 ⁸⁾
1898	40,675.11. 8 ⁹⁾	45,355.18. 1 ¹⁰⁾

Soos bostaande tabel aantoon, het die toestand hande uitgeruk in 1897/8. Armoede, wanpraktyke en bedrog was gesamentlik verantwoordelik vir die snelle toename van die staatsuitgawe aan gratis onderwys en -losies. Daar is ernstige aandag aan die saak gegee, en ten einde helderheid te kry oor die vraag wanneer 'n ouer as behoeftig beskou kan word, en wat presies verstaan word onder die woorde „onvermogen”, „gedeeltelik onvermogen” en „geheel onvermogen”, het die Superintendent van Onderwys die Uitvoerende Raad versoek om hom daaroor uit te spreek, sodat misbruike uitgeskakel of verminder kon word. Die saak is na die Volksraad verwys, wat dit op sy beurt weer na 'n gekose komitee¹¹⁾ verwys het. Kort daarna is dit weer in die Volksraad

1. Dit sluit alle losies aan staatsinrigtings uit.
2. Onderwysverslag oor die jaar 1893, 17.
3. Ibid., 1894, 20.
4. Ibid., 1895, 29.
5. Ibid., 1896, 6 - 7.
6. Ibid., 1896, 9.
7. Ibid., 1897, 7.
8. Ibid., 9.
9. Ibid., 1898, 8.
10. Ibid., 9.
11. U.V.R.B., 22 Junie 1898, 581. Kyk ook R.4444/98: „Door ,onvermogen' of ,geheel onvermogen'. . zal verstaan worden, dat de ouders of voogden van kinderen te wier behoefte gratis onderwijs of gratis logies gevraagd wordt te oud of te gebrekkig zijn door arbeid het vereischte school- of logiesgeld te kunnen verdienen, of wel dat zij door ernstige ziekte of door verlies van alle trekvee of have tijdelijk daartoe niet in staat zijn. „Gedeeltelik onvermogen”. . niet in staat zijn voor al hun kinderen het vereischte school- of logiesgeld te verdienen.” By verskil van mening tussen kerkraadslede, landdros en veldkornette omtrent „onvermogen”, „geheel” of „gedeeltelik onvermogen” beslis die Superintendent van Onderwys.

onder bespreking gebring, waarop besluit is om die betrokke artikels in die wet te wysig, dog die uitbreek van die oorlog het dit verhinder.

In 1898 was 37.2% van alle leerlinge gratis leerlinge, terwyl 14.3% van alle leerlinge gratis losies-leerlinge was¹⁾. Die volgende tabel toon die verhouding van die gratis leerlinge tot die totale aantal leerlinge in elke distrik²⁾.

Tabel XLIV

Verhouding van gratis leerlinge en gratis losies tot totaal in elke distrik²⁾

Distrik.	Gratis ... leerlinge.	Gratis losies- leerlinge.	Distrik.	Gratis leerlinge	Gratis losies- leerlinge.
Bethal.	38.2%	18 %	Potchefstroom	34.5%	11.3%
Bloemhof.	58.8%	33.7%	Pretoria.	28.8%	11 %
Carolina.	22.6%	15.7%	Rustenburg.	27.4%	18 %
Ermelo.	26.4%	21.5%	Standerton.	25.2%	15.7%
Heidelberg.	52.2%	3.1%	Swazieland.	13.2%	0 %
Krugersdorp.	35.6%	3.1%	Utrecht.	27.4%	22 %
Lichtenburg.	37.3%	25.6%	Vryheid.	46.3%	30.1%
Lydenburg.	23 %	7.4%	Wakkerstroom.	45.7%	23.3%
Marico.	37.8%	24.2%	Waterberg.	19.5%	11.3%
Middelburg.	33.2%	16.2%	Wolmaransstad.	52.1%	30.1%
Piet Retief.	28.4%	20.8%	Zoutpansberg.	36.6%	25.8%

Die bostaande tabel toon duidelik dat sommige distrikte deur groter armoede geteister was as ander. Veral die distrik Bloemhof, wat bo-aan die lys staan, het dikwels versoeke tot die Volksraad gerig met die strekking dat meer gedoen moes word vir noodleniging in daardie distrik.

Na aanleiding van memories en versoeke wat in 1898 deur die Volksraad behandel is, o.a. met die doel om die kosgelde vir onvermoëndes verder verhoog te kry, het die voorsitter hom soos volg oor die saak uitgelaat: „Er ontstond langzamerhand een geest om den Staat geheelenal voor de kinderen te laten zorgen onder beschutting van het woord ‚arm‘. Indien men hieraan ging toegeven, zoude het volk geheelenal gedemoraliseerd worden, want wanneer dan een burger £5 had liggen zoude hij er nog geen 5s.

voor opvoeding van zijn kind van af wil geven, doch deze aan de

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 18.

2. Ibid.

Regeering gaat vragen. De kinderen behooren toch aan hunne ouders. Er moest op gelet worden dat wanneer de Regeering ondersteuning verleende, dit eene tegemoetkoming was. Er moest niet in alles geholpen worden, maar slechts naar de behoefte. Spreker geloofde niet dat er een land ter wereld was waar zoveel door den Staat voor de armen gedaan werd¹⁾.

Die voorsitter was seker beter as enigiemand anders in daardie tyd bevoeg om 'n opinie oor die saak uit te spreek, en sy woorde dui onomwonde daarop dat daar veel misbruik gemaak is van die staat se vrygewigheid. Die ouers het begin onbillike en onregverdige eise aan die regering stel, omdat hulle geleer het dat hulle met 'n vrygewige regering te doen het¹⁾. Hierdie verskynsel kry ons trouens vandag²⁾ nog baie op die platteland wanneer aansoeke om losiesbeurse gedoen word.

Die voorsiening van losiesgelde aan behoeftiges op die platteland waar ouers vanweë die lang afstande na die naaste skool moeilik gevind het om hulle kinders op skool te kry, het in 'n diepgevoelde behoefte voorsien. Die feit dat so baie bedrog plaasgevind het en misbruik gemaak is van die stelsel, het dit in 'n slegte lig gestel, maar met die nodige strenger optrede teenoor oortreders kon dit veel goeie vrugte afwerp.

j. Die ouër se bydrae tot die onderwys.

(1) Traagheid by sommige ouers om vir onderwys te betaal.

Die feit dat die ouers onder die Du Toit-wet geldelik so min bygedra het tot die onderwys en opvoeding van hulle kinders, het die Volksraadslede, inspekteurs van onderwys en veral vir dr. Mansvelt dwars in die krop gesteek.

Toe die Volksraad in 1889³⁾ besluit het om die subsidie per kind van 7/6 tot 10/10 per maand te verhoog om sodoende die onderwys te bevorder, het die Raad verwag dat die ouers hierdie voorbeeld sou volg, maar die uitwerking was die omgekeerde. In-

1. E.V.R.N., art. 269/1898.

2. 1955.

3. V.R.B., 11 Junie 1889, art. 395.

spekteur C. G. de Jonge het na aanleiding van die ouers se swak reaksie op die verhoging gesê : „.....en toen de Reggering de subsidie verhoogde hebben zij zich toen ook meer opofferings (geldelijke zoowel als anderzins) getroost, en daardoor meer belangstelling getoont ? In geene deele. Er zijn schoolcommissies en onderwijzers, die gedacht hebben : „wel, nu betaalt ons Gou-vernement ook voor ons ! en die niets meer doen“¹⁾.

In die onderwysverslag oor die jaar 1891 merk dr. Mansvelt op „dat het mij getroffen heeft, hoe betrekkelijk weinig in 't algemeen door de bewoners dezen Republiek voor 't onderwijs gedaan word tegenover de groote som geld jaarlijks door de Re-geering voor het onderwijs uitgegeven“²⁾. Ook op sy reis deur die Z.A.R., kort na sy diensaanvaarding, was die onwilligheid van die vermoënde ouers om skoolgeld te betaal ³⁾ iets wat hom opgeval en gehinder het.

Met die opstelling van sy onderwyswet, Wet no. 8 van 1892, het hy doelbewus gepoog om die ouers meer te laat bydra tot die onderwys en opvoeding van hulle kinders. Daarom het hy bepaal dat subsidies aan die einde van elke kwartaal betaal sou word, bereken volgens die totale bedrag aan skoolgelde plus vrywillige bydraes gedurende die kwartaal betaal⁴⁾. Hy wou dus seker maak dat die ouers oers hulle deel bydra alvorens die regering sy deel betaal.

Dr. Mansvelt het telkens wanneer daar behoefte was aan meer geld vir die onderwys, die Volksraad versoek om dit beskikbaar te stel ; hy was nie suinig om geld aan die verbetering van die onderwys te bestee nie maar altyd onder die uitdruklike voorwaarde dat die ouers ook hulle deel moes doen.

Die ouers wat vroeër maar laks was en gewoon was om min of geen skoolgeld te betaal nie, was aanvanklik maar bra on-

1. R. 4657a/1891.

2. Onderwysverslag oor die jaar 1891.

3. Ibid.

4. Wet no. 8 van 1892, artt. 3 en 17.

willig om onder die nuwe wet by te dra, dog mettert tyd het verbetering ingetree. Om hierdie rede vind ons dan ook 'n skerp daling in die aantal leerlinge op skool kort nadat die Mansvelt wet in werking getree het, dog daarna was daar weer 'n geleidelike styging¹).

In 1893 het dr. Mansvelt na aanleiding van die laksheid van sommige ouers om te betaal, in die Volksraad daarop gewys dat daar twee weë oop is, naamlik óf om die beginsel te handhaaf dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys en opvoeding van hulle kinders en dat die regering die onderwys subsidieer óf om staatsonderwys in te voer²). Hy wou graag die beginsel soos in sy wet beliggaam, handhaaf, en daarom het hy gevra dat subsidies verhoog moes word, veral vir die plattelandse bevolking³). In 1895 is dieselfde probleem weer in die Volksraad bespreek⁴).

Ook die voorsitter van die V.V.O.O.Z.A.⁵) het in 1895 verklaar dat die reg van opvoeding by die ouers tuis hoort, „doch wij hebbe ook te rekenen met het praktische leven. Vele ouders verzaken hunne roeping“⁶).

Ds. P. Postma van die Gereformeerde Kerk in Transvaal het by geleentheid van die opening van die eerste algemene vergadering van die V.V.O.O.Z.A. op 16 April 1895 verklaar dat daar by die ouers gebrek aan belangstelling in die onderwys bestaan, en „als de ouders zoo onverschillig bleven zou men komen op het punt van Staatscholen“⁷).

In sy onderwysverslag oor die jaar 1895⁸) het die Superintendent van Onderwys weer eens verklaar dat privaat inisiatief en die ouer se geldelike bydrae tot die onderwys nie meer tred

1. Kyk tabel XV op bl. 146 hierbo.

2. E.V.R.N., 5 Aug. 1893.

3. V.R.N., 31 Mei 1894, artt. 31 en 39.

4. V.R.N., 22 Mei 1895, art. 153.

5. R.D.Collins.

6. V.V.O.O.Z.A.:Notuleboek, 1895, 135.

7. Ibid.

De Volksstem, 16 April, 1895.

8. Onderwysverslag oor die jaar 1895, 18.

hou met die hoër eise van die tyd nie. Hy verklaar ook verder dat dit vir hom na die Jameson-inval 'n groot vraag is of mens „ter wille van een beginsel, hoe goed en loffelijk ook in 't afgetrokkene, zich aan het gevaar mag blootstellen alles te verliezen door te veel aan ‚particulier inisiatief‘ over te laten“.

Volgens die bogenoemde uitsprake van verskillende opvoedkundiges en persone wat baie belang gestel het in die onderwys en opvoeding van die jeug van die Z.A.R., blyk dit duidelik dat al die ouers nie altyd hulle plig gedoen het teenoor die opvoeding van hulle kinders nie. Waar die ouer sy plig teenoor sy kind se opvoeding nie na behore nakom nie, kan en moet die staat ingryp en help, omdat hy ook 'n plig teenoor elkeen van sy onderdane het en moet toesien dat elkeen ten minste die minimum skoolonderwys kry. Om daardie rede was die staat dan geregverdig om maar steeds meer geld vir die onderwys te stem.

Die oprigting van skoolgeboue was ook die ouers se verantwoordelikheid, maar ook dit het veel te wense oorgelaat. Dit het die V.V.O.O.Z.A. genoodsaak om in 1895 in sy versoekskrif aan die regering aan te dring op „krachtige hulp tot het oprichten van scholen en onderwijzerswoningen. . en schoolgebouwen door schuld gedrukt“ en vervolg dan „ofschoon wij ook het beginsel hoog houden, doch het recht der opvoeding bij de ouders berust en dus zij ook de eersten moeten zijn bij de oprichting van schoolgebouwen - eischen de tijdsomstandighede naar onze mening dat U.Ed.Regeering vooreerst zelf scholen bouwe“¹).

In 'n referaat wat C. Naude voor die tweede algemene vergadering van die V.V.O.O.Z.A. in 1896 gehou het²) oor „De licht- en schaduwzijde van het onderwijs“, het hy ook gekla oor die ouers se pligsversuim ten opsigte van die onderwys.

In 1898 moes elke inspekteur van onderwys 'n jaarrapport oor sy werk opstel aan die hand van 'n aantal vrae wat deur

1. V.V.O.O.Z.A. :Notuleboek, 1895; 2de punt in versoekskrif op 15 Des. 1895 aan die regering gestuur.
2. V.V.O.O.Z.A. :Notuleboek: 1895.

die Superintendent van Onderwys voorgeskryf is. Daaruit is dit ook duidelik dat sekere ouers nie hulle plig gedoen het nie. „In 't algemeen echter hield die verbetering van die localiteit geen gelijken tred met die grootere geldelike opofferings, die die Staat zich heeft willen getroosten, en werd in de buitenwijken van 't aanbod in den vorm van hout en ijzer, maar weinig gebruik gemaakt“- so skrywe J. L. Moerdijk in 1893¹). Inspekteur H. Visscher het ook gekla oor die gebrek aan ondersteuning van die kant van die ouers en wys daarop dat die rykste en gewilligste moes help en „op een manier“ moes sorg vir 'n onderwyserswoning²).

Dit ly geen twyfel dat daar in die Z.A.R. baie ouers was wat onwillig was om hulle hand diep in die sak te steek ter wille van die opvoeding nie. Hulle het hulle van die onderwys teruggetrek en dit gerieflikheidshalwe op die staat afgeskuif as dié dan gewillig was om te help.

(2) Sommige ouers was tevrede met min onderwys.

Ons moet steeds in gedagte hou dat die meeste ouers in die Z.A.R. self min skoolonderrig gehad het en dus ook tevrede was met min onderwys vir hulle kinders. Sommiges het gereken dat 'n paar maande heeltemal voldoende was³). Selfs die Staatspresident het in 1891⁴) verklaar dat hy „het voor de menschen wenschelijker beschouwde dat ze hunne kinderen zoover lieten leeren, dat ze een beetje schrijven, lezen en rekenen kenden en voldoende Godsdienst-onderwijs genoten“. Wanneer onderwysers bekwaam genoeg is om kinders in godsdiens te onderrig en aan hulle lees, skrywe en rekene tot by standerd 3 kan gee, dan is hierdie onderwys vir die arm bevolking voldoende, aldus die Staatspresident⁵).

Inspekteur J. Nieuwenhuize het nog in 1898 verklaar:

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 92.

2. Ibid., 105.

3. Ibid., 1893, 3.

4. E.V.R.N., Mei 1891.

5. E.V.R.N., 15 Mei 1891, art. 61.

„Toch geloof ik dat er noch wel 25 pct. der ouders het onderwijs van den ouden tijd met zijn „Trap der Jeugd“, Kindervragen en hardop-leeren voor het ware houdt en nog tevreden is, als de kinderen maar door de „aanneming“ komen¹⁾. Die woorde van die President en die bevinding van die inspekteur staaf dus die bewering, dat sommige ouers nie juis meer as 'n paar maande of uiters 'n paar jaar onderwys vir hulle kinders begeer het nie, en wanneer hulle redelik hoë skoolgeld vir die kinders moes betaal, sou dit soveel te meer rede wees om hulle die minimum tyd in die skool te laat deurbring.

(3) Die onvermoë van ouers om te betaal.

Die groot armoede wat deurgaans in die Z.A.R. geheers het²⁾, weens verskillende en wisselende faktore, het baie ouers dikwels genoodsaak om hulle kinders vroeg uit die skool te neem omdat hulle nie langer in staat was om die skoolgelde te betaal nie. Talle briewe met inhoud van hierdie aard is voortdurend deur die Superintendent van Onderwys en die Staatssekretaris ontvang³⁾.

Omdat dr. Mansvelt aanvanklik gekant was teen die groot aantal gratis leerlinge in sy voorganger se tyd, het hy geen direkte geldelike voorsiening vir gratis leerlinge in sy onderwyswet gemaak nie⁴⁾. Hy en die Volksraad was egter genoodsaak om kort daarna voorsiening te maak vir werklik behoeftige leerlinge, waarvan daar in die Republiek baie was. Aan die onderwys van gratis leerlinge is in 1893 £289 bestee, terwyl die bedrag in 1898 gestyg het tot ongeveer £40,700⁵⁾.

Vir die kinders wat nie naby skole gewoon het nie en wie se ouers weens armoede nie losiesgelde vir hulle kon betaal nie sodat hulle sonder die voorreg van onderwys moes klaarkom, het die Volksraad in 1896 ook voorsiening gemaak met die daargestelling van gratis losiesgelde vir behoeftiges⁶⁾.

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 133.

2. Kyk o.a. bl. 238 e.v. hierbo.

3. C.a. by Staatsekr., inkomende stukke, R.-nommers, by O.D. Portefeuljes 1 - 116 : Inkomende stukke, Minutes.

4. Wet no. 8 van 1892, artt. 17 en 18.

5. Kyk tabel XLIII op bl. 242 hierbo.

6. Supplement-Schoolgids, 1896, 9. Ook Wet 14/1896, artt. 10 en 11.

Die Superintendent en die Volksraad het veel gedoen om die kinders van behoeftige ouers wat graag hulle kinders wou laat skoolgaan maar nie oor die nodige middele beskik het nie, te help.

(4) Gewillige bydraers.

Nadat ons aangetoon het dat daar in die Z.A.R. onder die ouers diegene was wat (a) onverskillig gestaan het teenoor die onderwys en opvoeding van hulle kinders en wat kon betaal maar nie wou betaal;

(b) tevrede was met uiters 'n paar maande of 'n paar jaar onderwys vir hulle kinders en

(c) graag hulle kinders wou laat leer maar weens gebrek aan die nodige middele nie die vereiste gelde kon betaal nie, kom ons nou by die groot groep ouers wat wou betaal en kon betaal het. Al was hierdie groep aanvanklik, na die toepassing van die Mansveltwet, traag om te betaal omdat hulle as 't ware bederf was deur die staat, wat hoofsaaklik vir die onderwys betaal het, het hulle tog gou daaraan gewoond geraak en hulle deel bygedra.

Uit die ouerbydraes, aangevul deur die regeringssubsidie, moes die onderwysers se salaris betaal word, moes skoolgeboue en onderwyserswonings opgerig en in stand gehou word, moes die nodige meubels en skoolbehoeftes aangekoop word. In die tweede helfte van die negentiger jare het die staat meer daadwerklike hulp verleen met die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings en die aankoop van skoolmeubels, maar die ouers moes nog steeds hulle deel ook bydra. Van hierdie hulp wat die regering aangebied het, is in baie gevalle gretige gebruik gemaak, wat die onderwys ten goede gekom het.

Die volgende gegewens toon duidelik dat die ouers hulle geldelike verpligtinge teenoor die onderwys en opvoeding van hulle kinders wel deeglik nagekom het en nie alles van die staat verwag

het nie. Sekere dienste wat die ouers aan die onderwys gelewer het, is nie hierby inbegrepe nie. By die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings het die ouers gewoonlik self die boumateriaal verskaf, met die uitsondering van die hout, sink en venters, en al die werk aan die oprigting van die gebou self gedoen. Bereken in terme van geld, sou dit nog 'n verdere bydrae van die ouers aan die onderwys verteenwoordig.

Tabel XLV.

Gemiddelde ouer- en staatsbydrae per leerling¹⁾.

Jaar.	Leerlinge in gesubs. skole ²⁾ .	Ouer- bydrae.	Gem. per kind.	Staatsbydrae aan gesubs. skole.	Gem. per kind.
1893	5,909	£15,845	£2.13. 8	£26,916	£4.11. 2.
1894	6,626	15,925	2. 8. 1	31,261	4.14. 4.
1895	7,217	16,524	2. 5. 9	39,813	5.10. 4.
1896	7,738	18,413	2. 7. 4	44,548	5.15. 2.
1897	10,777	19,724	1.16. 7	65,656	6. 1.10.
1898	15,561	20,567	1.10. 4	90,936	6.14. 1.

Uit hierdie tabel blyk dat die ouerbydraes in 1893 en 1894 meer as die helfte van die staatsuitgawes aan gesubsidieerde onderwys uitgemaak het en dat dit geleidelik verminder het namate die regering met 'n vrygewiger hand uit 'n steeds ryker wordende staatskas bygedra het. Die ouers het dus deurgaans 'n groot deel van die geldelike uitgawes aan onderwys help dra. By die berekening van die gemiddelde bydrae per kind per jaar deur die ouers is die gratis leerlinge nie afgetrek nie, aangesien die werklike aantal nie altyd vasgestel kan word nie. Word hulle afgetrek, dan sal die gemiddelde ouerbydrae veel hoër wees as dié wat aangegee is, In 1898 was 37.2% van alle leerlinge in gesubsidieerde skole byvoorbeeld gratis leerlinge³⁾.

1. Gegewens saamgestel uit onderwysverslae en Staatsalmanakke vir die betrokke jare.
2. Gratis leerlinge is hierby inbegrepe en nie afgetrek nie.
3. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 18.

Die gemiddelde bydrae per kind van die ouers van Engelse skole onder die „Council of Education” oor die halfjaar wat geëindig het op 30 junie 1897, was 14/5 of £1. 8. 5 per kind per jaar- dus heelwat laer as die gemiddelde ouerbydrae per kind onder die Mansveltwet vir Boerekinders.

Waar daar in die Volksraadsdebatte en in inspeksierapporte gewag gemaak is van die swak geldelike bydrae van ouers, is die goeie ondersteuning van talle ouers baie selde genoem. Misken is te dikwels gelet op die slegte sonder om die goeie wat gedoen is, raak te sien en te waardeer. Weliswaar het sommige inspekteurs van onderwys in hulle jaarrapporte van 1898 geskrywe dat die geboue en gehalte van die skoolmeubels geleidelike verbetering getoon het¹).

Samevattend kan ons sê dat hoewel daar onder die ouers diegene was wat laks was om te betaal vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders, daar ook weer aan die ander kant 'n groot groep was wat gewilliglik hulle deel bygedra het. Hierdie laaste groep was verreweg die grootste. Ook was daar onder hulle diegene wat telkens probeer misbruik maak het van die beskikbare geld wat vir die armes bestem was, soos byvoorbeeld gratis losiesgelde, sodat die maatreëls ter verkryging daarvan voortdurend verskerp moes word om te waak teen misbruike en wanpraktyke.

4. Onderwys tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Nog voordat die oorlog uitbreek het, is reeds aandag gegee aan die kwessie van wat met skole en onderwysers sou gebeur sodra daar oorlog uitbreek. Op 28 September 1899²) skrywe dr. Mansvelt aan die Hoofinspekteur van Kantore dat hy van oordeel is dat die skole so lank moontlik moet oop bly, sodat die kinders in die skool besig gehou kon word en nie die moeders tuis onder die moeilike omstandighede te veel sou lastig val nie; dat

1. Onderwysvers. oor die jaar 1898: o.a. J.L. Moerdijk, 92; J. Nieuwenhuize, 119-141; T.C. Stoffberg, 148; H. Moora, 150-165.

2. By R. 128/99.

die betaling van gedeeltes van subsidies prakties onmoontlik was vanweë die tekort aan personeel by die Hoofkantoor om dit te bereken. Hy stel verder voor dat aan alle onderwysers en onderwysses wat voortgaan met gereelde onderwys of landsdiens van die een of ander aard verrig, 'n vaste toelae per maand in plaas van subsidie moet betaal word, volgens die volgende skaal:

a. Hoofde van skole:

- a) getroud £15 per maand.
- b) ongetroud £ 7.10.0 per maand.

b. Assistente:

- a) getroud £12.10 per maand.
- b) ongetroud £ 6 per maand.
- c) kwekelinge £ 3 per maand.

Volgens 'n konfidiensiële Uitvoerende Raadsbesluit¹⁾ is 'n kommissie aangestel met die opdrag om voorstelle te maak insake die tydelike inhouding en reëling van salarisse van amptenare ingeval oorlog uitbreek. Die kommissie het aanbeveel:

- a. dat die salarisse van amptenare soos volg verminder word vanaf 1 Oktober 1899:

Van	£100 tot en met	£200 word 10%	agtergehou.
Bo	200 tot en met	400 word 15%	agtergehou.
Bo	400 tot en met	700 word 20%	agtergehou.
Bo	700 tot en met	1000 word 25%	agtergehou.
Bo	1000 tot en met	2000 word 33 1/3%	agtergehou.
Bo	2000 word	45%	agtergehou ²⁾ .

- b. dat met betrekking tot onkoste aan opvoeding en onderwys word aan die hand gedoen om die skole wat deur die regering gesubsidieer is, tydelik te sluit, waardeur subsidies sou ophou. Toelae vir hout en sink vir die bou van skole word gestaak. Salarisse van onderwysers in staatskole sou volgens die skaal vir staatsamptenare betaal word.

Op 3 Oktober 1899 is kennis gegee dat vanaf 10 Oktober alle gesubsidieerde en staatskole sal sluit³⁾. Gesubsidieerde on-

1. Konfidiensiële U.R.B., 22 Sept. 1899: by R.128/99.

2. Ibid., 6 Okt. 1899, art. 922, by R.128/99.

3. Kyk by R.128/99. Tog het hulle in baie gevalle bly voortwerk.

derwysers en onderwyseresse en kwekelinge wat op een of ander wyse in diens van die staat was¹⁾, sou 'n vaste maandelikse toelae betaal word, volgens 'n vasgestelde skaal:

a. Hoofde.

a)Getroud	£10	per maand.
b)Ongetroud	5	

b. Assistente.

a)Getroud	£ 7.10	per maand.
b)Ongetroud	4	
c)Kwekelinge	2	

Weens die land se swak finansiële posisie is kort daarna besluit om die skaal te wysig met terugwerkende aard vanaf 1 Oktober 1899²⁾:

Bo	£60	tot en met	£100	word	10%	agtergehou,
van	100	tot en met	200	word	15%	agtergehou

en verder met 5% ekstra vir elke addisionele £100, tot £1000 en dan

bo	£1200	tot en met	£1500	word	65%	agtergehou,
bo	1500	tot en met	2000	word	70%	agtergehou,
bo	2000	tot en met	3000	word	75%	agtergehou,
bo	3000			word	80%	agtergehou.

Hierdie besluite het die onderwysers(-esse) en die onderwys in 'n moeilike posisie geplaas daar geen besluite in verband met skoolgelde geneem is nie. Die meeste skoolkommissielede was op oorlogsdienste, en manlike inwoners tussen 16 en 60 jaar is opgekommandeer sodat slegs hier en daar nog skole aan die gang was.

In Maart 1900 was daar van die sowat 20 amptenare van die Departement van Onderwys nog net 2 permanente personeellede oor³⁾.

In opdrag van die regering het dr. Mansvelt op sy pos gebly totdat die Engelse hom weggestuur het⁴⁾. Met sy vertrek het die finansiële verpligtinge van die Z.A.R. ten opsigte van die onderwys en opvoeding opgehou en sou dit later deur die Engelse gesagvoerders oorgeneem word.

1. Die onderwysers(-esse) wat vir toelae in aanmerking wou kom, moes 'n verklaring deur 'n landdros, vrederegter, veldkornet of ass.-veldkornet onderteken, aan die Dept. v. Ond. stuur. Daarbenewens was hulle verplig om te sê of hulle onderwys gegee het, op kommando was of op enige wyse in diens van die regering was.
2. Konfidensiële U.R.B., 12.10.1899, art. 936, by R. 128/99.
3. O.D. 286, bl. 782: Supt. v. Ond. - Veldkornet dorp Pretoria, 8.3.1900.
4. L.A. 827: Nieuwe Rotterdamsche Courant, 12 Sept. 1900.

e Samevatting.

Dr. Mansvelt se doel met die onderwys in die Republiek was om voort te bou op die algemene beginsels wat deur ds. Du Toit neergelê is, maar ook om die noodsaaklike verbeteringe daarin aan te bring om die onderwys op 'n stelselmatige wyse te organiseer, te administreer, te kontroleer en te finansier.

Hy was nie tevrede met sy voorganger se subsidiestelsel nie, omdat dit in die praktyk geblyk het dat die staat te veel en die ouers te min vir die onderwys betaal het, en daarom het sy onderwyswet bepaal dat die regering geldelike steun aan die onderwys sou verleen in 'n vaste verhouding tot die totale bedrag aan skoolgelde wat deur elke skoolkommissie ingesamel is. Hierdeur moes die ouers hulle hande veel dieper in die sak steek as onder die Du Toit-wet. Die voordeel hiervan was dat die ouer deur daadwerklike bydrae tot die onderwys van sy kind meer belang in die onderwys sou stel, teenoor die nadeel daarvan dat die kinders van diegene wat onwillig was om skoolgelde te betaal, van die vcorreg van onderwys weerhou is.

Mansvelt was gekant teen die groot staatsuitgawes aan gratis leerlinge onder sy voorganger en het dit afgeskaf, maar hy was genoodsaak om dit kort daarna weer in te stel weens die groot armoede wat daar in die Republiek geheers het.

Deurdat subsidies aan skole uitbetaal is eers nadat die state van skoolbesture ontvang is waarop die ontvangte skoolgelde aangetoon is, het hy seker gemaak dat die ouers wel hulle verpligtinge nagekom het voordat die subsidie aan hulle betaal is. Sy kontrole was deeglik. Op dié wyse is verkwisting en ongeoorloofde uitgawes bestry.

Die onderwysers en skoolbesture is deur middel van die Schoolgids, 'n publikasie deur dr. Mansvelt self versorg, op hoogte gehou van onderwysaangeleenthede, en daarin is ook

volledige voorskrifte en praktiese wenke gegee in verband met die invul van state, die byhou van registers en die berekening van die verskillende soorte van subsidies. Deur middel van geldelike hulp is baie gedoen om beter gekwalifiseerde onderwysers in diens te neem, om meer en doeltreffender skoolgeboue, skoolboeke en skryfbehoeftes binne die bereik van skoolkommissies te bring. As gevolg van die aanstelling van meer inspekteurs is die onderwyspeil verhoog, is foute en tekortkominge opgespoor en verwyder, is deegliker kontrole oor leerlinge in skole en skoolsubsidies uitgeoefen en is 'n wakende oog oor die onderwys in die algemeen gehou. Dit het gesonde ekonomie in die onderwys bevorder.

Dr. Mansvelt het spesiale middele tot die beskikking van die nie-Hollandssprekendes in die Republiek gestel, mits hulle 'n vasgestelde minimum tyd aan die onderrig van die Hollandse taal sou gee. Met die instelling van staatskole op die goudvelde is ruimer geldelike voorsiening vir die onderwys van Uitlanders gemaak as vir dié van die Boerebevolking self, want laasgenoemde moes skoolgelde betaal om subsidie te verkry terwyl die staatskole deur die regering onderhou is. Die Uitlanders was egter gekant teen die onderrig van Hollands en het veral aan die Rand nie die beste gebruik van die „Besluitskole” en staatskole gemaak nie, sodat die „Council of Education” gestig is met die doel om onderrig deur middel van Engels aan die kinders van die Engelse te voorsien. Die „Council” het egter nie te veel tot stand kon bring nie weens die gebrek aan die nodige geld.

Ruim geldelike voorsiening is ook gemaak vir die daargestelling van staatskole vir middelbare en hoër onderwys in die Republiek. Daar is ook voorsiening gemaak vir die nodige staats-tehuise by hierdie tipes van skole.

Aansienlike bedrae is bestee aan gratis leerlinge in die gesubsidieerde skole in die Republiek asook buitensporige hoë

bedrae aan losiesgelde, waardeur aansienlik meer minderbevoordegte kinders, wat van die voorreg van onderwys weens armoede uitgesluit was, dit nou ook kon benut. Redelik bemiddelde en gegoedemense het egter misbruik gemaak van hierdie voorregte, wat nie vir hulle bedoel was nie.

Die behaalde resultate was egter teen 1898 nog nie in ooreenstemming met die geld wat bestee is nie, daar sowat 56% van die leerlinge wat in 1898 in die Z.A.R. op skool was, in standerd 1 was, terwyl slegs 0.3% in standerd 6 was¹). Die persentasie leerlinge wat middelbare onderwys geniet het, was 6.2% teenoor 93.8% wat laer onderwys geniet het²). Van die 20,477 leerlinge wat in 1898 geïnspekteer is, het slegs 4299 (of nagenoeg 21%) geslaag³). Hoewel die laasgenoemde gegewens dui op 'n swak toestand op onderwysgebied, geoordeel volgens huidige standaarde, en dit dus wil voorkom asof die dividend op die geld wat in die onderwys van die Republiek belê is, maar laag was, moet ons egter in gedagte hou dat die onderwyser en die leer-middele van daardie tyd nog maar swak was, dat die inspekteurs hoë standaarde gestel het vir oorplasing, dat baie ouers nog die mening toegedaan was dat 'n paar jaar skoolopleiding vir hulle kinders voldoende was. Vergelyk ons egter daardie gegewens soos dit was teen die einde van die Mansveltperiode met die toestand soos dit was toe Du Toit begin het of selfs toe Mansvelt begin het, dan was daar groot vooruitgang en dit is per slot van sake van die meeste belang.

Dr. Mansvelt het deur middel van sy onderwyswetgewing en -beleid daarin geslaag om die administrasie van die onderwys op 'n gesonde , praktiese grondslag te bring ; die geldelike sake is goed beheer en gekontroleer, misbruike is geheel en al uitgeskakel of verminder, terwyl daar oor die algemeen meer geld

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 16.

2. Ibid.

3. Volgens tabel XXXVIII op bl.226 hierbo.

beskikbaar gestel was vir die onderwys, waar dit ook al nodig was. 'n Hegte grondslag is gelê vir die verdere uitbouing van die onderwys, maar die oorlog het verdere ontwikkeling beëindig.

Deur dr. Mansvelt se verbeterde organisasie en beheer het hy die nuwe wet uitgevoer en die onderwys in so 'n mate bevorder dat aan die Republiek in 1900 op die wêreldtentoonstelling in Parys die „Grand Prix" toegeken is vir sowel middelbare as laer onderwys.
